# Vrye Weekblad

23 November 1990 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



# 'n Riller ontvou

# 'Laat wit stadsrade en civics saam regeer'

**Die Civic Association of the Southern Transvaal (Cast), het verlede Saterdag optogte deur verskeie voorstede in en om Johannesburg gereël. Die optog in Johannesburg het op geweld uitgeloop, en die organisasie is sterk gekritiseer daaroor. AUDREY BROWN gesels met Cas Coovadia, uitvoerende raadslid van Cast**

**DAAR word gesê dit is nie nou meer nodig vir mense om optogte te hou nie omdat daar ander maniere is om griewe onder die aandag van die owerhede te bring -metodes wat nie konflik aanmoedig nie. Wat is jou kommentaar hierop?**

Ons het nog altyd gemeen dat onderhandelinge 'n terrein van stryd is. En dit sluit massastryd in. As 'n mens kyk na die partye wat onderhandel, sien jy dat die regering alles tot sy beskikking het. Hulle het die weermag, die polisie en die media. Die ANC, daarenteen, het net die eenheid en organisasie van die meerderheid van ons mense. En die 'talks about talks' het nog niks vir mense in die townships in die sak gebring nie. Trouens, die klimaat van onderhandelinge het nog nie demokratiese, nie-rassige strukture daargestel vir mense om hul griewe uit te spreek nie.

**Maar is dit noodsaaklik om 'n optog te hou wanneer 'n mens afvaardigings, met 'n mandaat van die mense, van verskillende townships kan stuur om die owerhede te gaan spreek?**



Cas Coovadla
*(Foto: Elmond Tiyane - Dynamic Images)*

Hoewel onderhandelings op plaaslike vlak plaasvind, is dit noodsaaklik om optogte te hou. Ons meen die plaaslike en streeksamptenare is besig om die wortel-en-stok-metode te gebruik. Hulle identifiseer die swakker civics en dwing hulle dan om aan halfgebakte onderhandelings deel te neem.

**Kan jy meer spesifiek wees?**

Kyk na Thokoza waar die ligte voortdurend aan en af geskakel word. Die plaaslike owerhede probeer om hoë tariewe vir dienste op die civic af te dwing. Hulle dreig as daar nie 'n verdrag bereik word nie, sal die ligte weer afgeskakel word. Dit lyk of dié onderhandelinge skade gaan ly weens dié houding van die owerhede.

**Daar is 'n gevoel dat die ANC reeds drie van sy troefkaarte gespeel het - sanksies, isolasie en die gewapende stryd. Nou word daar gemeen dat massa-mobilisasie die laaste troef is. Stem jy saam?**

Ek kan nie namens die ANC praat nie, maar in ons organisasie sien ons nie massa-stryd as die laaste troef nie. Ons sien massa-stryd as 'n manier waardeur mense op grassroots-vlak betrokke kan wees by onderhandelinge vir verandering in die land. Die mense meen nie onderhandelinge op nasionale vlak verbeter hul daaglikse lewens nie.

**Maar hoe groot was die optogte, dit lyk nie of baie mense in Johannesburg opgedaag het nie?**

Die mense in Germiston sê daar was ongeveer 70 000 mense by hulle optog. In Johannesburg was daar tussen 5 000 en 6 000 mense, maar ons is vertel dat die polisie duisende mense van Soweto en Alexandra voorgekeer en verbied het om die stad binne te kom. Dieselfde het aan die Wes-Rand gebeur. Ons het 100 000 mense verwag.

**Bedoel jy werklik dat die polisie 94 000 mense weggekeer het? Daar was beslis nie só 'n groot polisie-teenwoordigheid in Johannesburg nie?**

Ek kan nie daarop kommentaar lewer nie. Wat ek wel kan sê, is dat ons 'n helse klomp mense vir die optog georganiseer het. Maar ons twyfel nie dat ons duisende mense kan mobiliseer op sleutel-vraagstukke nie.

**Waarom het julle die optogte gereël?**

Ons het drie eise - ons wil hê al die raadslede moet bedank. Tweedens wil ons hê dat die water- en elektrisiteitsdienste herstel word in townships waar dié dienste tans nie verskaf word nie. En derdens wou ons vordering sien oor die kwessie van enkele-belastingsbasis.

**Julle eis dat die huidige raadslede bedank. Wat stel julle in hul plek voor?**

Daar is gebiede waar dit reeds gebeur het. Dit is die geval in Tumahole in Parys, waar 'n administrateur aangestel is. Daarmee het ons geen probleme nie. Wat ons as 'n tussentydse plan kan doen, is om die wit stadsrade en die civics saam te bring om 'n komitee te stig wat die townships kan administreer.

# Toereken-baarheid word begrawe

TOEREKENBAARHEID, daardie sentrale konsep wanneer kommissies aangestel word om beweerde vergrype van die staat te ondersoek, gaan môre in Kaapstad begrawe word.

Die Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes (VGOM) gaan 'n "begrafnis-optog" deur die middestad hou. Daar sal 'n doodskis byderhand wees en al die deelnemers gaan swart klere of roubande om hul arms dra.

"Ons sal nie rus voordat ons voel dat politieke verantwoordelikheid en aanspreeklikheid aanvaar is vir die wandade van moordbendes nie," het 'n VGOM-woordvoerder dié week gesê. Die Veldtog, met 'n hoofsaaklik Afrikaanse ledetal in die Wes-Kaap, het 'n derde ope brief in die verband aan pres FW de Klerk gestuur het.

In hul skrywe aan De Klerk eis die veldtog in die lig van hul teleurstelling met die Harms-verslag 'n deurtastende ondersoek na "alle beweerde politieke wandade, binnelands sowel as buitelands; die "onvoorwaardelike ontslag van genl Magnus Malan as minister van Verdediging of andersins 'n televisie-debat oor die omstrede onderwerp met De Klerk self.

'n Woordvoerder van die Veldtog, Barney Jordaan, 'n regsdosent aan die Universiteit van Stellenbosch, sê die beginsel van toerekenbaarheid is te belangrik "to let bygones be bygones".

Nog 'n regsdosent, prof Lourens du Plessis, sê buiten die talle teenstellings in die Harms-verslag, ontduik dit politieke implikasies deur middel van tegniese punte. Volgens hom is dit uit die verslag duidelik dat genl Malan politieke aanspreeklikheid vir die BSB moet aanvaar en daarom nie in sy pos kan aanbly nie.

"Maar bowenal is dit vir ons 'n morele kwessie," sê hy. "Dit is iets wat geen Suid-Afrikaner kan duld nie en is daarom 'n verenigende faktor oor politieke skeidslyne heen."

* 'n Oproep word op alle inwoners van die Wes-Kaap gedoen om in die naam van geregtigheid môre te kom saamstap. Die optog begin om 11 vm die oggend op die Parade (kasteelkant) en sal 'n roete oor Buitenkant-, Darling-, Adderley-, Waal-, en Langmarkstraat volg.

**- CHRISTELLE TERREBLANCHE**

# Moenie die boodskapper doodmaak nie, min Vlok

**IN die jongste aflewering van die debat tussen Jan van Eck, DP-LP vir Claremont en Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, reageer Van Eck as volg op Vlok se bydrae laasweek in Vrye Weekblad**

VEROORLOOF my enkele opmerkings in reaksie op min Vlok se hoogs emosionele aanval op my waarin hy beweer dat al my bewerings "verdraai", "skreiende wanvoorstellings" is en "aan die absurde grens".

* Terwyl my aantygings teen die optrede van sekere elemente binne die SAP gegrond is op eerstehandse inligting wat ek self bekom en/of waargeneem het, bevind min Vlok homself in die benarde posisie dat hy moet reken op tweede- en derdehandse inligting afkomstig van dieselfde polisiemanne en -vroue oor wie se optrede ek kla. Dit behoort vir enigiemand duidelik te wees dat hierdie polisiemanne hul nie vrywilliglik gaan inkrimineer by die Minister nie.

* Ek staan by my stelling dat "daar... op sistematiese vlak in Wes-Kaapland (binne die SAP) leuens versprei word van die hoogs moontlike vlak tot die laagste vlak," al sê min Vlok dat dié aantygings "vergesog" is. Hy sal goed onthou dat ek by talle geleenthede in die Parlement opgestaan het, met verwysing na antwoorde wat hy op vrae van my rakende die SAP verskaf het, en hom daarvan beskuldig dat die antwoorde wat aan hom verskaf is, leuens is. Hy is ook bewus daarvan dat daar lede van sy personeel is wat my kommer deel in dié verband.

* Wat die onlangse verlede betref, het ek dit in die onderhoud duidelik gemaak dat die verklaring deur die Wes-Kaaplandse Kommissaris van Polisie, genl Flip Fourie, dat ek op 2 November in Khayelitsha in hegtenis geneem is "omdat ek 'n skare van 100 mense toegespreek het", 'n blatante leuen was. Ek is te eniger tyd bereid om die waarheid, al dan nie van hierdie stelling in 'n hof te laat toets. Gebrek aan ruimte verhinder my om nog verdere voorbeelde van leuens aan te haal.

* Minister Vlok se bewering dat, afgesien van die swartmense wat my wel in die woonbuurtes wil hê, daar "net soveel en moontlik meer mense" is wat my nie daar wil hê nie, is toevallig(?) ook deur genl Fourie gemaak in 'n poging om sy besluit, dat ek toegang tot Ou Kruispad en Khayelitsha geweier word, te regverdig.

Die voorstel wat ek toe aan genl Fourie gemaak het, was dat ons 'n referendum in beide woonbuurte hou om te bepaal wie van ons die minste gewild is in daardie gebiede, en dat die een wat die referendum verloor, onderneem om nooit weer sy voete in die twee gebiede te sit nie. Die voorstel is tot vandag toe (om verstaanbare redes) nog nie deur genl Fourie opgeneem nie. Miskien het min Vlok meer moed?

Die minister se stelling dat SAP-optrede "slegs (daarop) gemik is om lewe en eiendom te beskerm" en "nie teen enige bepaalde (politieke) groep of organisasie nie" kan hy ook gerus maar aan 'n referendum in die twee woonbuurte onderwerp - as hy inderdaad daarin belangstel om te weet hoe die gemiddelde swartman en -vrou die polisie bejeën.

* Die minister se stelling dat ek "billik" moet wees en "nie net polisie-optredes (moet) kontrolleer nie", maar "ook werkloosheid, plakkery en ander sosio-ekonomiese toestande", toon 'n algehele gebrek aan kennis rakende my betrokkenheid in die swart gemeenskappe.

Dat ek egter my monitor-optredes toespits op die SAP, is waar en ek vra hoegenaamd nie daarvoor om verskoning nie. Ek doen dit omdat die grootskaalse gebruik van geweld deur sektore binne die SAP (en dan veral die SAP se operasionele- en onluseenhede) besig is om die klimaat wat nodig is vir die onderhandelingsproses in Suid-Afrika met koeëls, traangas, rubberkoeëls, knuppels, ens te vernietig.

Min Vlok sê ook dat my waarskuwing, dat sodanige voortgesette gewelddadige optrede teen die swart gemeenskappe daartoe lei dat meer en meer mense in die townships begin sê dat hulle hul maar weer tot die gewapende stryd moet wend, onverantwoordelik is.

"Don't try and kill the messenger," min Vlok. U behoort liewers daadwerklike stappe te doen om seker te maak dat daardie gewelddadige polisiemanne nie deur hulle optredes swartmense vir Umkhonto we Sizwe werf nie. Of kan die minister daardie lede van die mag nie beheer nie?

As minister Vlok beter ingelig was oor wat lede van die SAP regtig in Ou Kruispad en Khayelitsha - en terloops in swart woonbuurte dwarsdeur Suid-Afrika - aanvang, pleks daarvan om op twyfelagtige tweedehandse inligting te vertrou, sou hy twee keer dink voordat hy soveel onsinnighede in sy verklaring kwytraak.

# Werkers loop 120 km om te kla

**VYFTIEN werkers van die plaas "Misgund" in die Langkloof in Oos-Kaapland het Woensdagoggend vroeg ná 'n dispuut met die eienaar begin stap om regshulp te soek - 120 kilometer ver na die Black Sash se advieskantoor in Port Elizabeth.**

**Hulle het in gietende reën begin stap. Drie vroue en drie kinders wat by hulle was, het die nag op 'n plaas oornag.**

**Die werkers het intussen na hul tuiste naby Hofmeyr teruggekeer, maar niks is nog van die vroue en die kinders gehoor nie.**

**Die moeë mans het Donderdagoggend om tienuur in Port Elizabeth aangekom nadat die boer hulle terug na die boorde beveel het sonder dat hulle enigiets gekry het om te eet.**

**Hulle was ook ontevrede met hul lone. Hulle het R8 per dag gekry, maar aan die einde van die week is R10 vir kos afgetrek en nog R15 vir die huur van matrasse waarop hulle moes slaap.**

**Hulle sê hulle is gekul met hul kontrakte, omdat oorspronklik aan hulle gesê is dat hulle na die Boland sou gaan.**

**- PEN**

# Regering is oneerlik, sê Modise

"DIE regering tree doelbewus in kwade trou op en is oneerlik in sy onderhandelinge met die ANC. As die regering sou voortgaan met sy huidige politieke maneuvers, bestaan daar 'n wesenlike gevaar dat die onderhandelingsproses heeltemal gaan ontspoor."

Dié waarskuwing kom van Joe Modise, die hoof van Umkhonto we Sizwe (MK) en lid van die ANC se onderhandelingspan.

Sy woorde weerspieël 'n woede en ontnugtering in ANC-geledere - ook onder die mees gematigde leiers - oor wat hulle beskou as die regering se "verstommende dubbelpratery en verneukspul".

Modise se aanval volg op skerp beskuldigings vroeër dié week deur twee senior kabinetslede dat die ANC op sy beurt besig is om die onderhandelingsproses te vertraag. Hulle is Pik Botha, die minister van Buitelanse Sake, en Gerrit Viljoen, die minister van Staatkundige Ontwikkeling.

Die ANC ontken dié beskuldigings ten sterkste. Hulle beweer dit is die regering wat die proses vertraag deur nuwe voorwaardes by te voeg vir die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes, wat in stryd is met die letter en gees van die Pretoria-Minuut.

Ingevolge die Pretoria-Minuut het die ANC die gewapende stryd "en aanverwante aktiwiteite" opgeskort. Daar is ooreengekom dat politieke gevangenes van 15 September af vrygelaat sou word en uitgewekenes van middel Oktober kon begin terugkeer nadat kwytskelding aan hulle verleen is.

Maar die regering eis blykbaar nou dat die ANC MK moet ontbind en sy strategie van massa-optrede moet laat vaar.

Die ANC is ook ontstoke omdat uitgewekenes 'n vorm moet invul waarin hulle moet verklaar aan watter optredes hulle in die verlede deelgeneem het.

Nelson Mandela, die vise-president van die ANC, en Staatspresident FW de Klerk ontmoet volgende Dinsdag om dié probleme te probeer opklaar.

Modise beskuldig die regering daarvan dat hy vergaderings van die gesamentlike werkskomitees van die twee partye "doelbewus nuwe argumente en voorwaardes opper wat die proses van die implementering van die Groote Schuur- en Pretoria-Minuut vertraag".

Hy sê twee groot struikelblokke in die weg van ware onderhandelings is die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes. 'n Ooreenkoms met die datums van vrylating en terugkeer is moontlik gemaak deur die ANC se opskorting van gewapende aksies en aanverwante aktiwiteite.

Modise verklaar: "Tydens die Pretoria-Minuut het Nelson Mandela dit heel duidelik gemaak dat daarmee bedoel word geen verdere gewapende optredes en geen verdere infiltrasie van MK-vegters nie.

"Maar nou voeg die regering uit die bloute by dat die opleiding en werwing deur MK beëindig moet word, dat ons ondergrondse wapenopslagplekke moet uitwys en die MK-vegters wat reeds in die land is, moet identifiseer.

"Hulle vra ons dus om oor te gee. Dit is hoe ons hulle eise sien en dit is heeltemal onaanvaarbaar vir ons.

"Die regering sê die ANC is 'n politieke party en dus nie geregtig om 'n leër van sy eie te hê nie. Daarom moet MK ontbind. Maar hulle vergeet gerieflik dat die NP de facto as regering wel oor 'n eie weermag beskik. Die feit is dat die ANC 'n bevrydingsbeweging is."

Modise sê ook dis vergesog van die regering om te verwag dat uitgewekenes inkriminerende erkennings op die vorms moet invul.

"Geen persoon met selfrespek sal so 'n vorm invul nie. Dit is duidelik 'n berekende poging om die uitgewekenes as polisiemanne oor hulself aan te stel.

"Dit was beslis nie deel van die Pretoria-ooreenkoms waar ek persoonlik teenwoordig was nie. Die skielike eise wat nou gemaak word dat ons eers moet afsien van massa-optrede, protesoptogte en wegblyaksies voordat politieke gevangenes vrygelaat word en uitgewekenes kan terugkeer is regstreeks in stryd met die letter en gees van die Pretoria-Minuut."

**- HENNIE SERFONTEIN**

## SA mag was gereed om in te gryp

'n STERK Suid-Afrikaanse mag het gereed gestaan om in te gryp tydens die mislukte poging tot 'n staatsgreep gister in Transkei. Die mag het onder die bevel van genl Johan Coetzee, afgetrede kommissaris van polisie, gestaan en het bestaan uit lede van die SA Weermag en die SA Polisie.

Die mag was skynbaar bereid om in te gryp al het genl Bantu Holomisa, hoof van die militêre raad van Transkei so iets vroeër by voorbaat verwerp: "Ek wil dit duidelik maak dat enigiemand wat van magte van buite gebruik wil maak, nie so geadviseer is deur die Transkeise regering nie... hul geweld sal met geweld beantwoord word... dit sal vuur vir vuur wees."

Die mag het by Oos-Londen byeen gekom en was volgens verslae reeds op pad na Umtata, maar het halt geroep toe dit duidelik word dat die magte lojaal aan genl Bantu Holimisa, hoof van die Transkeise militêre raad, in beheer van sake was.

Die poging tot 'n staatsgreep is gelei deur lt-kol Craig Duli, 'n voormalige lid van die militêre raad wat hom in Desember 1988 gehelp het om in 'n bloedlose staatsgreep die mag oor te neem van destydse Transkei eerste minister, Stella Sigcau.

Lt-kol Duli het hom gister ingegrawe in kantore op die 11de vloer van die Botha Sigcau gebou in Umtata, saam met ses witmans en 'n aantal swart rebelle. Teen laatmiddag is hy en elf ander doodgeskiet, het Holomisa op 'n saamtrek in Umtata voor 30 000 mense bekend gemaak.

Die poging tot 'n staatsgreep is afgeweer te midde van beskuldiginge deur Holomisa van geheime militêre opleiding naby Maclear, die naaste Suid-Afrikaanse dorp aan die Transkeise hoofstad Umtata.

Holomisa sê hy het net dié week by die Suid-Afrikaanse regering gekla oor 800 mans wat opgelei word om sy regering omver te werp.

In April vanjaar het vyf mans wat onder valse voorwendsels na 'n kamp buite Queenstown gelok is vir opleiding, ontvlug en die polisie in kennis gestel. Hierna is 23 gewapende mans by die kamp in hegtenis geneem. Een van hulle was Duli, wat ten tyde van Holomisa se bloedlose staatsgreep hoof van militêre intelligensie was, en naas Holomisa as die sterkste lid in die militêre raad beskou is.

Duli en ander wat in hegtenis geneem is, is later gevonnis weens die onwettige besit van wapens, en vry op borgtog hangende hul appèl.

Holomisa het die Maclear-kamp aan die Queenstown-komplot gekoppel, en bygevoeg dat van dié mense onlangs in Queenstown gesien is, swaar gewapen en "begelei deur lede van die SA Veiligheidspolisie".

Die ANC erken van Holomisa se aansprake. Jeff Peires, geskiedkundige by Rhodes Universiteit en uitvoerende komiteelid van die ANC in die gebied sê daar is beslis 'n opleidingskamp op een van die plase naby Maclear.

Hy sê hy het die omgewing al besoek: "'n Geheime leër word daar opgelei, maar dit is nie bekend om watter rede nie. Die mense wat die kamp beheer, is besig om vigilantes in Maclear en in Transkei te werf."

"Al die mense wat opgelei is, het bande met swart stadsraadslede," sê Peires. In dié stadium is dit egter blote bespiegeling dat die opleidingskamp deur die AWB beheer word.

Niemand kon nog tot dusver met die mense wat opgelei word, praat nie. Daar is ook geen "aktiewe bewys" van enige betrokkenheid van die Weermag nie, sê hy.

'n Woordvoerder van die AWB, Kays Smit, erken "kommando's" was onlangs in die gebied, maar sê hulle was daar vir 'n vleisbraai en dat dit 'n klein saamtrek was.

* In 'n verklaring het die Departement van Buitelandse Sake gister gesê Suid-Afrika sal nie toelaat dat sy grondgebied gebruik word om naburige lande te destabiliseer nie, en Pretoria sal sy volle samewerking aan Transkei gee om Holomisa se bewerings te ondersoek. - ECNA

## 'Adam was blank, want hy kon bloos'

**CORNELIUS LOTTERING het gistermiddag sy ma gesoen, 'n AWB-handdruk vir sy pa en broer gegee en geglimlag vir die paar mense wat nog in die hof rondgestaan het. Toe is hy as veroordeelde moordenaar en rower na die selle gelei.**

**Hy is gister skuldig bevind op agt aanklagte, waaronder die grusame moord op Potoko Makgalemele, die taxi-bestuurder wat op 29 Augustus verlede jaar twee maal gesteek en twee maal geskiet is omdat Lottering "gegrief was omdat blanke meisies deur 'n swartman rondgery is".**

**Sy huilende ma en stil, regop pa het ter versagting gesê hul seun is 'n saggeaarde mens "wat nooit baie vriende gehad het nie".**

**"Net die buurman se kinders was sy vriende," het sy pa gesê. Hy was gedurende die Tweede Wêreldoorlog lid van die Ossewa-Brandwag. Lottering se broer, Pieter, het ook ter versagting getuig en gesê hy staan by sy broer.**

**Lottering se advokaat, Erik van de Pol, wat na 44 jaar vir die eerste maal weer praktiseer, het in die 1940's verskeie lede van die Ossewa-Brandwag verdedig. Kort hierna het hy die regsberoep verlaat.**

**Regter Irving Steyn het in sy uitspraak verwys na Lottering se "navorsing wat hy uit die Bybel gedoen het," waar hy tot die oortuiging gekom het dat "Adam, die seun van God, blank was omdat hy kan bloos en kaffers nie kan bloos nie".**



Cornelius Lottering se pa, Pieter Christiaan

"Die apartheidswette was daarom die wil van God," is die regverdiging wat hy probeer aanbied het vir die "toetsmoord" op 'n taxi-bestuurder. Lottering het vroeër getuig dat hy die taxibestuurder doodgemaak het om homself sielkundig voor te berei indien hy 'n opdrag sou kry "om linkse leiers te elimineer".

Lottering se vorige werkgewer, Gert Swanepoel, hooftegnikus by die Poskantoor, het getuig Lottering het 58 persent vir sy kursus in elektronika, logika en wiskunde gekry en is 'n "logiese denker".

'n Portugese egpaar wie se winkel deur Lottering en Fanie Goosen, wat saam met hom aangekla is, beroof is, is deur Lottering bestempel as lede van die "modderrasse". Lottering het getuig die winkeleienaar het soos 'n "meid in rou" geskreeu.

Steyn het in sy uitspraak ook verwys na Lottering wat "gelag" het terwyl hy aan die polisievrou die plek uitgewys het waar hy die taxi-bestuurder doodgemaak het.

Volgens die ondersoekbeampte het Lottering gesê: "Ek het hom 'n rugpyn gegee en beveel om in die 'boot' in te klim. Agter die 'boot' het ek hom toe 'n keelseer gegee." Hy het verwys na steke in die maag en keel.

Volgens Steyn wys dit duidelik dat Lottering geen berou oor sy dade het nie.

Lottering en Goosen, albei AWB- en Orde van die Dood-lede, is ook skuldig bevind weens die bomontploffing by die huis van Jani Allen, die voormalige rubriekskrywer van die Sunday Times.

Goosen is onskuldig bevind op aanklagte van moord, roof met verswarende omstandighede en die opsetlike beskadiging van eiendom.

**- PEARLIE JOUBERT**

# Dié nuwe meter belowe baie

DIE afsny van kragtoevoer na verskeie townships is een van die brandpunte wat verlede week indirek tot oproer in die middestad van Johannesburg gelei het.

Altesame 30 townships skuld Eskom R70 miljoen in agterstallige elektrisiteitsgelde, maar Eskom se nuwe begroting-elektrisiteitmeters kan in die toekoms verhoed dat krag weens agterstallige betalings afgesny word.

Die Econometer, 'n kode-tipe meter, maak dit moontlik vir mense om aan die begin van die maand te besluit hoeveel elektrisiteitseenhede hulle wil en kan bekostig en dan 'n koepon van 'n sekere bedrag te koop wat in die meter inbetaal word.

Die meter het 'n outomatiese stel liggies wat afgaan namate elektrisiteit gebruik word. Dit maak dit vir die verbruiker moontlik om sy elektrisiteitgebruik te monitor en te beplan.

'n Ingeboude alarm waarsku die verbruiker as die elektrisiteitseenhede min word. Die gebruikers het dan geleentheid om 'n nuwe koepon te koop.

Die stadsraad van Wellington het onlangs die eerste munisipaliteit geword wat op groot skaal van dié stelsel gebruik maak. Dit word in alle nuwe ontwikkelinge op die dorp gedoen. Dié stadsraad het onlangs 'n bestelling van R300 000 van dié meters geplaas.

Volgens Eskom kan dié meters elektrisiteit bring vir baie van die sowat 22 miljoen Suid-Afrikaners wat steeds nie elektrisiteit kan bekostig nie. Nie net mense wat net R400 per maand opsy kan sit vir elektrisiteit nie, maar ook mense wat net R20 per maand daarvoor het, sal gehelp kan word.

Volgens Eskom sal dié meters die lewenstandaard van miljoene mense verbeter. Die gebruiklike deposito - gelykstaande aan drie maande se elektrisiteitsrekening - hoef nie by die gebruik van die econometer aan die munisipaliteit betaal word nie. Dit skakel die uitstuur van rekeninge, insameling van agterstallige gelde en meterlesings uit.

Volgens die skakelbeampte van Eskom se bemarking- en verspreidingsafdeling, Letitia van Staden, skakel die econometer ook instandhoudingskoste uit, wat elektrisiteit nog goedkoper maak.

Elektrisiteitdiefstal kan ook, volgens Van Staden, deur dié stelsel uitgeskakel word omdat die koepons net elektrisiteit aan een huis kan verskaf. Geaktiveerde koepons kan ook net by 'n spesifieke huis gebruik word.

Die telekommunikasie-verskaffer, Plessey, het die bestelling van 500 van dié meters van die Wellingtonse stadsraad aanvaar en sal dié bestelling eersdaags aflewer.

Volgens Plessey se markontwikkelingsdirekteur, Willy Gibbens, is die installering van die econometer nie net geskik vir laer-inkomste groepe nie, maar kan alle verbruikers by dié stelsel baat omdat dit almal bewus sal maak van die besparing én die koste van elektrisiteit.


Tans kan die meters net gebruik word indien die plaaslike stadsraad die stelsel aanvaar. Eersdaags sal muntoutomate moontlik in elke munisipale gebied ingerig word en die ou soort kragvoorsiening sal mettertyd uitgefaseer word.

Een nadeel van dié stelsel is dat krageenhede net tydens werkure by die stadsrade beskikbaar is. Plessey voorspel egter dat koeponne mettertyd by kafees beskikbaar sal wees en dat bankgeriewe ook gebruik sal kan word om betalings te doen.

Dié installering van dié meters vorm deel van Eskom-projekte om bekostigbare elektrisiteit te verskaf. Dié meters sal moontlik elektrisiteitskoste van die verbruiker met die helfte sny.

Eskom het reeds 3 000 van dié meters in KwaNobuhle naby Uitenhage geïnstalleer en in die woonbuurt Lanserac, noord van Johannesburg, is 70 van dié meters geïnstalleer.

**- PEARLIE JOUBERT**



# Kos-orgie by Turfloop, maar die stryd duur voort

BY die Universiteit van die Noorde (Turfloop) duur die stryd om 'n "people's university" voort. En as 'n mens kyk na die duisende rande se skade wat in die opstootjie einde Oktober aan die kombuis- en kafeteriakompleks aangerig is, gaan dit 'n duur en morsige spul wees.

Die kos-orgie by die "Pienk Paleis" op die kampus, die sentrale gebou wat die studente- en personeelkafeteria asook die rektor se onthaalkamer huisves, word as "verskriklik" beskryf.

Een dosent verweer dadelik: "Maar moenie veralgemeen nie, net 'n klein groepie studente was hierby betrokke."

Alles in die kompleks is vernietig of weggedra. In die kombuis was 'n pappery van vertrapte kos, gebreekte glasware, vleismasjiene en ander duur apparaat is stukkend gekap en 'n brandkraan is bo-op alles oopgedraai.

In die twee kafeterias en die rektor se onthaalkamer is alle ruite en spieëls gebreek. Volvloermatte is opgelig en weggedra, teëls en muurversierings is stukkend geslaan, vuur is op die vloere gemaak, stoele met messe stukkend gesny en tafels is omgekeer en gebreek.

"We are nationalising," het studente aan 'n klompie verbaasde personeellede gesê terwyl hulle groot skottels vol rou vleis uit die kombuis weggedra het.

Die opstand is voorafgegaan deur 'n staking van alle werkers by die universiteit. Hulle het 'n minimum loon van R900 per maand geëis.

Die gevolg was dat die koshuise en geboue nie skoongemaak is en studente nie kos gekry het nie. '

n Groepie studente het in opstand gekom en net daar het die relletjie begin.

'n Ooreenkoms tussen die universiteitsowerhede en werkers wat kort daarna gesluit is, het die minimum loon op R500 per maand vasgestel. "Dit is nodig om daarop te wys dat die eksamens, soos geskeduleer, op Maandag 29 Oktober soos gewoonlik voortgegaan het," sê 'n verklaring deur die universiteit uitgereik.

Maar die werklike oorsaak vir die opstand lê egter veel dieper, is dié week aan Vrye Weekblad gesê.

Turfloop het in 1960 tot stand gekom as deel van die Verwoerdiaanse droom van 'n eksklusiewe swart universiteit vir Transvaal.

Die afgelope dekade is die universiteit gekenmerk deur politieke onrus van die kant van aktiviste wat meen dat dié universiteit as simbool van apartheid, geen bestaansreg het nie en moet toemaak.

Die universiteitsowerhede het alles ingegooi om die universiteit ten alle koste oop te hou. Nie net omdat die sukses van die apartheidsbeleid vroeër jare daarvan afgehang het nie, maar ook omdat die universiteit se subsidie in gedrang kom indien die universiteit nie eksamenresultate kan toon nie omdat dit moes sluit.

Sedert 1985 het die wit bestuur van die universiteit, waaraan veral 'n groep regses fanaties bly klou het, weens druk deur die politieke groepe op die kampus, geleidelik in swart hande begin oorgaan.

Maar toe dit begin gebeur, is die swart rektor en registrateur van daardie jaar, asook ander beamptes en dosente as "stooges" of "sell-outs" bestempel. Dit is nie nou meer heeltemal die geval nie.

Sedert 1986 is begin met druk op die universiteitsowerhede om 'n "people's university" tot stand te bring.

Die begrip word hier só verstaan: Alle mense moet die reg hê om toegelaat te word, ongeag matriekuitslae, daar moet geen eksamens wees nie en studente moet outomaties slaag, én die studente wil volle seggenskap hê oor die inhoud van leerplanne en die aanstelling en afdanking van dosente.

Die eerste ronde is vroeg vanjaar deur die studente gewen. Dit het gegaan oor 'n bepaling dat die minimum toelatingsvereiste 'n D-gemiddeld vir matriek is.

Na herhaalde druk deur studente is die bepaling laat vaar, en word ook studente met 'n E-gemiddeld toegelaat.

Deur die jaar was daar by verskeie geleenthede demonstrasies, wegbly-aksies en ander druk van studentekant wanneer dosente geweier het om toetse te laat oorskryf.

Sommige dosente beskou die feit dat daar vroeër vanjaar aan junior lektore stemreg op fakulteitsrade verleen is as 'n uitbreiding van die konsep van people's university. Dit het tot redelike skommelinge in dekaanskappe gelei, want die meeste junior dosente is swart.

Die voorsitter van die studenteraad het dit in sy jaarverslag bestempel as die begin van 'n people's university. Almal stem nie met hom saam nie want die kwessie van stemreg van junior dosente is die gebruik op die meeste ander universiteite in die land.

Die geskiedenis van politieke aktivisme om die universiteit te laat sluit, het egter ook 'n ander gevolg gehad. ANC-ondersteuners was deur die jare baie aktief betrokke in pogings om die universiteit te laat sluit.

Die gevolg was dat daar geen ANC-mense tot die Universiteitsraad verkies is nie.

Hierenteen het die PAC-faksie op die kampus 'n ander standpunt ingeneem, naamlik om eerder van binne te werk. Die gevolg was dat daar heelwat PAC-ondersteuners op die Raad gekom het.

Met die verkiesing van 'n rektor vroeër vanjaar het die beleid van die PAC vrugte afgewerp. Terwyl prof John Malatji, die vise-rektor, die gunsteling van die Universiteitsraad was, is 'n buiteman, prof Noël Chabani Manganyi, 'n PAC-man en hoogleraar in sielkunde aan Wits, tot rektor verkies.

Manganyi, wat by prof PC Mokgokong oorneem, het 'n indrukwekkende akademiese rekord en het beïndruk met sy standpunte tot dusver.

Malatji hierteenoor is verwyt omdat hy eenvoudig aan studentedruk toegegee het, ongeag of dit die universiteit se akademiese standaarde beïnvloed.

Vir akademici klink Manganyi se uitlatings soos manna uit die hemel. Soos dat hy meningsverskille verwelkom, mits dit aan akademiese beredenerings gekoppel word. Maar dat hy geen slapheid gaan duld nie en harde werk beklemtoon.

Manganyi sê dat die Universiteit van die Noorde die "boskollege-beeld" moet ontgroei en 'n streeksgebonde, nasionale universiteit moet word.

Hy sê verder dat hy veral die landbou-departement wil uitbou sodat boerseuns van die omgewing nie Bloemfontein of Pretoria toe hoef te gaan nie, maar Turfloop toe omdat dit die beste opleiding vir boere uit dié streek bied.

Terug by die kos-orgie in die Pienk Paleis. Van die dosente is oortuig dat die gebeure 'n poging van ANC-aktiviste was om die eksamens te ontwrig, wat dieselfde dag begin het. Dit het nie geslaag nie.

Die stryd sal in die nuwe jaar voortgesit word. Maar nou met 'n nuwe man aan die stuur - Manganyi word in Februarie as rektor ingehuldig. En vir waarnemers lyk dit of volgende jaar die jaar van beslissing vir die voortbestaan van die Turfloop gaan word.

**- INA VAN DER LINDE**

IN 1987 WAS DIE AMPTELIKE INFLASIEKOERS IN SUID-AFRIKA 13.9%. IN 1988 WAS DIT 13.1%. IN 1989 HET DIT GESTYG TOT 15.2%.

DIT IS DIE SLEGTE NUUS – HOEWEL DÍT VIR DIE MEESTE VAN ONS NIE EINTLIK NUUS IS NIE.

DIE GOEIE NUUS – EN DÍT KAN DALK RÉGTIG VIR JOU NUUS WEES – IS DAT ELEKTRISITEITSPRYSE, OOR DIESELFDE TYDPERK, MET 12%, 10% EN WEER MET NET 10% VERHOOG IS.

ELEKTRISITEITSPRYSE HET DUS MET VÉÉL MINDER AS DIE INFLASIEKOERS TOEGENEEM. HOE HET ESKOM DIT REGGEKRY OM KOSTE OP SO 'N GESLAAGDE MANIER IN BEDWANG TE HOU, TERWYL ANDER PRYSE ONKEERBAAR GESTYG HET?

'N KOMBINASIE VAN VOORTREFLIKE BESTUUR EN STRENG FINANSIËLE BEHEER.

KAPITAAL-BESTEDING IS OOR 5 JAAR DRASTIES MET MEER AS R2 BILJOEN BESNOEI. MINDER DOELTREFFENDE TOERUSTING IS UITGEFASEER. KRAGONTWIKKELKOSTE IS IN TOOM GEHOU.

DIE VOORDELE VAN HIERDIE BESPARINGS IS AAN DIE PUBLIEK DEURGEGEE: ONREGSTREEKS DEURDAT STYGINGS IN DIE ELEKTRISITEITSPRYSE VIR DIE NYWERHEIDS-, VERVOER- EN MYNWESE, VERVAARDIGERS EN PLAASLIKE OWERHEDE ONDER DIE INFLASIEKOERS GEHOU IS; EN REGSTREEKS, DEURDAT DIESELFDE VIR ALLE HUISHOUDELIKE KRAGGEBRUIKERS GEDOEN IS.

INSLUITENDE DIE GAARMAAK VAN 'N HOENDER VIR DIE GESIN.

ESKOM

MAAK JOU LEWE 'N BIETJIE MAKLIKER.

OOR DIE AFGELOPE 3 JAAR, HET DIE KOSTE VAN JOU GESIN SE VOEDSEL DIE HOOGTE INGESKIET.

DIE KOSTE OM DIT GAAR TE MAAK HET NIE.

DIE AGENTSKAP 6153/P

# Nasionale krisis staar SA n die gesig

**Volgens alle aanduidings staar Suid-Afrika 'n Aids-krisis in die gesig, en indien daar nie nou daadwerklik en korrek opgetree word nie, is 'n nasionale ramp onafwendbaar. CHRISTELLE DE JAGER doen verslag**

VIR die eerste keer is daar meer gevalle in Suid-Afrika van heteroseksuele Aids as homoseksuele Aids. Die implikasies wat dit inhou vir voorkoming en beheer is ontsaglik groot en 'n nasionale krisis staar die land nou in die gesig.

Dit is die gevolgtrekkings van 'n verslag deur die Johannesburgse Stadsraad se gesondheidsdepartement wat pas uitgereik is. Dié verslag is net een van verskeie onlangse verslae oor Aids wat skokkende voorspellings oor die voorkoms van dié siekte in die toekoms maak - met skrikwekkende sosiale en ekonomiese implikasies vir die land.

Tot die einde van 1989 het die meeste gevalle van Aids in Suid-Afrika onder die homoseksuele gemeenskap voorgekom, maar die prentjie het nou verander. Toe was twee derdes van die land se aangemelde Aids-gevalle deur homoseksueles oorgedra, maar sedert die begin van die jaar is meer as die helfte gevalle deur heteroseksueles oorgedra.

Volgens dié verslag is Johannesburg/Soweto die Aids-hoofstad van Suid-Afrika, waar sowat 10 000 van die 100 000 HIV-besmette mense in die land woon. Die verslag wys egter daarop of dit wil voorkom of die episentrum van die siekte na Natal en KwaZulu beweeg.

In die land as 'n geheel het die gemiddelde aantal Aids-gevalle elke jaar sedert 1982 - toe twee gevalle aangemeld is en Aids begin monitor is - verdubbel.

In Amerika was die verdubbelingstydperk vir homoseksuele Aids een jaar. Vir heteroseksuele Aids in Afrika word die verdubbelingstydperk in die ergste scenario's op ses maande geraam, en in die beste scenario's op 15 maande. Die algemene verdubbelingstydperk waarop voorspellings gemaak word, is nege maande.

Die verslag van gesondheidsdepartement voorspel dat tussen 10 en 40 persent van die totale volwasse swart bevolking teen die jaar 2010 met Aids besmet gaan wees, afhangende van die beskikbaarheid van 'n doeltreffende inentingsmiddel, nuwe medisyne en die geslaagdheid al dan nie van 'n voorkomende opvoedingsprogram.

In 'n referaat vir die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika voorspel Alan Whiteside, van die Universiteit van Natal se Ekonomiese Navorsingseenheid, met 'n 'n verdubbelingstydperk van nege maande in gedagte, dat daar in die jaar 2000 meer as 12 miljoen Aids-gevalle in Suid-Afrika sal wees.

Whiteside sê die regstreekse koste verbonde aan elke Aids-pasiënt in Suid-Afrika is R15 000, en dit is gewoonlik twee tot drie keer die per kapita-inkomste. Tot dusver was die regstreekse kostes aan Aids in Suid-Afrika omtrent R5,25 miljoen, en Whiteside voorspel dat dit in 1995 nie minder nie as R162 miljoen sal wees en so hoog soos R297 miljoen kan wees. Hy wys ook daarop dat die regstreekse koste van Aids net 20 persent van die ware koste is, wat beteken dat Aids 'n groot invloed op die ekonomie sal hê.

Die waarnemenende mediese beampte van gesondheid van die Johannesburgse Stadsraad, dr Nicky Padayachee, sê die voorkoms en verspreiding van Aids onder heteroseksueles is baie moeiliker beheerbaar as onder homoseksueles, en daadwerklike opvoedings- en bekampingsprogramme het nou dringend geword.

Die homoseksuele gemeenskap is 'n redelik geslote en georganiseerde gemeenskap. Hulle is gewoonlik mense met 'n goeie opvoeding wat goed reageer op opvoedingsprogramme en het hul seksuele gedragspatrone verander.

Hulle getalle, in verhouding tot die land se totale bevolking, is ook baie klein en al is elke Aids-geval 'n tragedie, kan dit nie as 'n nasionale ramp beskou word nie.

In die heteroseksuele gemeenskap is dit heeltemal anders. Daar is baie mense, van verskillene sosiale agtergronde en dikwels met min opvoeding. Die potensiële verspreidingspatroon is ook baie wyer.

Die syfers wat meestal in die sake-gemeenskap aanvaar word as die toekomstige voorkoms van heteroseksuele Aids, is 'n minimum van 119 000 gevalle teen die einde van 1990 en 317 000 teen die einde van 1991.

Suid-Afrikaanse Aids-kenner, dr Ruben Sher, sê ook dringende opvoedingsprogramme op 'n breë nasionale grondslag is nou nodig.

Hy sê geld is dringend nodig, en in plaas daarvan dat sakemense soveel geld bestee om uit te vind hoe Aids die ekonomie gaan beïnvloed, moet hulle eerder vra hoe kan die ekonomie met die bekamping van Aids help. "As jy die werkloosheidsyfer en bevolkingsgroei in aanmerking neem, is dit waarskynlik dat hulle baie gou nie meer mense gaan hê om vir hulle te werk nie. Dit is egter 'n krisis, en sakemense het die geld en die kundigheid om hier 'n belangrike rol te speel.

"Ons is besig om van mense te praat, nie syfers nie. Dit is ook moeilik om akkurate voorspellings te maak. Nie almal slaap rond nie, en daar moet 'n versadigingspunt kom waartydens verdubbelingstydperke sal afneem - wanneer daar so baie besmette mense is dat hulle seks onder mekaar het en nie ander mense besmet nie.

"Intussen moet ons almal saamwerk, en alles moontlik doen om mense oor roekelose seksuele gedrag op te voed - en nie op 'n diskriminerende rasse-grondslag nie."

# Adverteer kondome op televisie

"TELEVISIE is die doeltreffendste medium om vinnig tot mense deur te dring. Ek verstaan dat daar mense is wat morele probleme met kondoom-advertensies het, maar ons sit nou met 'n nasionale krisis."

Dit is die pleidooi van dr Nicky Padayachee, waarnemende mediese gesondheidsbeampte van die Johannesburgse stadsraad, vir die beeldsending van kondoom-advertensies om die Aids-krisis in die land te help bekamp.

"Die gebruik van kondome is nie noodwendig 'n langtermyn-oplossing nie, gedragspatrone moet verander word. Maar dit gebeur nie oornag nie, en die gebruik van kondome is 'n belangrike korttermyn-oplossing, wat onmiddellik en doeltreffend op televisie gepropageer kan word."

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling moedig ook die bevordering van die korrekte gebruik van kondome aan om Aids te beperk.

Die departement het die week gesê pogings om dit onder die aandag van hoë-risiko-individue te bring, word dus verwelkom, soos smaakvolle en sinryke advertensies op SAUK-TV.

In die verlede het die SAUK kondoom-advertensies verbied omdat dit "promiskuïteit bevorder en kondoneer".

In hulle onlangse beleidsverklaring sê die SAUK dat advertensies of inligting oor kondome op radio en televisie toegelaat word "as deel van of ter ondersteuning van gesondheidsveldtogte soos in die geval van anti-Aids veldtogte".

Die SAUK is egter gekant teen kondoom-advertensies wat spesifieke handelsmerke adverteer en die indruk laat dat promiskuïteit daardeur gekondoneer word.

- CHRISTELLE DE JAGER


**KLAGTES EN NAVRAE**

***Enigiemand wat probleme het met die tuis- of posafleverings van Vrye Weekblad, moet dit asseblief onder ons verspreiders se aandag bring. Die regstreekse klagtelyn van Times Media Beperk, ons verspreiders in die Transvaal en die Vrystaat, is (011) 497-2911. Mev Rossouw van Allied Publishers, wat die Kaapse verspreiding hanteer, se nommer is (021) 511-0003. As jy nog ontevrede is of oor die algemene beskikbaarheid van Vrye Weekblad wil kla, bel gerus vir Cathy Fennessy by (011) 836-2151.***

Vrye Weekblad





**"Ek vertrou 'n kondoom om Aids te keer. Beskerm mekaar!" Die Mexikaanse plakkaat is gemik op vroue wat meer as aan seksmaat het.**

*(Uit: The 3rd Epidemic - Repercussions of the fear of the Aids. Uitgegee deur die Panos-instituut)*

# Die Patriot en Aids

IN 'n onlangse artikel in die mondstuk van die Konserwatiewe Party, Die Patriot, word geskryf dat witmense weens integrasie en die oopstelling van geriewe nou die gevaar loop om Aids by swartmense te kry deur middel van persoonlike kontak, hoes, nies, kos en bytende insekte.

Daar word gesê dat witmense tot dusver 'n lae-risiko groep was en dat dit verkeerd is om te dink dat veilige seks en monogamie hulle gaan vrywaar wanneer die Groepsgebiedewet en die Wet op Afsonderlike Geriewe afgeskaf word.

"In die meeste wit gebiede kon dit nog beheer word, maar ná die afskaffing van dié wette sal daar geen manier wees om die verspreiding van Aids na Suid-Afrika se wit bevolking te keer nie. Gemengde skole en hospitale sal lae-risiko witmense aan Aids blootstel.

"Munisipaliteite moet alles in hulle mag doen om swembaddens, hospitale en skole gesegregeer te hou. Ons witmense betaal die rekeninge en het die reg om te probeer oorleef in 'n Aids-see."

En verlede naweek het Rudi Basson, woordvoerder vir Overvaal-oorde, die Suid-Afrikaanse Woonwa-vereniging verseker dat ingrypende stappe gedoen word om vakansiegangers by Overvaal-oorde teen "onder meer Aids te beskerm" na die onlangse oopstelling van openbare geriewe.

Hy het gesê van dié maatreëls is "volgehoue behandeling met chloorgas om enige moontlikheid van Aids-besmetting die nek in te slaan", behandeling van swembadwater met osoon vir ontsmettingsdoeleindes, en weeklikse toetsing deur die WNNR van oorde-water.

Die Aids-kenner, prof Ruben Sher, sê dis alles snert. Aids kan glad nie deur informele kontak oorgedra word nie, die Aids-virus kan nie in swembaddens oorleef nie, en hy weet ook nie van 'n toets wat die WNNR het waar daar vir die Aids-virus in water getoets kan word nie.

Sher is krities oor die hantering deur die media en mense wat Aids-opnames bekend stel. Hy sê die rasse-grondslag waarop die onlangste syfers bekendgestel en sensasioneel gepubliseer is, gee regstreeks aanleiding tot sulke houdings en kan 'n ander vorm van diskriminasie teen swartmense laat ontstaan.

Hy sê dit is verkeerd om van "swart heteroseksuele" Aids en "wit homoseksuele" Aids te praat - dié is net heteroseksuele en homoseksuele Aids. Dit is eintlik riskante gedrag wat ter sprake is, nie kleur nie.

"Daar is nog altyd teen swartmense gediskrimineer, en nou wil mense nog die Aids-etiket op alle swartmense plaas. Dit veroorsaak net probleme met die bekamping van Aids want swartmense gaan dan natuurlik 'n antagonistiese houding jeens enige opvoedingsprogramme hê."

Alan Whiteside, 'n navorser van die Ekonomiese Navorsingseenheid van die Universiteit van Natal, rig dieselfde waarskuwing in 'n referaat wat hy vir die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika voorberei het.

Hy skryf: "'n Groot bekommernis in Suid-Afrika is dat dit 'n verdeelde gemeenskap is en Aids kan dit nog verder verdeel."

# Maggie se verlede het haar ingehaal...

**Die vrou met die onberispelike 'perm' wat nooit sonder 'n dubbele string pêrels in die openbaar verskyn het nie, Maggie Thatcher, se oorheersing van die Britse politiek is verby. ANDRÉ VAN NIEKERK en AFP doen verslag**



WOENSDAG het sy nog koel in die Britse parlement gereageer op 'n tussenwerpsel dat sy in die skemer van haar twaalfjarige bewind as Britse premier is. Daar is 24 uur in 'n dag, het sy gesê.

Skaars 24 uur later het die skokaankondiging gekom: die Thatcher-era is verby. Die Ystervrou gaan die premierskap neerlê sodat die Konserwatiewe Party 'n beter kans het om die volgende verkiesing in die aangesig van 'n verbete aanslag deur die Arbeiders te wen.

Dit volg op die geheime stemming Dinsdag, waarin sy met net vier stemme gefaal het om 'n tweede stemming in die stryd om die leierskap van die Konserwatiewe Party teen Michael Heseltine te keer.

Heseltine self het oorgeloop van lofbetuiginge teenoor Thatcher. "Mag ek dadelik sê dat dit 'n einde bring aan 'n taamlik merkwaardige premierskap. Sy het 'n merkwaardige bydrae tot Brittanje se geskiedenis gemaak."

Haar bedanking volg ook op 'n reeks bedankings die afgelope tyd deur senior kabinetslede. Haar onbuigsame leierskap, wat haar gehelp het om 'n unieke regse revolusie in Brittanje teweeg te bring, het haar begin inhaal.

Veral haar hantering van die ekonomie en bande met Europa het teen haar begin tel.

Baie waarnemers meen dat dit in elk geval net 'n kwessie van tyd was voor sy uitval, omdat haar bewind in elk geval gebou is op 'n reeks toevallighede wat gunstig vir haar verloop het.

Maggie Thatcher het in die 20e eeu langer as enige ander Britse premier gedien, en na die algemene verkiesing in 1987 het sy met 'n meerderheid van meer as 'n honderd setels - 'n reuse-meerderheid in die Britse parlement - geregeer.

Tog het het die Tories in elk van die drie verkiesings wat hulle gewen het minder as 50 persent van die totale aantal stemme gekry. Die meerderheid Britte het Thatcher dus nooit ondersteun nie, en die grootste deel van dié groot groep verpes haar.

In Suid-Afrika hoor ons gewoonlik net van Thatcher se sukses-stories: dat sy die middelklas vergroot het, inflasie bekamp het, en Brittanje se produktiwiteit opgestoot het. Maar, meen haar kritici, Thatcher se "revolusie" was glad nie 'n revolusie nie, omdat dit nie 'n sukses genoem kan word nie.

Werkloosheid het tydens haar bewind in 'n stadium verdriedubbel, en hoewel dit sedertdien weer afgeneem het, bly dit nog hoër as toe sy die regering van die Arbeiders oorgeneem het. Grootliks as gevolg hiervan het die armes in Brittanje armer geword, en het die gaping tussen die "have's" en die "have nots" baie erger en meer ooglopend geword.

Veral die haglike toestand van baie van die Britse binnestedelike gebiede getuig hiervan, en in die arm gebiede van Skotland en die noorde van Engeland is haar steun op sy minste.

Die grootste enkele bron van ontevredenheid deesdae is die berugte gemeenskapsbelasting, ofte wel die "Poll Tax". Vir Brittanje se nuwe klas armes is dit niks minder nie as 'n tiranniese dwangmaatreël op hulle afgedwing deur die rykes: mense met duur huise in duur woonbuurte spaar baie ingevolge dié nuwe stelsel, terwyl mense wat slegs gesubsidieerde woonstelle kan bekostig nou vir die heel eerste keer vir dienste moet betaal - en dan presies dieselfde bedrag as wat die rykes betaal.

Maar ook in die laer-middelklas heers daar groot ontevredenheid oor die belasting, want in plaas daarvan dat 'n mens een keer belasting op sy huis betaal, moet hy nou betaal vir elke gebruiker van die dienste wat in sy huis woon, sy bejaarde ouers en kinders ouer as agtien jaar inkluis.

Die middelklas is ook ontevrede, veral diegene wat onder Thatcher vir die eerste keer huiseienaars geword het, oor die rentekoerse wat in die laaste tyd die vlak van 15 persent bereik het - goed op pad na die 22 persent aan die begin van haar bewind. Sulke koerse laat die swaard van die verlies van hul huise oor baie mense hang.

In 'n sin was Thatcher se taak in die begin maklik, want die Britse ekonomie was in 'n gemors, en haar vroeë welslae het gesorg vir die goeie beeld wat sy het, veral buite Brittanje. Die medisyne wat sy aangebied het, was egter vir baie mense erger as die oorspronklike kwaal.

Ou nywerhede is uitgewis, maar die nuwe ondernemings wat hul plek moes inneem, was gekniehalter deur 'n groot tekort aan geskoolde arbeid - veral in die dienstesektor, al was dit waar Brittanje se ekonomiese toekoms, volgens Thatcher, gelê het.

Dit is in der waarheid een van die sentrale teenstrydighede in Thatcher se beleid. Klem op die dienstesektor vereis 'n hoogs geskoolde bevolking, en tog word opvoeding deur haar regering verwaarloos: besteding aan opvoeding is baie ingekort, en daar was die laaste paar jaar selfs 'n sterk "brain drain" na Amerika wat baie kommer onder die Britte gewek het.

Thatcher se oorlewing tot dusver kan in 'n groot mate aan gunstige verloop van toevallighede toegeskryf word. Toe die Falklands-oorlog teen Argentinië in 1982 uitgebreek het, was werkloosheid op sy hoogste en sy op haar ongewildste.

Maar haar kenmerkende vegtersgees en vasberadenheid, en die oorwinning in daardie oorlog, het haar in staat gestel om 'n gees van patriotisme in te span en die verkiesing - wat sy spesiaal vervroeg het - te wen.

Ekonomies gesproke was sy nog gelukkiger. Olie uit die Noordsee het in die laat sewentigerjare begin vloei - te laat vir die Arbeiders om politieke munt daaruit te slaan. Dit het baie van Brittanje se nuwe rykdom gebring, en die verkoop van voorheen genasionaliseerde nywerhede het nog meer geld aan die heersersklasse beskikbaar gestel.

Die ander belangrike faktor was die "Big Bang," of deregulering van die Londense aandelebeurs, wat die uitwerking gehad het om die groot bedrae geld wat van oral in die wêreld deur Londen vloei met etlike duisend persent te vermeerder. Die room in die vorm van kommissie wat makelaars afgeskep het, het nog meer geld in Engeland se koffers laat beland, en heelwat tot die algemene indruk - dat dit Thatcher se bewind was wat rykdom na Brittanje gebring het - bygedra.

Brittanje se sektor vir vervaardigde goedere, wat altyd 'n sterk uitvoermark voorsien het, het sterk afgeneem, en die land sit met 'n voortdurende betalingsbalansprobleem omdat invoere uitvoere so dikwels oorskry. Sonder die olie- en makelaarsinkomste om die verskil gedeeltelik te oorbrug, sou Thatcher al lank gelede in die moeilikheid gewees het. In die laaste paar jaar het die gebreke in haar beleid haar dan ook begin inhaal.

Sy het inflasie tot 'n paar persentasiepunte beperk, maar toe het dit op onverklaarbare wyse weer begin styg. Teen Augustus het dit reeds 10 persent oorskry. En die werkloosheid wat 'n lae inflasiekoers moes bekamp het, is weer besig om toe te neem.

Miskien was Thatcher se belangrikste bondgenoot deur die jare die opposisiepartye. Die middewegpartye kon nie meer as ongeveer 20 persent van die totale stempersentasie inpalm nie, en die Arbeiders was altyd te links vir die meeste kiesers. Na haar oorrompeling van die Arbeiders in 1987, het die party egter verreikende veranderinge in sy beleid aangebring.

*(André van Niekerk het tot onlangs vir twee en 'n half jaar in Londen by 'n aandelefirma en 'n regspraktisyn gewerk.)*

# ...en Tarzan wag al lank

TOT op die einde het Maggie Thatcher 'n geslepe politikus gebly. In die aangesig van ernstige terugslae vir haar party, het sy 'n uitgerekte leierskapstryd met ander Tories vermy.

Die leier van die Arbeidersparty, Neil Kinnock, kon sy vreugde nie wegsteek nie: "Dit is goed, baie goed inderdaad. Ek kan nie iets anders voorgee nie."

Maar na Thatcher se uittrede het die Tories nou dalk nog genoeg tyd om onder 'n nuwe leier te verenig en betyds te herstel vir die volgende verkiesing.

Die minister van buitelandse sake, Douglas Hurd, en minister van finansies, John Majorm, sal waarskynlik die stryd betree teen Michael Heseltine, wat die gunsteling is nadat hy Dinsdag 152 stemme teen Thatcher se 204 gekry het.

Michael Heseltine wag al lank op die kans om 'n aanslag op die Tory-leierskap te loods - reeds op universiteit het hy besluit hy wil eendag eerste minister word.

Voordat hy die politiek betree het, was hy 'n selfgemaakte multimiljoenêr.

Nadat hy die politiek betree het, het hy vinnig gevorder tot minister van verdediging in die Thatcher-kabinet, waar hy bekendheid as 'n valk verwerf het.

Dit was in dié hoedanigheid dat hy in 1986 met Thatcher oor die Westland-debakel gebots het, nadat sy 'n belangrike militêre kontrak aan 'n Amerikaanse maatskappy pleks van 'n Britse maatskapy wou gee.

Die energieke Heseltine het die bynaam "Tarzan" gekry toe hy sonder waarskuwing skouspelagtig by 'n kabinetsvergadering bedank het.

Van toe af is Heseltine as 'n moontlike toekomstige opvolger vir Thatcher beskou, en deur die jare het Heseltine se reise deur Brittanje om vergaderings toe te spreek deel van die politieke toneel geword.

Op sulke geleenthede het hy gedurig alternatiewe vir sommige van Thatcher se streng beleidsrigtings gepropageer.

Hy wou die skepping van ontwikkelings-korporasies, wat hy in die kabinet voorgestel het, uitbrei om die kwaai verval van die Britse binnestedelike gebiede teen te werk. Hy wou die klem laat val op opleiding en navorsing om sodoende 'n vaste grondslag te lê vir Brittanje se groei in die toekoms.

Vanaf die instelling van die "Poll Tax" was hy sterk daarteen gekant, en Maggie se negatiewe houding jeens die Europese Gemeenskapsmark het hy altyd met 'n visie van Brittanje as geesdriftige en voordelige deelnemer getroef.

Kritici voer aan dat sy beleidsriglyne 'n soort sosialisme verteenwoordig, of ten minste 'n vorm van die staatsinmenging waarteen Thatcher so hard gewerk het.

Sy antwoord is dat die Franse en Duitsers, met ekonomieë baie sterker as Brittanje s'n, glad nie skrik vir 'n konstruktiewe samewerking tussen die regering en die private sektor nie.

Die groter harmonie wat hy toon met die heersende menings in Brittanje maak hom 'n geskikter leier in die moeilike tye wat vir die Tories voorlê.

**- ANDRÉ VAN NIEKERK**

# *Hilda, ofte wel That Bloody Woman*

MARGARET HILDA ROBERTS is deur die Russe die Ystervrou gedoop, die bekendste van 'n reeks byname wat nie altyd heeltemal in die kol was nie.

Onlangs het sy in 'n onderhoud haar ergernis uitgespreek oor wat sy ongeregverdige uitbeeldings genoem het: "When men are strong they are seen, gosh, as good guys, but when women are strong they are said to be strident." Sy het egter ook haar "vroulike" kant gewys, soos toe sy kort na die Falkland-oorlog op TV gehuil het terwyl sy van haar liefde vir haar vader vertel het, en van haar kommernisse tydens die oorlog.

Maar reeds op die sentraal-Engelse dorp Grantham, waar haar kruidenierspa stadsraadslid was, moes sy deurloop onder haar medeskoliere. "Bossy Roberts" het hulle haar genoem.

Toe sy in die sewentigerjare as minister van opvoeding gratis melk aan skoolkinders afgeskaf het, is sy "Margaret Thatcher, milk snatcher" gedoop. Satirici het haar "She Who Must Be Obeyed" en "The Leaderine" genoem en selfs sommige Tory-kollegas het na haar as TINA ("There Is No Alternative") en TBW ("That Bloody Woman") verwys.

Of hulle het gesnuif: "She thinks all men are feeble and gentlemen are more feeble than others." Sy het egter ook 'n nuwe woord vir die Engelse woordeskat agtergelaat: "Thatcherisme", om die losse regse revolusie rondom privatisering en anti-sosialisme te beskryf. - AFP



Alastair Findlay in City Press

# Wêreld

## Yanks steun oorlog

Die meeste Amerikaners sê in 'n meningspeiling dat hulle 'n oorlog teen Irak sal steun indien dit gemik sou wees om Irak se kernvermoëns te beëindig.

## Gyselaars vry

Pres Saddam Hoesein van Irak magtig die vrylating van 160 Duitse burgerlike gyselaars.

## Irak sal aanval

'n Amptelike Irakese koerant waarsku dat Irak regstreeks op Israel en pro-Amerikaanse Golfstate sal toeslaan indien Irak aangeval sou word. Die koerant voeg by dat die Irakese militêre vermoë onbeperk is.

## Operasie gekanselleer

Ongunstige weer noodsaak die kansellasie van "Operation Imminent Thunder" - 'n nuwe konsep in amfibiese oorlogvoering. Sterk winde en 'n rowwe see veroorsaak dat die beplande landing van Amerikaanse vlootsoldate aan 'n Saoedi-kus, ongeveer 160 kilometers suid van Koeweit, belemmer word.

## Irakese versterkings

Irak beplan om versterkings van meer as 250 000 troepe na Koeweit en die suide van Iran te stuur om enige toekomstige aggressie te bekamp. Altesame 100 000 troepe sal onmiddellik vertrek.

## 12 dood in Punjab

Drie Sikh-terroriste skiet minstens 12 mense dood in die heilige stad Amritsar in die noordelike Indiese provinsie Punjab.

## Amerikaner tereggestel

Na dertien jaar word Robert Clark, 49, in die Amerikaanse staat Florida in die elektriese stoel tereggestel weens die moord op 'n vrou in 1977. Hy is die 25e mens in Florida en die 142e in Amerika wat tereggestel word sedert die doodsvonnis in 1976 heringestel is.

## Nie op rotse

Argentinië ontken dat onderhandelinge met Brittanje oor die Falkland-eilande op die rotse is. Vroeër vanjaar het die twee lande besluit om oor die kwessie van visvangsregte rondom die Suid-Atlantiese Oseaan te skik, en die vraagstuk oor die soewereiniteit van die eiland opsy te skuif.

## Verdrag van Parys

Die leiers van 34 lande onderteken 'n Europese verdrag wat algemene riglyne neerlê vir menseregte, veiligheid en interstaatlike samewerking, die toekoms van die vasteland asook die nuwe instellings wat oral in Europa opgerig gaan word om hieraan uitvoering te gee. 'n Permanente sekretariaat vir die Verdrag van Parys gaan in Praag gesetel wees.

## Nuwe energiebron

'n Ooreenkoms word deur die Europese Gemeenskapsmark, Japan, Amerika en Rusland gesluit om 'n revolusionêre nuwe energiebron te ontwikkel. Die termonukleêre bron sal feitlik besoedelingsvry, onuitputlik en veilig wees. Dit sal in die eerste dekades van die volgende eeu beskikbaar wees.

## Mosie oorleef

Die regering van die Franse premier, Michel Rocard, oorleef 'n mosie van wantroue naelskraap.

## Kwai-soldate herbegrawe

Die Gemenebes-kommissie van oorlogsgrafte onderneem om die oorskot van gemenebessoldate te begrawe. Dit volg na verlede week se ontdekking van 'n massagraf uit die Tweede Wêreldoorlog in Thailand naby die Kwairivier. Etlike duisende geallieerde gevangenes, die meeste van hulle van Brittanje, Australië, Nieu-Seeland, Nederland en Amerika het gesterf weens uitputting, wanvoeding en malaria gedurende die konstruksie van 'n spoorlyn oor die Kwairivier wat toe onder Japanse beheer was.

## Angolese vrede vorder

Die vredesonderhandelinge tussen die twee botsende partye in Angola vorder. Jonas Savimbi, leier van Unita, sê hy is vasbeslote om 'n sukses daarvan te maak en voorsien 'n wapenstilstand in Januarie. Die grootste probleme lê by die MPLA se volgehoue aandrang op 'n nasionale Angolese leër. "Hoe kan ons praat van 'n geïntegreerde leër terwyl die oorlog voortwoed?" vra die verteenwoordiger van Unita, Norberto de Castro.

## Beloftes en vuur

Nadat die departement van inligting van Zimbabwe versuim om 'n beloofde rolprent te vertoon, maak skoolkinders amok in Harare. Hulle steek die klaskamers van een van die land se voorste sendingskole aan die brand. Skade van 2 miljoen Zimbabwe-dollar word aangerig.

## Frelimo en Renamo

'n Ooreenkoms tussen Frelimo en Renamo oor Zimbabwe-troepe in Mosambiek word deur Alfonso Dhlakama, die leier van Renamo, in die vooruitsig gestel. Renamo sal onderneem om nie meer Zimbabwiese troepe wat treine in die Beira-korridor bewaak, aanval nie.

# Suid-Afrika

## Springs vs Hart

Die KP-beheerde stadsraad van Springs het twee van dié dorp se swembaddens gesluit om swartmense te verhoed om daar te stem na die afskaffing van die Wet op Afsonderlike Geriewe. Michael Hart, 'n inwoner van Springs, het die stadsraad voor die hof gedaag om die geldigheid van dié besluit te toets.

## Sebokeng-video

In die geregtelike ondersoek na die dood van 42 mense in September in Sebokeng word 'n video vertoon van 'n skare wat in die straat voor 'n hostel sit wanneer SAW-troepe op hulle afgemarsjeer kom. Verdere getuienis deur die polisie is: Daar was geen provokasie voordat die troepe op die mense begin skiet het nie; geen petrolbomme is gegooi nie; daar is gevuur sonder dat die troepe se bevelvoerder die bevel daarvoor gegee het. Ná dié getuienis deur die polisie onttrek die regsman vir beide die polisie en die SAW sy dienste aan die polisie omdat daar 'n botsing van belange mag ontstaan.

## SA en Rooi Gevaar

Suid-Afrika verwag om binne die volgende ses maande amptelike bande met die Sowjet-Unie aan te knoop, sê Pik Botha, minister van Buitelandse Sake. Die Suider-Afrikaanse streek behoort sy eie gemeenskapsmark te stig ten einde 'n junior vennoot van 'n Europa met 'n volle gemeenskapsmark te word, sê hy.

## Politieke afgrond

Suid-Afrika moet die "politieke afgrond" van 'n samestellende vergadering wat onderhandelinge voorafgaan vermy, sê Mangosuthu Buthelezi. Hy spreek hom ook uit teen die toetsing van politieke mag voordat die versekering bestaan dat daar geen diktatorskap in Suid-Afrika sal wees nie.

## Lyke gevind

Altesame 19 lyke word in die Zonk'Izizwe-plakkerskamp naby Boksburg ontdek. Die meeste van hulle is doodgekap. Dit bring die dodetal in dié kamp op 35 te staan.

## Watertoevoer afgesny

Die munisipaliteit van Jamestown (met 'n blanke inwonerstal van 160) sny die watertoevoer na die nabygeleë Masakhane-township, met sy 3 000 inwoners, af nadat streng maatreëls vroeër ingestel is. Die township weier om sy rekening van tussen R6 000 en R7 000 te betaal.

## Polisiemanne doodgeskiet

Twee jong polisiemanne word in Zwide naby Port Elizabeth in hul vangwa met AK47's doodgeskiet. In Khayelitsha word nog 'n konstabel op 'n soortgelyke wyse doodgeskiet en nog een ernstig gewond.

## Herroep wette

Regslui vir Menseregte vra die minister van Justisie, Kobie Coetsee, om wetgewing wat optogte en betogings verbied, te herroep. Dit volg op die dood van twee mense in botsings tussen die polisie en betogers verlede week in die middestad van Johannesburg.

## Strukture sal bly

Pres FW de Klerk verseker 'n afvaardiging van swart stadsraadslede dat die bestaande plaaslike bestuurstrukture behoue sal bly tot nuwe strukture ontwikkel is. Hy beklemtoon dat erkende bewegings op plaaslike vlak by konstitusionele veranderinge betrek sal word.

## Dooies gedenk

Sowat 600 inwoners van Mamelodi lê kranse op die grafte van dertien mense wat vyf jaar gelede in dié township doodgeskiet is. Stadsraadslede slaan egter geen ag op versoeke dat hulle tydens die plegtigheid na vore moet kom en hul bedankings indien nie.

## Water, krag afgesny

Die stadsraad van Delmas sny water en ligte na Botleng af omdat die township nie sy rekening betaal het nie. Die stadraad is egter bereid om water elke dag vir een uur lank na krane in die township te pomp.

## People's SAUK

In 'n demokratiese Suid-Afrika sal die ANC die SAUK van die huidige mondstuk vir die regering na 'n diens vir alle mense wil verander, sê Pallo Jordan, inligtingshoof van die ANC. Die reg van alle sektore van die bevolking om hul eie taal en kultuur uit te leef, sal in die proses erken moet word, sê hy.

## Kriminele probleem

Groeiende kriminele geweld weens werkloosheid in Suid-Afrika se townships gaan so 'n groot probleem word dat dit 'n uitwerking op onderhandelinge gaan hê, volgens 'n politieke omgewingstudie deur die Five Freedoms Forum. Die grootste bedreiging gaan kom van radikale jeugdiges wat waarskynlik 'n standpunt teen onderhandelinge gaan inneem indien hulle nie resultate sien nie.

## Regering bly

Die huidige regering in Suid-Afrika sal bly regeer tydens die onderhandelingsproses wat 'n nuwe grondwet voorafgaan, sê Gerrit Viljoen, minister van Konstitusionele Ontwikkeling. Onderhandelinge kan nie gegrond wees op 'n simplistiese oordrag van mag soos gesuggereer deur die idee van 'n samestellende vergadering of 'n tussentydse regering nie, sê hy.

## Tien per dag

Tien Suid-Afrikaners sterf daagliks in politieke geweld, blyk uit 'n verslag van die Instituut vir Rassebetrekkinge. In die eerste tien maande vanjaar het 3 038 mense gesterf. Die gemiddelde van 10 per dag steek af teen die 3,25 per dag verlede jaar.

*(Alle inligting afkomstig van Sapa en AFP)*




Lou Henning In Rapport

# 'n Hele kabaal oor die UDF se kabaal

**Die politieke wêreld is aan die gons oor beweringe dat daar 'n "kabaal" binne die ANC is wat die organisasie manipuleer. Dit is glo 'n klein, geheime broederskap van meestal Indiërs wat aktief in die UDF was. Vir die eerste keer sê senior ANC-lede nou openlik dat die kabaal bestaan, hoewel die amptelike kommentaar is dat daar nie so iets is nie. AUDREY BROWN het verder ondersoek ingestel**

"DIE kabaal bestaan sonder twyfel - ondanks die feit dat die ANC hul bestaan ontken. Miskien weet hulle net nie want hulle was in ballingskap. Maar dié van ons wat al die jare hier was, het gely onder die kabaal."

Dit is die woorde van Aubrey Mokoena, ANC-lid en voorsitter van die Release Mandela Campaign (RMC). Mokoena is die eerste ANC-lid wat openlik die kwessie van die kabaal aanspreek, nadat daar vir die afgelope ses jaar al bespiegel word oor die bestaan van só 'n groep binne die UDF.

Die storie van die kabaal het in Augustus in die pers kop uitgesteek toe berig is dat die ANC 'n ondersoek onder leiding van Govan Mbeki na die bedrywighede van die kabaal gelas het. Volgens dié berigte is 'n geheime verslag, by name "Report and Recommendations of the Commission on the Cabal", ingedien.

Hierna het 'n berig verskyn in die September-uitgawe van die regse International Freedom Foundation se Freedom Bulletin, waarin die name van verskeie mense genoem is.

Gill Marcus, 'n ANC-woordvoerder, en Mohamed Valli Moosa, 'n senior lid van die UDF, het die berig as 'n poging om "verdeling en wantroue te saai," afgemaak. Moosa se naam word in dié berig genoem as 'n lid van die kabaal.

Nog 'n UDF-lid wie se naam genoem is in die Freedom Bulletin, Azhar Cachalia, het aan Vrye Weekblad gesê dat die UDF by 'n vergadering verlede Sondag besluit het om niks aan die pers te sê nie, behalwe dat die vraagstuk ondersoek word. Hy het verder bygevoeg dat hy "nooit deel van 'n kabaal was nie. Ek voel ook nie geïsoleer nie - ek is nog altyd deel van die UDF - en ek is 'n lid van die ANC."

Volgens verskeie aktiviste is die meeste van die name wat in die Freedom Bulletin verskyn glad nie lede van die kabaal nie.

Die ANC ontken sterk dat daar 'n kabaal in sy geledere is. Volgens die hoof van die ANC se departement vir inligting, Pallo Jordan, is daar geen kabaal nie, en nog minder 'n kommissie van ondersoek.

"Sover ons weet, is daar geen kabaal nie, en die organisasie het geen ondersoek gelas nie."

Gevra waarom verskeie mense van die ANC en UDF die bestaan van die kabaal aanvaar, sê Jordan: "Dié mense mag miskien die aksies van sekere mense interpreteer as manipulasie, en die dokument wat hulle gebruik om die bestaan van die kabaal te regverdig, lyk vals."

Jordan verwys na 'n dokument wat Mokoena aan Walter Sisulu, leier van die binnelandse leiersgroep van die ANC, gestuur het. Daarby aangeheg was 'n brief waarin hy 'n pleidooi lewer dat die kabaal-vraagstuk ernstige aandag moet geniet.

Mokoena, Peter Mokaba van die ANC se Jeugliga en lid van die werkskomitee van die ANC, en verskeie ander UDF- en ANC-lede hier en in Natal hou vol dat daar 'n kabaal is. Mokaba ontken egter dat hy lid van die kommissie van ondersoek na die kabaal is.

Volgens Mokoena kon die kabaal so vroeg as 1984 geïdentifiseer word deur hul "ondemokratiese gebruike en hul pogings om die agenda van die UDF te verdraai".

"Die eerste keer wat ek van die kabaal te hore gekom het, was in die tronk, waar lede van die Transvaal- en Natal Indian Congress (TIC en NIC onderskeidelik) my daarvan vertel het. Ons is almal aangehou weens ons bedrywighede in die UDF."

Mokoena en, onder andere, Albertina Sisulu, Cas Saloojee, Mewa Ramgobin en Curtis Nkondo was deel van die Pietermaritzburg-hoogverraadverhoor in 1984-85.

Mokoena vertel dat lede van die TIC en NIC hom vertel het hoe die kabaal hulle sover gekry het om langer in die Britse Konsulaat in Durban te bly as die enkele dag wat hulle beoog het. Die "sit-in" was bedoel om die aandag op politieke aanhoudings te vestig.

In 'n onderhoud dié week het Mokoena van sy persoonlike ervarings met die kabaal se politieke "manipulasie" vertel.

"In 1984 was ek die voorsitter van die RMC en ons het besluit om dié organisasie op 'n nasionale vlak te loods. Ons het die plan met alle streke bespreek, en almal het saamgestem. Maar in Natal was daar kwaai teenstand vir die gedagte.

"Dié teenstand het van 'n klein groepie mense gekom. Daarna het ek hulle noukeurig dopgehou. Dit het naderhand duidelik geword dat daar 'n vaste groep bestaan het, wat altyd tydens vergaderings met mekaar saamgestem het - en altyd sekere mense teengestaan het.

"Ek is daarna ingelig oor die bestaan van die groep. In 1986 was daar 'n poging om UDF-kantore in die buiteland te stig. Die kwessie is nooit op UDF-vergaderings bespreek nie, maar skielik vlieg mense oorsee om met regerings in die buiteland oor dié kwessie te gaan praat. Daar is nie eens met die lede van die front gepraat hieroor nie, en hulle het sonder die medewete van die ANC na die buiteland gegaan. Dit was alles kabaal-planne."

Volgens UDF-aktiviste is Mokaba en Mokoena veral deur die kabaal vir isolasie uitgesonder. In 'n dokument wat na bewering die kabaal se posisie vis-à-vis onderhandelinge uiteensit, word gesê dat Popo Molefe en Terror Lekota, voormalige UDF-leiers en nou in die ANC se leierskap, asook Peter Mokaba "so gou as moontlik geïsoleer moet word".

Volgens verskeie bronne binne die ANC en UDF is die kabaal "'n groep jong, professionele mense wat uit prokureurs, dokters en sakemense bestaan. Die vooraanstaande lede is Indiërs, maar dit beteken nie dat alle Indiërs in die bevrydingstryd lede van die kabaal is nie."

Mokaba sê hoewel die leiers van die kabaal Indiërs is, is daar "baie mense van dié gemeenskap wat die kabaal haat omdat hulle teen die belange van die Indiër-gemeenskap werk."

In sy brief aan die ANC in Junie vanjaar beskryf Mokoena die kabaal as volg: "Die kabaal is 'n geheime kliek aktiviste wat op die oog af dinge doen wat soos goeie werk lyk, maar hulle het 'n geheime agenda. Die kabaal maak gebruik van verskillende soorte strategieë soos isolasie, vuilsmeerdery, manipulasie en infiltrasie."

Mokoena het bevestig dat hy die werkinge van die kabaal in 1987 op 'n vergadering in Lusaka onder die aandag van die ANC se uitvoerende raad gebring het. "Ek is deur die RMC die mandaat gegee om die knaende kabaal-vraagstuk te opper by die leierskap van die ANC.

"Ons het die gevaar van die bestaan van so 'n groep in die progressiewe beweging uitgewys. Steve Tshwete, voormalige voorsitter van die UDF in die Grens, het saamgestem. Na 'n bespreking in diepte, is daar besluit om 'n kommissie van ondersoek onder aanvoering van Smangaliso Mkhatswa, Beyers Naude en Chris Dlamini te gelas. Die tragedie van dié kommissie is dat dit nooit in werking getree het nie."

Jordan ontken dat daar tans 'n kommissie bestaan, maar volgens Mokaba en 'n bron binne die ANC in Natal is daar wel só 'n komissie. Volgens die reëls van die ANC mag mense nie spekuleer totdat die kommissie sy bevindings bekend maak nie.

"Daar is beslis 'n kommissie aan die gang, en hulle het alreeds 'n voorlopige verslag aan die ANC gegee. Maar die ANC se amptelike posisie sou wees dat daar niks gesê moet word totdat die kommissie sy finale verslag ingedien het nie," sê die Natalse bron.

Hy sê die kabaal kon sy invloed op die UDF uitbrei omdat hulle oor "geld en ander bronne" beskik het.

"Hulle gebruik wat bekend staan as die CM-strategie (control and manipulation). Omdat die kabaal bronne tot hulle beskikking het wat mense in die townships nie het nie, was dit maklik vir hulle om dit te gebruik om beheer oor radikale organisasies uit te oefen."

Gevra hoe dit moontlik was vir 'n klein groepie om polities-bewuste aktiviste om te koop, sê hy: "Ons praat hier van 'n plek om te slaap, iets om te eet. Dit is maklik om mense te manipuleer as jy iets besit wat andere nie het nie, want ten einde laaste moet 'n mens tog lewe. Dus was dit moontlik vir die kabaal om die UDF van 'n front na 'n organisasie met ander doelstellings te verander."

Hy vertel verder hoe die kabaal die UDF "verlam" het.

"Die kabaal het die potensiaal van die UDF se geaffilieerde organisasies heeltemal vernietig. Neem as voorbeeld die besluit om die Vryheidsmanifes te aanvaar. Die kabaal het dit glad nie met die UDF se affiliate bespreek nie. Dis nie te sê dat mense daarteen gekant was nie, maar hulle is nie geraadpleeg nie.

"En in elk geval, só 'n besluit moes van die affiliate kom, nie die leierskap nie. Toe die UDF in 1988 ingeperk is, was die organisasie reeds verlam. Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het teen 'n leë ballon opgetree.

"Teen daardie tyd was daar geen UDF meer nie, net 'n paar individue wat persverklarings vanuit hul wegkruipplek uitgereik het. Sommige dinge wat die kabaal gedoen het, was só sleg dat dit nie in die pers vertel kan word nie."

Mokoena gaan selfs so ver om die kabaal se bedrywighede met dié van die weermag se Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) te vergelyk - maar die bron in Natal sê dit is "te sterk om hulle so te beskryf".

"As 'n mens praat van die BSB, dan praat jy van moord. Ek sou nie sê die kabaal het mense doelbewus mislei nie, omdat dit hulle in die kamp van die vyand sou plaas. Ek sou eerder sê dat hulle opregte kamerade was wat foute begaan het."

Volgens die Natal-aktivis is die kabaal nou dood in dié gebied, waar hulle oorspronklik begin het. "Maar hul mag dalk weer kop uitsteek in 'n ander organisasie. Ons moet net waak daarteen."

* Verlede week is berig dat een van die aangehoudenes in die Operation Vula-sage, Yunus Mohamed, een van die lede van die kabaal is. Die verwysing moes na Yunus Mohamed, 'n Durbanse prokureur, gewees het.


## Wat is 'n kabaal?

**Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beteken "kabaal" 'n "geheime verbond, samespanning, intrige". Dit kom van die Hebreeuse woord "kabbala", die "geheime leer en mistiek van die Jode in die Middeleeue", sê HAT. (Kabaal, sê HAT, kan natuurlik ook "rumoer, lawaai" beteken.)**

## Ontken hulle is lede van die kabaal...




Mohammed Valli Moosa



Azhar Cachalia

## Die kabaal moes hulle isoleer...



Patrick Lekota




Popo Molefe

## Hulle kla...




Peter Mokaba



Aubrey Mokoena

# Die skool en die sjebeen is langs mekaar...




**Onderwysers wat dronk op skool is, of afwesig is omdat hulle van 'n babalaas herstel, is in wit skole amper ongehoord. Vir swart skoliere is dit niks snaaks nie - almal weet dit gebeur en dat dit algemeen voorkom. Wat is die omvang van die probleem en wat is die oorsaak daarvan? CHRISTELLE DE JAGER stel ondersoek in**

"MENEER X is weer nie vandag hier nie, hy het seker 'n hangover". "Dit ruik asof Meneer X weer 'n dop in sy laborotorium gesteek het". "Ek kom nou, ek gaan net gou sjebeen toe om bier vir die wiskunde-onderwyser te koop."

Dit is opmerkings wat algemeen onder skoliere in townships gehoor word. Swart skoliere vertel van onderwysers wat in die klaskamer inmekaar sak en van leerlinge wat gedurende pouse vir hul onderwysers sjebeen toe gaan.

Een skolier vertel selfs van 'n onderwyser wat dood is toe hy onder die invloed van drank in die klaskamer geval en sy kop gestamp het.

Is dit rêrig so erg, of is dit maar net gerugte oor onderwysers wat sosiaal of by die huis vir ontspanning drink?

Min navorsing is hieroor gedoen, en daar is nie genoeg inligting beskikbaar om te bewys dat daar 'n besondere drankprobleem onder swart onderwysers bestaan nie. Daar is egter oorweldigende omstandigheidsgetuienis dat die probleem wel 'n groot omvang het. En die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) erken ruiterlik: die probleem bestaan en hulle is baie besorg daaroor.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkohol- en Dwelmafhanklikheid (Sanra) het dit ook as 'n groot probleem-gebied geïdentifiseer waaraan hulle volgende jaar in besonder aandag gaan gee.

Dr Mark Gillman, direkteur van die Suid-Afrikaanse Breinnavorsingsinstituut en direkteur van navorsing by die Themba-rehabilitasiesentrum vir alkoholiste by Dirkiesdorp naby Newcastle, het die enigste opnames tot dusver gemaak.

Die Themba-sentrum is in 1984 gestig en is die enigste alkoholrehabilitasiesentrum in die land wat geheel en al op 'n vrywillige toelatingsgrondslag bedryf word.

Gillman het bevind dat in die ses maande van 17 Mei 1988 tot 17 November 1988, 16,9 persent van die mense wat hulself by dié sentrum vir behandeling ingeskryf het, onderwysers was.

Hy beklemtoon dat dit net 'n voorlopige opname is en glad nie as 'n volledige wetenskaplike studie beskou moet word nie. Daar kan ook ander redes vir die hoë persentasie onderwysers wees, soos dat onderwysers hulle miskien meer geredelik vir professionele hulp sal aanmeld.

Gillman sê dit is egter insiggewend dat die syfer baie hoër is as die beraamde persentasie swartmans met 'n drankprobleem, wat op 10 persent deur wetenskaplike navorsing gestel word.

Wat dié voorlopige opname gedoen het, sê Gillman, is om die algemene opvatting dat daar 'n alkoholprobleem onder swart onderwysers bestaan, en dat verdere navorsing dringend nodig is, te beaam.

Onderwysers met wie Vrye Weekblad gepraat het, was huiwerig om openlik oor die drankprobleem te praat, maar erken dat dit bestaan en 'n groot probleem is.

Op voorwaarde dat hulle name nie bekend gemaak word nie, het twee onderwysers daaroor uitgebrei.

'n Jong onderwyser aan 'n sekondêre skool sê dit is 'n groot probleem, veral by sekondêre skole. In die meeste gevalle drink die onderwysers na skool, sê hy, maar daar is ook baie gevalle waar onderwysers tydens skooltyd drink of so onder die invloed is dat hulle niks kan uitrig nie.

In sommige skole neem onderwysers drank saam wat hulle gedurende pouse met leerlinge of ander onderwysers deel, of 'n leerling word sjebeen toe gestuur om drank te gaan koop, sê hy.

Hy sê probleme kom veral voor wanneer daar ontwrigtings is deur boikotte, geweld of wegbly-aksies. Benewens die sielkundige aspekte van die ontwrigtings laat dit onderwysers met baie ledige tyd en is daar 'n groot tekort aan ontspanningsgeriewe by die skole en in die townships. Die onderwysers drink dan om die tyd om te kry.

"Daar is ook geweldige frustrasie onder ons swart onderwysers. Daar is 'n groot werklading weens die groot klasse, en onvoldoende geriewe om te doen wat jy graag wil. Dit skep frustrasie, spanning en 'n gevoel van hopeloosheid."

Hy sê die skoolhoofde hanteer dit meestal deur òf die probleem te ignoreer, 'n dronk onderwyser vir 'n paar dae huis toe te stuur, òf deur 'n probleemonderwyser te verplaas. Onderwysers word soms na organisasies soos Alkoholiste Anoniem of Sanra verwys, maar dit gebeur selde.

'n Ouer onderwyser van 'n ander skool sê ook dat veral onderwysers in sekondêre skole 'n groot drankprobleem het. Dit kom ook voor in primêre skole, maar op 'n baie kleiner skaal.

Hy sê in sy skool is dit iets wat meestal buite die skool gebeur en wat dan 'n invloed binne skoolure het, hoewel hy weet van ander skole waar onderwysers tydens skooltyd drink.

"Onderwysers sal byvoorbeeld vir dae nie skool toe kom nie om van 'n babalaas te herstel, en as hulle wel opdaag, is hulle heeltemal ondoeltreffend."

Hy meen daar is verskeie faktore wat bydra tot die probleem: onderwysers het te veel tyd tot hulle beskikking, en is nie genoeg betrokke by buitemuurse bedrywighede wat hulle iets gee om met hul ledige tyd te doen nie.

Daarbenewens is daar sosiale en politieke faktore wat tot spanning en frustrasie onder swart onderwysers lei. Die manier waarop hulle dit probeer verwerk is deur te drink.

"Ons werk in baie moeilike omstandighede. Benewens die toestande in skole wat frustrasie in die uitvoering van jou werk veroorsaak, sit die swart onderwyser tussen twee politieke pole.

"Ons jeugdiges is ontevrede en gefrustreerd, en behoort aan die verlinkse, radikale kant van die politieke spektrum. In my skooldae is onderwysers as gerespekteerde lede van die gemeenskap beskou. Nou word ons dikwels as deel van die stelsel beskou.

"Die politieke omstandighede beteken ook dat ons te midde van groot ontwrigting moet probeer om onderrig te gee en 'n posisie van gesag en aansien te behou."

Hy sê die situasie word ook moeiliker gemaak deurdat jonger onderwysers en leerlinge in die naweke dikwels by dieselfde sjebeen drink. Dit skep 'n probleem met respek en dissipline.

Hy wys daarop dat die drankprobleem in swart skole nie net tot onderwysers beperk is nie. Skoliere bring ook alkohol skool toe en kom onder die invloed klas toe. "Onderwysers is rolmodelle en die invloed gaan noodwendig deurdring tot hulle leerlinge. Tydens verlede week se eksamen moes ons een skolier huis toe stuur. Hy was te dronk om eksamen te skryf. Ons kan nie meer daarvan wegkom dat daar 'n probleem is nie. Ons moet iets doen," sê hy.

Liz Pretorius, die direkteur van Sanra, sê hoewel nog werk op dié gebied dringend nodig is, het Sanra drankmisbruik onder swart onderwysers as 'n groot probleemgebied geïdentifiseer.

"Ons swart maatskaplike werkers van Soweto bevestig dat daar groot probleme is, en ons is baie bekommerd daaroor. Dit is een van ons beplande programme vir volgende jaar."

Sy sê daar is waarskynlik verskeie faktore wat tot die ontstaan van die probleem bydra. Daar is 'n krisis in die onderwysstelsel wat oor jare opgebou het, en onderwysers meen hulle is nie voorbereid om dit te hanteer nie.

Klasse is oorvol, daar is nie genoeg geriewe nie en onderwysopleiding is nie altyd voldoende nie.

Die onsekerheid, frustrasie en spanning wat dit by onderwysers veroorsaak, skep die ideale teelaarde vir potensiële alkohol-misbruik.

Die politieke omstandighede in die land bring ook mee dat onderwysers dikwels met hoogs gepolitiseerde jeugdiges in hul klaskamer sit, en Pretorius sê dit lei tot groot spanning onder swart onderwysers.

"Dit is ook so dat indien die stelsel môre verander, die probleem nie opgelos gaan word nie. Daar moet indringend na die situasie gekyk word. Die eerste stap is 'n erkenning dat daar wel 'n probleem bestaan, veral deur skoolhoofde, onderwysers en die DOO. Dan kan ons begin saamwerk om die probleem op te los."

Corrie Rademeyer, 'n DOO-wordvoerder, sê die onderwysdepartement sou graag na Sanra wou luister en hoor wat hulle voorstelle is. Tot dusver is die name van organisasies en sentrums aan streeksdirekteure, wat met alkoholprobleme werk, gegee. "Ons beskou die probleem in 'n ernstige lig en sal graag wil hoor wat ons kan doen om te help," sê Rademeyer.

# Ou Parktown-huise in gevaar

"NO offices here OK" is die goudgeel graffiti-boodskap teen die mure in Sewende Laan, Parktown - 'n noordelike voorstad van Johannesburg - nadat 'n aansoek by die Johannesburgse stadsraad ingedien is om vyf huise te sloop en kantore op dié drie erwe te bou.

Inwoners van dié huise, van die oudste in Parktown, is egter ontevrede omdat die eienaars en ontwikkelaars kantore daar wil oprig.

"Dit is ou huise en ons wil hier bly," sê een huurder, Dominique Gilbert.

In Julie vanjaar het die eienaars van die erwe toestemming by die Johannesburgse stadsraad gekry om meenthuise daar op te rig.

Die redes wat die eienaar in sy memorandum aanvoer waarom hy dié gebied tot 'n kantoorgebied wil laat herklassifiseer is "omdat die erwe nie meer geskik is as woongebiede nie".

"Die beste gebruik van dié erwe sal dus lae kantoorblokke wees," luidens die memorandum. Op een van die drie erwe het die eienaar reeds die reg ontvang om kantoor-geriewe op te rig.

Die een huis, wat moontlik gesloop gaan word, is in 1915 voltooi en was toe die eiendom van George Knight Esquire. Volgens dokumente is dié huis vir "vier Europeërs" gebou. Tans woon drie "Europeërs" in dié huis en is hulle baie ontevrede oor die moontlike bou van kantoorblokke.

Die erwe behoort aan G McLauglin and Company, en volgens die memorandum is die tuine en huise op die betrokke erwe in 'n "swak toestand".

Hoewel die memorandum sê dat die eienaar van die huise reeds 'n aansienlike bedrag geld aan die eiendom bestee het, "sonder om enige redelike terugontvangs op hul uitgawes te ontvang", sê die huurders dat die eienaar "nog nie een sent" aan die opknapping van die huise spandeer het sedert hulle ingetrek het nie.

"Ons woon reeds langer as drie jaar hier en in dié tyd is geen geld nog aan die instandhouding van die huise bestee nie," sê Gilbert.

Die vyf huise op die eiendom is die afgelope 50 jaar reeds onder huur-beheer.

In die memorandum sê die eienaar dat die huise "vervalle" is en dat dit baie duur sal wees om die huise te restoreer.

Judith Brigg, lid van die Johannesburgse stadsraad vir Parktown-Noord, voel nie so sterk oor die bewaring van die huise nie.

"Ek stel meer daarin belang om die erwe te beskerm teen kantoor-geriewe. Indien die eienaars net die reg verkry om meenthuise hier op te rig, sal dit steeds beter wees as wat hulle die reg verkry om kantoorgeriewe op te rig."

Volgens Flo Bird van Parktown se Inwonersvereniging wat ook op die Nasionale Monumente-kommissie dien, is die ideaal dat die huise bewaar sal bly. Sy dink egter nie die kommissie sal om geskiedkundige redes belang stel in die bewaring van die huise nie.

Protesbriewe teen die beoogde "ontwikkeling" is reeds deur die huurders by die stadsraad ingedien.

**- PEARLIE JOUBERT**

# 'n Gifdrama ontvou in Hof 6B

**'n "Geheime" getuie het Woensdagoggend in die Randse Hooggeregshof getuig hoe hy as agent van Militêre Inligting lede van die ANC in Mosambiek moes vermoor met vergiftigde drank wat hy na bewering by die forensiese laboratorium in Pretoria ontvang het. Leslie Lesia se getuienis in die lastersaak tussen Vrye Weekbklad en lt-genl Lothar Neethling was van die eerste getuienis onder eed oor die buitelandse optrede van die weermag. JACQUES PAUW doen verslag oor dié week se gebeure in die hof**

HOF 6B van die Randse Hooggeregshof het die afgelope week doodstil na 'n middeljarige man met 'n sagte stem sit en luister terwyl 'n spioenasieriller van plofstofgelaaide televisiestelle, vergiftigde drank, 'n gifring en 'n motor met 'n geheime kompartement voor hulle ontvou het.

Na twee dae in die getuiebank bly die groot vraag om Leslie Johannes Lesia, 54, se getuienis steeds: het hy op 22 Maart 1987 gif by die polisie se forensiese laboratorium in Pretoria gaan haal om ANC-lede in Mosambiek mee te vergiftig?

En het hy sowat twee maande vantevore vir lt-genl Lothar Neethling in 'n restaurant in 'n Johannesburgse hotel gesien waar die generaal aan hom uitgewys is as dié persoon wat Lesia-hulle van gif voorsien het?

Lesia het gister tydens kruisondervraging erken dat die beskrywing wat hy gegee het van die uitleg van die ingangsportaal van die laboratorium, in talle opsigte verskil van foto's wat gister deur Neethling se regspan by die hof ingedien is.

"Jy was nog nooit in jou lewe in die polisie se forensiese laboratorium nie," het adv Willy Oshry, QC, namens Neethling aan Lesia gesê. Hy het geantwoord: "Dit verskil wel, maar toe ek daar was, het dit anders gelyk."

Lesia was die sesde getuie wat vir Vrye Weekblad getuig het in die lastersaak van R1,5 miljoen wat Neethling, hoof van die polisie se tegniese en wetenskaplike afdeling, teen dié koerant en Weekly Mail ingestel het.

Die generaal, wat vandeesweek aandagtig na Lesia se getuienis geluister het, beweer dat hy belaster is deur beweringe dat hy gif aan kaptein Dirk Coetzee verskaf het. Neethling het kort-kort gelag terwyl Lesia getuig het.

Lesia, wat volgens 'n gewese koördineerder van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) vir dié organisasie gewerk het, maar self meen dat hy 'n lid van Militêre Inligting (MI) was, het dié week een van die eerste weermaglede geword wat getuienis onder eed oor buitelandse optrede van die weermag gelewer het.

Op 'n vraag of hy steeds in diens van MI is, het Lesia gesê: "Ek sal nie weet nie."

Van sy onthullings voor regter Johan Kriegler was die volgende:

* Hy is gewerf om vir MI te werk nadat hy 'n kunsskool in 'n township begin het en die Amerikaanse ambassade genader het om finansiële hulp. Dit blyk dat twee Suid-Afrikaanse MI-agente hulself as diplomate voorgedoen het om hom as agent te werf. Hy is gedreig dat sy skool geen fondse sou ontvang as hy nie bereid is om saam te werk nie.

* Die owerhede het klaarblyklik besluit om hom as agent te werf nadat hy die begrafnis van sy broerskind in Tanzanië gaan bywoon het. Hy is na sy werwing beveel om die ANC in Maputo en Swaziland te infiltreer. Hy is R1 600 per maand betaal.

* Hy moes 'n kas vergiftigde bier en 'n pakkie gif by die Russiese ambassade in Botswana aan ene "Big Jack" gaan aflewer in opdrag van Becker. Lesia het vertel dat hy aan die Russe gesê het dat dit 'n geskenk van die ANC is. Oshry het dit aan Lesia gestel dat dié storie so vergesog en verbeeldingryk is dat niemand dit sal glo nie.

* Kort nadat hy inligting oor sy ANC-kontakpersoon in Swaziland, Joseph, aan Bekker verskaf het, het die man spoorloos verdwyn. Toe hy navraag oor die verdwyning doen, moes hy hoor dat "ons manne reeds na hom omgesien het".

* Lesia het vergiftigde bier, brandewyn en vodka na Mosambiek vervoer en aan die hoofverteenwoordiger van die ANC in dié land, Sipho, gegee. Later het hy gesien hoe ene Gibson Ncube van die drank drink. Ncube is sowat 'n week later dood. Lesia het sy begrafnis bygewoon en die familie met die reëlings gehelp.

* Hy het 'n televisiestel met 'n afstandbeheerde bom na Maputo gesmokkel en dit aan 'n ANC-lid, Mhlope, oorhandig. Die toestel het later per ongeluk in Harare ontplof en die lewe van 'n ANC-lid se vrou geëis.

* Lesia is as gevolg van die ontploffing deur die ANC in Maputo ontvoer en na Lusaka vervoer vanwaar hy na Harare gebring is. Hy was 41 maande lank in die tronk waar hy na bewering wreed gemartel is voor hy vrygelaat is.

'n Album vol bewysstukke, bestaande meestal uit vliegkaartjies en handgeskrewe nota's, die gifring, sy paspoort, 'n beëdigde verklaring en 'n reeks foto's is by die hof ingedien.

Agt van die foto's is op 16 Junie 1987 (Lesia se verjaarsdag) deur die Sentrale Intelligensiediens van Zimbabwe geneem terwyl hy die geheime kompartement wat in sy motor ingebou is, aan hulle uitgewys het. Op een van die foto's verskyn 'n botteltjie gif wat volgens Lesia deur Becker aan hom oorhandig is waarmee hy ANC-lede moes vergiftig.

Volgens Lesia het Becker hom beveel om òf die gif in die gifring se spesiale kompartement te sit en in senior lede se drank te gooi, òf om lede self met die gif in te spuit met een van die spuitnaalde wat deur Becker aan hom verskaf is.

Die meeste van die bewysstukke is dié week in Harare bekom nadat Lesia se regsverteenwoordigers en 'n redaksielid van Vrye Weekblad na bewysstukke gaan soek het. Die bewysstukke het laat Dinsdagaand in Suid-Afrika aangekom.

Van die handgeskrewe nota's verwys na die uitwissing van die "vyand" binne en buite Suid-Afrika. "All big fishes in the Com Party (SAKP) must be exposed and be destroyed inside and outside RSA," lui een van die nota's wat Lesia tydens 'n voorligtingsessie neergeskryf het.

Lesia het getuig dat kort nadat hy aan die begin van 1987 gif by Becker gekry het, hy Neethling, 'n man en twee vroue in 'n restaurant van die Holiday Inn by die Lughawe Jan Smuts gesien het. Becker het die generaal aan hom uitgewys en gesê: "Dit is die grootbaas van die polisie. Dit is hy wat ons help met die goed (gif)."

Lesia sê hy het op Maandag, 23 Maart 1987 saam met Becker en ene Swannie die vergiftigde drank by ene Jakes in die laboratorium gaan haal. Hulle het by die bruin gebou stilgehou, ingegaan en die drie kiste bier, 'n kis vodka en 'n kis brandewyn ontvang.

"By die motor het Becker van die bottels uitgehaal en gevra of ek kan sien dat daarmee gepeuter is. Ek het gesê ek kan nie 'n ding daaraan sien nie. Bekker het gevra of ek nou kan sien hoe professioneel die mense is."

Oshry het aan Lesia gesê dat getuienis sal wys dat niemand met die naam Jakes ooit by die laboratorium gewerk het nie, dat die laboratorium op 23 Maart 1987 nog in die proses van totstandkoming was en dat Lesia se beskrywing daarvan wesenlik verskil van die werklike uitleg.

Oshry het 'n lang lys van vorige veroordelings van Lesia aan die hof voorgelees. Hy is in 1959 vir die eerste keer skuldig bevind weens diefstal van 150 pond, is in 1961 vir twee jaar tronk toe en het ses houe ontvang weens huisbraak, in 1965 het hy 'n opgeskorte vonnis gekry omdat hy R10 gesteel het, in 1970 is hy skuldig bevind omdat hy R25 se skoene gesteel het, in 1976 is hy skuldig bevind aan diefstal van R15 en 1978 is hy vyf jaar tronk toe gestuur weens handel in dagga.

Hy het ook in dié tyd probeer ontsnap.

* Adv Bobby Levin, SC, en adv Frans Rautenbach tree namens Vrye Weekblad in opdrag van die firma Bell, Dewar en Hall op. Oshry word bygestaan deur adv M Witz.



**Leslie Johannes Lesia saam met Max du Preez en Jacques Pauw van Vrye Weekblad voor die Randse Hooggeregshof dié week** *(Foto's: Lise Joubert)*



**Bobby Levine, SC, en Frans Rautenbach, Vrye Weekblad se advokate, met Martin Luitingh, Lesia se advokaat, agter Rautenbach**

# Valsbaai is 'n slykpoel

**Volgens eko-aktiviste en ander besorgdes, soos die skrywer TV Bulpin, is die toestand van Valsbaai by die dag besig om te versleg. Die mense wil nie eens meer die vis eet wat in dié baai gevang is nie. Is die owerhede aan die slaap? CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag**

"EK sal nie in Valsbaai swem nie al betaal jy my," sê die skrywer TV Bulpin.

"Dit is 'n slykpoel en daar behoort waarskuwingstekens aangebring te word soos by die besoedelde damme in die Transvaal."

Bulpin is nie die enigste mens wat nie dié somer gaan swem nie. Sedert hy in Augustus in 'n ope brief sy sorg oor die besoedeling uitgespreek het, het talle individue en instansies hulle agter hom geskaar. En die wetenskaplike getuienis laai op.

Talle verslae en waarnemings getuig daarvan dat die gehalte van die marinelewe en die seewater rondom Kaapstad, veral in Valsbaai, die afgelope tien jaar ingrypend versleg het. En dat die Kaapse aantrekkingskrag vir toeriste as gevolg daarvan drasties gaan begin afneem.

Die stadsvaders is klaarblyklik meer besorg oor die seisoen se winste en ontken al die aantygings.

Maar ondanks die ontkennings word massaoptrede deur bewarings-instansies en 'n parlementêre veldtog beplan om die stadsrade en streeksdiensterade rondom Kaapstad tot optrede aan te spoor.

"Dis soos om 'n bulldozer te beweeg," sê Bulpin. "Hulle gee net nie om nie en die getuienis is oorweldigend."

As bewys dien 'n WNNR-verslag van 1988, 'n ondersoek wat bevind het dat sure, swaar metaalafvalstof, petroleum, nitro-gliserien en TNT feitlik op strande van Valsbaai by die duisende kubieke meter in die see afloop. Die afval is meestal van drie groot fabrieke afkomstig - Somchem, AECI en Langeberg-koöperasie.

Navorsing deur die Departement Dierkunde aan die Universiteit van Kaapstad het aangedui dat 'n afvoerpyp by Monwabisi-strand die grootste besoedeling met stormwater-afval in die see stort. Stormwater-afvoer bevat die lood van voertuie en straatafval. Prof Alec Brown van dié departement het onlangs in 'n studie aangetoon dat voorlopige gevolgtrekkings daarop dui dat skulpdiere onvrugbaar word weens die hoe estrogeen-inhoud van die water, 'n probleem wat sedert die ontdekking van die Pil in watervoorrade opgeduik het.

Ook die Departement van Omgewings- en Geografiese Studies aan die UK het bevind dat die gehalte van die water in die Eersterivier deur stormwater- en landbouafval sodanig beskadig is dat dit gevaarlik is.

Boonop loop die Louwrens-rivier soms helder geel en oranje met afval van onder meer die Fedmis-fabriek.

Die skokkendste getuienis is egter dít wat mediese dokters in hulle spreekkamers te sien kry. Verlede somer is hulle oorval met oor-, neus- en keelinfeksies, oogontstekings, diarree en selfs geelsug, almal van pasiënte wat in Valsbaai geswem het.

Sommige mense, dié wat sê hulle weet, eet nie meer vis wat in Valsbaai gevang word nie.

Stephen Smith, mede-voorsitter van Earthlife Africa (Kaapstad), se dié organisasie glo dat die besoedeling in Valsbaai 'n regstreekse impak op inwoners van die gebied het, "om nie van die seelewe en die toerisme-bedryf te praat nie".

Earthlife Africa, Bulpin en ander belanghebbendes het pas 'n alliansie gevorm om die probleem aan te spreek.

"Ons versoek lede van die publiek om dokumentêre bewyse in die vorm van foto's en beëdigde verklarings oor die besoedeling in Valsbaai te verskaf en doen 'n beroep op Civic-organisasies en streeksowehede in die omgewing van Valsbaai om ons in ons stryd teen besoedeling te help," sê Smith.

"Ons nooi ook vakbonde uit om hulle lede te vra om die storting van skadelike afval te monitor en hulle bevindinge bekend te maak."

Sommige van die belanghebbendes meen die probleem is veral besig om hand uit te ruk weens die geweldige bevolkingsgroei op die Kaapse Vlakte teenaan Valsbaai waar Khayelitsha geleë is

Prof Bob McDaniels, voorsitter van Earthlife Africa (Kaapstad) se komitee oor skadelike afval, sê die see was maar nog altyd 'n stortingsterrein, maar dat dit nou internasionaal erken word dat verdunning van afval nie 'n oplossing is nie. Hy sê die probleem by Valsbaai is dat dit nie die nodige seestrome het om afval na die oop see af te voer nie.

"Valsbaai mag een van die mooiste baaie ter wêreld wees, maar sy vermoë om enige afval te absorbeer is uiters beperk," sê hy.

Volgens hom is die probleem nog van 'n medium-intensiteit, maar kan dit toeneem as stappe nie nou gedoen word om dit te bekamp nie. "Die tegnologie om die besoedeling op te ruim bestaan en is relatief goedkoop teenoor die beraamde koste oor tien jaar wanneer die gemors soveel groter sal wees," sê McDaniels.

"Die situasie kan nog omgekeer word."

Nan Rice, woordvoerder van die Dolphin Action and Protection Group, is meer besorg oor die feit dat die seelewe, en in die besonder dolfyne en robbe, deur plastieksakke bedreig word. Wat haar veral pla, is dat roosterbeskerming by afvoerslote relatief goedkoop en baie doeltreffend sal wees, maar dat die owerhede al jare voete sleep met die aanbring daarvan.

"Die makro-plastiek in die Kaapse waters het die afgelope vyf jaar met 175 persent toegeneem en vissery-verwante afval, soos nette, met 117 persent," sê sy. "Wat hier aan die gang is, is suiwer nonsens. As mense nie nou leer om nie rommel te strooi en uitlaatgasse te bekamp nie, gaan ons dit nooit stop nie."

Bulpin sê roosters is nie genoeg nie, aangesien dit nie die giftige afval uitkeer nie.

"In wese het dit 'n sosio-ekonomiese probleem geword en die owerhede sal nou moet wakkerskrik," sê hy.

"McDaniels sê uit die oogpunt van eko-aktiviste kan die bedryf van afvalstorting in die see tot 'n verskriklike ekologiese ramp lei. "Dit moet gesien word in die lig van die konsep besoedeling en nie as 'n goedkoop manier om dinge te laat verdwyn nie," sê hy. "Want dit verdwyn nie.

"Nywerhede raak net omgewings-vriendelik wanneer hulle gedwing word of wanneer dit winsgewend raak. Ons moet net onthou dat die ongeskende natuurskoon van die land oor 20 jaar baie meer werd as al die goud en diamante gaan wees," sê McDaniels.


## SOUTHERN AFRICAN ASSOCIATION OF YOUTH CLUBS (SAAYC)

**Invites applicants to enrol for a YOUTH LEADERSHIP DEVELOPMENT PROGRAMME (YLPD), a programme undertaken jointly by the CENTRE FOR CONTINUING EDUCATION, University of the Witwatersrand and the SAAYC.**

**COURSE OBJECTIVES:** At the end of the course, participants should be equipped with skills to work more effectively in their respective clubs/ community organisations and be able to implement meaningful development in the lives of young people.

**CRITERIA:**
Applicants should be:
- currently involved with and affiliated to a youth club or broad based community organisation and be able to prove bona fides
- 18 years or younger
- have a thorough working knowledge of English as this will be the medium of instruction
- committed to bringing about meaningful development in the lives of young people
- committed to attend all tutorials and practicals and to implement these skills to the youth groups/ community organisations they serve

**DAYS:** Tuesdays & Thursdays **TIMES:** 16h00 - 19h00
Saturdays: 1 per month 09h00 - 13h00
2 Weekend residential workshops: June & September 1991

**VENUE:** Centre for Continuing Education
Wits University

**DATES:** Interviews: 15 - 26 January 1991
Orientation: 16 February 1991
Course begins: 05 March 1991
Course ends: 28 November 1991

**FEES:** Registration & admin fee: R150 (to be paid by 16/02/91)
Tuition fee: R100
Residential Weekend Workshop: R50 per Workshop (fee includes accomodation and meals)
Transport: To be arranged if necessary


**COURSE CONTENT:**
1 INTRODUCTORY MODULE
Underlying philosophy of course, understanding own organisation and their needs.
2 HUMAN RELATIONS MODULE
Assertive behaviour, time management, group dynamics, gender issues.
3 ORGANISATIONAL STRUCTURES AND BEHAVIOURS
Organisational structures & systems, bookkeeping, fund-raising, membership.
4 JOB HUTING & JOB CREATION SKILLS
Resume's, interviews, networking, co-operatives.
5 EFFECTS OF ECONOMIC & POLITICAL DISPENSATIONS
Economics & existence, African politics, SA political context, negotiation.
6 SOCIAL CONTEXT OF YOUTH WORK
Culture, religion, ideologies.

**CLOSING DATE FOR APPLICATIONS:** Friday 4 January 1991
Send to: Mrs Crystal de Saldanha
SAAYC
PO Box 334
Maraisburg
1700
TEL: 011 474 2564/5

**YLPD APPLICATION FORM:**
Please post application with the following information:
- Full name, residential address, postal address, telephone numbers (work and home), date of birth, sex and home language.
- Name of Youth Group/Community Organisation you belong to/work for.
- The position held in the above.
- Type of activities run by Youth Group/Community Organisation.
- Street address of Youth Group/Community Organisation.
- Highest standard passed and present occupation.
- Reason for registering for the YLDP.
- Signature.

Please include a full resume/CV and any other relevant information.
**Closing date for applications: 4 JANUARY 1991**


# *Ampie wil karring*



Ampie Coetzee

"ONS gaan 'n bietjie ondermynend wees," sê prof Ampie Coetzee van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Wes-Kaap, oor 'n nuwe literêre tydskrif wat dié departement dié week die lig laat sien het.

Die tydskrif "Karring" het ten doel om die metodiek van Afrikaanse taalonderwys anders te benader "en baie te karring".

Na jare waarin die departement hardnekkig sy eie vertolking van die metodiek toegepas het, waar die teks binne die paradigma van die maatskappy gesien word, nooi die tydskrif nou mense, veral senior sekondêre onderwysers, kollege- en universiteitstudente om kommentaar te lewer.

Volgens die redaksie is die tydskrif, wat heeltemal enig in sy soort is, nie gerig op die stryd om die voortbestaan van Afrikaans of die politiek daarom nie, maar op "nuwe debatte en diskoerse" in die metodiek, byvoorbeeld om tekste vir alle groepe in die land toeganklik te maak.

Oor Breyten Breytenbach op die voorblad, 'n uittreksel uit sy jongste digbundel en 'n artikel oor sy digproses, verduidelik Coetzee: "In 'n sin het hy maar 'n simbool geword van Afrikaans wat wyer spreek as net tot Suid-Afrikaners."

"Karring, die woord met al sy betekenisse is vir dié nuwe tydskrif ter sake," sê die redaksie in die voorwoord.

Buiten die werkwoord "karring", beteken dit ook 'n vat of fles, 'n houer, en in ons geval 'n houer van nuwe idees, sê Tony Links. "Dit dui ook op 'n skommelende beweging van vloeistof, 'n woeligheid.


"Karring word soms ook gebruik vir lol of neul. Ons sal neul oor dit wat die gevestigde onderwyspraktyk nie wil toelaat nie," verduidelik hy. "Ons kyk anders na die taal en in Karring gaan ons dié idees deurgee. Die vernaamste daarvan is dat ons gemeenskapsbetrokkenheid sien as 'n verlengstuk van ons klasse."

Karring sal twee keer per jaar verskyn en hom toespits op die publikasie van artikels oor vernuwende metodiek, alternatiewe sienings en "interpretasies" van tekste. In die eerste uitgawe herlees Coetzee byvoorbeeld "Raka" met verwysing na die "Massa" en voer Julian Smith aan die hand van "Germanicus" en "Periandros van Korinthe" aan dat die tragedie slegs in 'n tyd van ekonomiese vooruitgang en politieke eengesindheid geproduseer word. Verder word na die verband tussen Afrikaans en "empowerment" gekyk en oor Afrikaans in Namibia verslag gedoen.

By dieselfde geleentheid is die derde in 'n reeks boeke met dieselfde dialektiese paradigma deur die departement vrygestel. Dit is Julian Smith se "Toneel en Politiek, 'n voorlopige dokumentering en ideologiese verrekening van kontemporêre swart Afrikaanse toneelaktiwiteit in die Kaapse Skiereiland".

**- CHRISTELLE TERREBLANCHE**

# Hoe ruik die baas se huis?




**TO MY CHILDREN'S CHILDREN**
*Deur Sindiwe Magona*
*David Philip (24,90)*

**ANTJIE KROG**

"TO My Children's Children" van Sindiwe Magona is 'n merkwaardige boek en 'n goeie vooruitgang op "Call Me Woman" van Ellen Kuzwayo om veral twee redes: Magona verhaal haar persoonlike lewe vanaf kleuter in die Transkei tot op 23-jarige ouderdom in Guguletu. Omdat sy nie voorgee om iets meer te doen nie, is die ontknoping boeiend en kerngebonde en word dit juis daarom veel meer as die verhaal van 'n enkeling. Die belangrikste rede is egter die feit dat Magona nie probeer om morele veroordelings uit te spreek nie - sy gee die werklikheid soos sy dit ervaar.

Dit was destyds 'n onaangename aspek in Kuzwayo se boek: sy het skerp veroordeel aan blankes, maar totaal ander maatstawwe gebruik wanneer sy diefstal en geweld bespreek. Tog, dit was vreeslike tye en geen skrywer kon hoegenaamd sy balans hou in die land nie.

Magona se besondere sensitiewe waarneming van mense, plekke, reuke, atmosfeer, taalgebruik, maak dit wat sy beskryf 'n juweel. Oor die huise waar sy gewerk het skryf sy: "The smells houses have come from the many activities and people in them - food, the washing, the preferred perfume of the lady of the house, the master's aftershave, and the facilities and time available to the maid are but few...each house has its own blend." Haar beskrywing van die drie huishoudings waar sy gewerk het, is ontsettend interessant - dit wat sy van hulle leer, hulle van haar, dit wat sy by die ander huishulpe op die bus of buurt leer. 'n Hele netwerk wat sy met 'n fyn oog teken.

Haar kinder- en jongmeisielewe aan huis van hardwerkende, maar tradisionele, ouers (toordokter, inisiasie, ens.) beskryf sy sonder verskoning of bedekte ongemaklikheid.

Die ontstellendste stuk is egter haar stryd om geleerdheid. Die agteruitgang van die skole direk na die implimentering van Bantu education - die verveling en korrupsie, die onmoontlikheid om enigsins te vorder. In kontras hiermee staan die Katolieke kerkskool op die platteland waar sy onder streng dissipline en toewyding 'n knap suksesvolle leerling word wat haarself as onderwyseres bekwaam.

Verstommend is die byna kritieklose gelatenheid waarmee sy die totale vernietiging van alles waarvoor sy so hard gewerk het, beskryf: swangerskap, 'n huwelik met iemand wat heel duidelik in alle opsigte haar mindere was, haar eie onvermoë om die sin van geboortebeperking te besef, die korrupsie in die swartskool-opset wat haar nie 'n pos gee nie, haar man se padgee. Magona se gestroopte beskrywings is aangrypend, byvoorbeeld van die dag toe sy haarself na 'n keiser met 'n derde kind op die berg buite die hospitaal in Kaapstad bevind.


Die "reis" beweeg vanaf 'n gelukkige ongekompliseerde dogtertjie in 'n liefdevolle plattelandse familienetwerk tot 'n geleerde vrou wat snags afvalle krap en verkoop om 'n krieseltjie kos vir haar kinders te beredder. Soms kook sy net water - in die skemer kom die verhongerde kinders nie agter dat dit nie sop is nie.

Wat ek, en waarskynlik die meeste ander lesers, wil weet, is: hoe het dié vrou hierdie onmoontlike versperrings oorkom om vandag, volgens die agterflap, met etlike grade agter haar naam vir die VVO te werk?

*Antjie Krog is 'n onderwyser en digter van Kroonstad.*

# Skewe glimlag van 'n ontnugterde dromer

**Die Amerikaanse skrywer Donald Barthelme, wat laasjaar dood is ,word deur MARTIN STEGMAN bekend gestel**




DIE man wat Amerikaanse letterkunde in die sestigs nuwe rigting gegee het, was Jorge Luis Borges. Engelse vertalings van sy werk het die eerste keer in die VSA verskyn en dinge dadelik laat gebeur.

In Borges het jong skrywers 'n manier ontdek om vorm te gee aan die chaos van Amerika ná die moord op Kennedy in 1963. Hy het fantasie gebied as 'n moontlike uitweg. Donald Barthelme, John Barth en Thomas Pynchon was die grootstes onder dié wat sy raad gevolg het.

Om Barthelme te begryp, moet 'n mens 'n beeld hê van sy Amerika in die jare toe hy gevorm is. Gladdemond Barth som dit op in 'n voorwoord tot 'n heruitgawe van sy befaamde fantasie-roman "Giles Goat-Boy".

"Amerika en Rusland het werkende waterstofbomme gehad, interkontinentale ballistiese missiele en kern-duikbote. Die geslaagde Sputnik-lansering van 1957 het die ruimtewedloop begin en gesorg vir 'n epidemie van akademiese gigantism in Amerika. Daar was 'n reusepoging om 'in te haal', aangehelp deur regeringsgeld wat die akkers van die Akademie regdeur die sestigs sou bemes. En die Kubaanse missiel-krisis van 1962... het by baie mense die spook van die Apokalips tuisgebring soos die atmosferiese toetse van kernwapens nie kon nie.

"Aan ander fronte was die volk sterk betrokke by Viëtnam, die swart menseregtebewegings was in volle gang, kommersiële lugdienste is pas ingestel, kassetspelers en stereo musieksentrums is by televisie gevoeg vir ons tuisvermaak. Die persoonlike rekenaar was nog in die toekoms, maar groot rekenaars was reeds 'opgestel' veral op florerende kampusse, en elektroniese dataverwerking het onherroeplik 'n merk gemaak op die nasionale bewussyn. Hippies het nog nie hulleself ontdek nie, maar Beatniks was goed bekend met hul teenkulturele aura van Zen-Boeddhisme en dwelms. In Amerikaanse fiksie was die verskynsel genaamd Swart Humor nie net gevestig nie, maar al ver gevorder."

Dié chaos het Barth, Barthelme en Pynchon weergegee met parodie, satire en onsinnigheid. "Ons hou van 'n klomp drek in ons boeke," het Barthelme gesê, "dinge wat skynbaar betekenisloos is."

Barthelme is op 7 April 1931 in Philadelphia gebore en in Julie verlede jaar in Housten oorlede. Hy was 58. Sy eerste roman, "Snow White", is in 1967 volledig geplaas in een uitgawe van die tydskrif The New Yorker - 'n ongekende eer vir 'n jong skrywer.

Hy was eers joernalis, maar het bekend geword deur vyftien boeke - veral die kortverhale in onder meer "Come Back, dr Caligiari" en "City Life", hy het daarvoor die Guggenheimer-beurs in 1987 gekry en die REA-prys vir kort prosa verower. Die kinderboek "The Slightly Irregular Fire Engine", wat hyself geïllustreer het, is met die Nasional Book Prize bekroon.

Sy sneeuwitjie is 'n ydele skoonheid wat 'n woonstel deel met sewe mans. Hulle maak geld uit Oosterse kitskos vir babas. Elkeen kry 'n beurt om saam met haar onder die stort te spring. Tussendeur kam sy haar swart hare en wag op die aankoms van haar prins. Hy daag op, maar word vergiftig deur die bose stiefma.

Dit lees soos 'n draaiboek, hierdie roman met bontspringery oor alle konvensies en grense. Barthelme was gek oor flieks en skryf visueel, stel tonele op - platvlakkige collages wat 'n mens deur jou eie 3D-bril moet perspektief gee.

Hy lag hom kort-kort dood vir sy eie obsessies - soos met die vraelys halfpad deur die boek waarin hy die leser vra hoe hy sover hou van wat hy sien.

In sy kortverhale gaan dit ook so. Daar is flitse van absurditeit en waansin; "Fragmente is die enigste vorm wat ek vertrou," sê die verteller in "See The Moon".

Jy moet vinnig draf om by te bly wanneer Barthelme se eenman-sirkus in die pad val. Oral bly sy rekwisiete lê - jy moet hulle maar optel en kyk wat werk, wat hoort waar en wat is net goed vir die rommelhoop.

Soms haal jy Barthelme in, wanneer die vrag los gedagtes op sy skouers hom afrem tot 'n gemakliker pas. Nou kan jy hom in die gesig kyk.

Dis nie die soort gesig wat jy verwag het nie. Die groot geraasmaker wat so mismoedig om hom rondstaar, het die skewe glimlag van 'n ontnugterde dromer.

**South Subscription Special Offer**
The only independent weekly newspaper in the Cape

*SOUTH 1991 calendar free with each annual subscription received before 31 December 1990!*

**RATES:** R30,00 (26 weeks);
R60,00 (52 weeks)
***Please complete and mail the form below:***

NAME: ..........................
ADDRESS: ..........................
..........................
..........................

Send form and crossed cheque or postal order to:
SOUTH Press Service (Pty) Ltd
PO Box 13094
Sir Lowry Road
7900

CODE: .......... PHONE: .......... (h) .......... (w)

Please indicate: ☐26 weeks ☐ 52 weeks

# 'Laat ons nageslag die vrugte pluk wat ons voorgeslagte nie kon nie'

**Die gemeenskap van Elandskloof in die Koue Bokkeveld woon die afgelope 28 jaar nie meer op die plaas, wat nog deur "Koningin Viktorie" aan hulle gegee is, nie. Die meeste van hulle woon soos plakkers op die nabygeleë Allandale-plaas. Daarom het lede van die gemeenskap dié week 'n optog deur die strate van Kaapstad na die NG Kerksentrum gehou om 'n beroep op die kerk te doen: "Maak reg wat julle verbrou het." CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag**

"SOOS herderlose skape het ons in die ruwe wêreld geswerf," vertel die Elandskloof-gemeenskap van die "donker wolk" wat sedert 1962 oor hulle hang. "Op die buite-grense van Elandskloof, tussen die rotse en bosse waar geen toekoms bestaan as net harde arbeid op die plase nie.

"Ons voel nou moeg, want ons voel die stryd, waarin leë beloftes gemaak is, hou nou lank genoeg aan."

Die gemeenskap, wat vroeg in die vorige eeu naby die huidige Citrusdal in die Koue Bokkeveld tot stand gekom het, het 'n eeu lank eiendomsreg op die plaas Elandskloof, onder beskerming van die NG Sendingkerk geniet. Die kerk het die grond met die aanvang van Groot Apartheid sonder hul medewete aan 'n private boer verkoop.

"Van daardie tyd af wag ons nog steeds op die belofte van die regering," het hulle drie maande gelede aan die Staatspresident geskryf. "Hy het gesê gaan en soek tydelik vir julle heenkome, ons sal so gou moontlik vir julle voorsien. Dit sal binne 5 jaar geskied."

Maar nadat elk van die 72 gesinne R200 kompensasie ontvang het, van die grond afgedwing is en hulle huise afgebrand is, die kleinboere se tuine vernietig is, diere doodgemaak en ander na die skut in Citrusdal gestuur is, woon die meeste van dié mense 28 jaar later nog soos "plakkers" op die nabygeleë Allandale-plaas. Die res is oor 'n wye gebied in Kaapland as arbeiders versprei.

Daarom het lede van die gemeenskap dié week 'n optog deur die strate van Kaapstad na die NG Kerksentrum gehou om 'n beroep op die kerk te doen: "Maak reg wat julle verbrou het."

Hulle wil binne twee weke 'n antwoord hê want die verbrokkelde gemeenskap voel hulle kan nie langer wag dat die regmatige eienaarskap, soos deur Koningin Victoria aan hulle toegeken, in ere herstel word nie.

"Ons voel sterk daaroor dat die NG Kerk, terwyl hulle besig is met versoening, hulself die taak oplê om die fout wat hulle gemaak het, reg te stel," sê die Citrusdal-aksiekomitee in 'n verklaring om die eise van die hawelose gemeenskap te steun.

Die gemeenskap is veral bitter omdat die skool en kerk - wat hulle eiehandig met klip gebou het - vandag as pakskure gebruik word, terwyl die geletterdheidsyfer onder hulle tot 30 persent gedaal het. Voorheen het almal tot minstens standerd ses geleer. Net na die verkoop van die eiendom en hul uitsetting is hul pogings om protes aan te teken, met argwaan en minagting deur die owerheid en veral die destydse minister van Kleurlingsake, PW Botha, verwerp.

As gevolg van 'n gebrek aan vervoer het die gemeenskap in 1962 besluit om die 300 kilometer na die Kaap te af te lê ten einde amptelike antwoorde af te dwing oor waarom hulle nie in die verkoop van hul eiendom geraadpleeg is nie.

"Ons moes omdraai," vertel Anita Titus, 'n lid van die gemeenskapskomitee vandag. "Van ons ou mense het langs die pad gesterf, ons het natgereën, daar was swanger vroue ook."

Die gemeenskap het sy versetpogings finaal laat vaar "en soos 'n trop diere van die plaas gevlug" toe Jan Januarie, hul leier, in hegtenis geneem is weens oortreding op sy geboortegrond.

Dié week het oom Jan self die brief aan die skriba van die Wes-Kaapse Sinode, Fritz Gaum, oorhandig. Hy het onderneem om na die volgende ringsitting te reageer. Maar destyds was dit nie so eenvoudig nie.

Die Burger het op 17 September 1962 berig: "In verband met Elandskloof het mnr Botha (PW) gesê daar sit politieke agitasie agter. Hy sal hom nie laat voorskryf deur mense wat marsjeer nie." Hy het kiesers op George verder gerus gestel: "Min Botha het gesê dat daar stories versprei word dat die Regering te min vir die blanke en te veel vir die nie-blanke doen. In die afgelope 14 jaar is daar 50 500 wonings in staatsondersteunde planne vir blankes gebou... In dieselfde tyd is daar 5 000 huise vir Asiate en 28 000 vir Kleurlinge gebou. Vir hoër onderwys is vanjaar R9,2 miljoen beskikbaar gestel, waarvan net een-tiende vir nie-blankes was." (sic)

Volgens oorlewering is die gemeenskap se destydse prokureur, Ben Pienaar, van Kaapstad, na bewering deur die minister gelas om die saak op te skort.

Waarom die plaas onder die wettige eienaars uitverkoop is, is destyds ook hewig gedebatteer, veral tussen Die Burger en die Cape Times. Die Cape Times het geskryf dat 'n klousule in die koopkontrak, wat stipuleer dat die eiendom net vir sending-doeleindes gebruik mag word, dit vir die Kabinet moontlik gemaak het om die plaas aan die Smit-broers af te teken. Dit blyk dat die plaas in die stadium nie baie winsgewend was nie en die kerk ook geldelike nood gehad het.

Daar is ook dokumentasie dat die Boerevereniging in die omgewing gekla het dat die boerdery op Elandskloof "onekonomies, ondoeltreffend en onwetenskaplik" is en die bewoners van die plaas "daarom 'n nadelige invloed onder werkers in die omgewing het". In der waarheid het die inwoners van Elandskloof blykbaar hoër lone vir seisoen-arbeid gevra as ander werkers.

"Hulle het ons swart gesmeer," vertel oom Jan van die boere se verslag. "Dit is hoe die voorsitter (van die boerevereniging) kennis gegee het: 'Hier is 'n klomp slawe - julle kan hulle kry.'" In 'n versoekskrif het die blanke inwoners en boere van Citrusdal melding gemaak van die "morele agteruitgang" van Elandsklowers, "'n anti-blanke gesindheid", "die arbeidsprobleem" en die "swartkol".

Van owerheidsweë is aangevoer dat sulke gemeenskappe in elk geval 'n anachronisme sou wees en vanself tot 'n einde sou kom namate mense buite die plaas begin werk en verstedelik.

Maar die plaas het juis tot stand gekom omdat die kerk gevoel het die spesifieke Bolandse gemeenskap het geestelike en opvoedkundige opheffing nodig.

Die Kerk het in 1861 die inisiatief geneem en 838 morge aangekoop, maar namate die gemeenskap gegroei het, is nog grond van die Engelse Kroon aangevra. Die bykomende grond is in 1900 toegestaan. Min dokumentasie bestaan oor die volgende halfeeu, totdat dit aan die einde van die vyftigerjare duidelik begin raak dat die kerk van die grond en sendingstasie ontslae wou raak.

So het dit dan gekom dat die self-onderhoudende gemeenskap van Elandskloof oornag vreemdelinge op hul geboortegrond geword het en ten beste as semi-feodale plaaswerkers 'n heenkome kon vind.

In later jare het die regering, en nog later die Huis van Verteenwoordigers hulle probeer paai met aanbiedinge van alternatiewe grond, maar tot vandag toe hou die gemeenskap voet by stuk dat hulle Elandskloof terug wil hê - "Ons Eiendomsplek," soos die ou mense van Elandskloof sê.

"Dit sal nou lyk of ons iets vra wat onmoontlik is," vra die gemeenskap vandeesweek die Kerk, "maar dit is nou die tyd dat eerlikheid aan die dag gelê moet word. Vandag beskou ons die Kerk as 'n eerlike en regverdige plek, waar eerlikheid en regverdigheid moet geskied. Die gedagte is nie om dit met politieke agitasie reg te maak nie, maar ons en ons voorgeslagte is verontreg en ons wil baie graag hê dat geregtigheid moet geskied, sodat ons nageslagte die vrugte moet pluk wat ons voorgeslagte nie kon nie."

Dié oproep word gesteun deur die Weskus Raad van Kerke wat dié week verklaar het: "Meer as twee miljoen mense is gedurende die 40 jaar na Nasionalistiese bewind van plase verskuif. Vroue, kinders en mans van Elandskloof, hul vee, en in werklikheid hulle totale bestaan en identiteit, is by dié syfer ingesluit. Die erfenis van apartheid is soveel meer pynlik en afstootlik weens die Kerk se betrokkenheid en handhawing van die onmenslike stelsel."

Ook die Surplus People Project (SPP) het sy stem daaraan toegevoeg: "Die grondeis van die gemeenskap van Elandskloof moet gesien word in die konteks van wat koloniale onteiening en apartheid aan die inwoners van Suid-Afrika gedoen het. Ons vra daarom die NG Kerk om te verseker dat die mense van Elandskloof so gou moontlik na hul grond terug kan keer."

* "My ma het vir my gesê hulle loop sny hulle boegoe," vertel 'n Oud-Elandsklower dié week. "Toe ek sny toe moet ek dieselfde boegoe sny en vir die Sendingkommissie en hulle koop dit en hulle gee vir jou 'n sikspens en vat vir hulle die pond - daar het die bedrog begin. Die tweede - jy kry nou nêrens in die aktekantoor 'n bewys dat koningin Viktorie vir die bewoners grond gegee het nie, dis weggesteek."




Elandskloof se mense marsjeer na die NG Kerksentrum in Kaapstad met 'n petisie waarin hulle hul grond terugeis. Voor regs is Jan Januarie van die Elandskloof-gemeenskap (Foto: Christelle Terreblanche)

# Daar sal 'n Afrikanervolk in die hemel wees

**Die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) was op 27 Junie drie jaar oud. Dié Kerk verwag dat lidmate en predikante van die NGK in groot getalle gaan wegbreek na aanleiding van besluite van die jongste Algemene Sinode en die belydenis van die NGK-leiding op die Rustenburg-Kerberaad. En die enigste logiese gevolgtrekking is dat die wegbrekers hulle by die APK gaan voeg, sê ds Mechiel Adendorff, direkteur van kerkadministrasie. INA VAN DER LINDE het met hom oor die APK gaan gesels**

SOOS hy die kerk se roeping verstaan, sê ds Mechiel Adendorff, begin dit reeds by die eindbestemming, die hiernamaals. Dis hier waar die nasies - let wel, meervoud - in die lig van die Nuwe Jerusalem woon, en waar "die skatte van die nasies" versamel sal word.

Dié kry hy uit Openbaring 21. Op verskeie plekke. Neem byvoorbeeld vers drie: "Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees." En vers 24: "Die nasies sal in die stad se lig lewe," en vers 26: "Die mense sal die skatte en die rykdom van die nasies daarheen bring."

Die verskil tussen die NG Kerk en die APK lê dus nie net in die verskil in siening oor swartmense in die kerk toegelaat moet word, of oor kerkeenheid met die swart en bruin kerke van die NG-familie nie.

Dit lê in die roeping van die kerk om "die gelowiges uit die Afrikaners te help om skatte tot eer van die Here in die hemel te versamel". Die kerk moet dié bestemming dien, sê Adendorff.

"Dit beteken dat die gelowiges uit die Duitsers wat daar in die hemel is, verteenwoordigend is van die Duitse volk, hulle is die Duitsers. Die nasies woon daar, die Afrikaners ook... Daar sal 'n Afrikanervolk in die hemel wees, die gelowiges uit die Afrikaners, selfs al gaan die Afrikaners hier op aarde tot niet.

"Hulle moet die kerk hier langs die pad help om skatte tot eer van die Here in die hemel te versamel."

Daar is dus 'n dieper godsdienstige betekenis aan die noodsaak vir die Afrikanervolk om hier op die aarde te bly voortbestaan. Hulle moet skatte vir die hemel versamel. En hulle moet 'n Afrikanervolk in die hemel uitbou.

Na drie jaar staan die lidmaattal van die APK op 30 000, waarvan 21 000 volwasse lidmate en 91 predikante. Die eerste predikant wat by die APK se teologiese skool in Sunnyside - 'n dubbelverdiepinghuis - afstudeer het, word Sondag gelegitimeer. Attie Boshoff is 'n seun van ds Adam Boshoff, die broer van prof Carel Boshoff.

Volgens die beramings van die NGK is sowat 15 000 van die APK se lidmate uit dié Kerk afkomstig. Dit maak sowat 0,9 persent van die totale lidmaattal van die NGK uit. 'n Fraksie van die NGK, stem Adendorff saam.

Destyds is die wegbreek van die APK vergelyk met die wegbreek van die HNP uit die NP. Die grootste getal KP-ondersteuners sit nog steeds in die NGK.

Gaan hulle na die APK toe oorloop na 1 Desember indien die KP-leier Andries Treurnicht en oud-moderator Kobus Potgieter die onrus verder aanblaas op die beplande vergadering van die beswaardes? Of gaan daar dalk nog 'n NG-skeurkerk tot stand kom naas die APK? Of gaan daar dalk glad nie geskeur word nie?

"Ek hoop nie die byeenkoms van ds Potgieter gaan wees soos in 1986 nie toe hy gesê het: ag man, kom ons gaan huis toe en gaan doen ons werk. Dit sou volstruispolitiek wees."

"Watter ander keuse het hulle as om by ons aan te sluit? Ek dink nie daar gaan 'n verdere skeuring wees nie. Dit sou baie jammer wees. Daar is mense wat praat van 'n dolerende kerk wat binne die NGK bly, maar hul bande met die Algemene Sinode losmaak? Dit gaan nie in die praktyk werk nie. Dis kontra-produktief en mors tyd en krag."

Dis vir hom duidelik dat daar "groot onrus" in die NGK is oor die Rustenburg-belydenis. Predikante sê hulle telefone lui dag en nag soos mense navraag doen oor die APK.

Gevra oor die skeuring in 1987 oor besluite in Kerk en Samelewing (KS), spesifiek oor apartheid en oop lidmaatskap, sê Adendorff die "linkse aanslag" het reeds in 1974 'n houvas op die NGK begin kry met die aanvaarding van die beleidstuk, Ras Volk en Nasie.

"Die aanslag het van sinode tot sinode gevorder, totdat hulle dit in 1986 reggekry het om die Kerk bollemakiesie te laat slaan. Die NGK het by die sinode totaal politiek dienstig geword aan die regering. Prakties het dit neergekom op kerklike integrasie."

Waar die Kerk voorheen weerstand gebied het teen die linkses, het dit nou nie meer gebeur nie, sê hy. Hulle moes toe hoor apartheid wat ander mense verontreg is sonde. Watter norme is daar vir onreg? Moet die norm vir verontregting dan Allan Hendrickse wees omdat hy sê hy is verontreg omdat hy nie kan swem waar hy wil nie, of kan woon waar hy wil nie, of sy kinders kan skoolgaan waar hulle wil nie?

Dis nie oor regse politieke oortuigings wat die APK weggebreek het nie, sê Adendorff.


"Hoegenaamd nie. Vir ons is dit 'n diep Bybelse saak. Rondom 1944 is daar 'n volkskongres gehou en toe is gesê dat die kwessie van afsonderlike ontwikkeling so 'n Bybelse saak is dat dit nie in die politiek tuishoort nie, en uit die partypolitiek gehaal moet word.

"Dis toe nie uitgehaal nie en het 'n vuurwarm debat in die Kerk gebly. Ons vereenselwig onsself steeds met die standpunt van die volkskongres."

Volgens die Bybel is differensiasie van volkere van die begin af daar, sê Adendorff. Weer 'n teks, dié keer Deuternomium 32:8: "Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hulle grense bepaal..."

God het die mensdom in volke opgedeel. 'n Mens mag nie die nasionaliteit van volke ignoreer nie.

Vir afsonderlikheid is daar Handelinge 17:26. Paulus sê God het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak en vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel "sodat hulle die Here kan soek".



Ds Mechiel Adendorff (Foto: Lise Joubert)

Die beleid van afsonderlikheid, 'n eie volk vir 'n eie gebied, is nie mense se patent nie, maar God se formule vir vreedsame saambestaan. Dit het die religieuse betekenis, "sodat hulle die Here kan soek", sê Adendorff.

> **'Daar sal 'n Afrikanervolk in die hemel wees, die gelowiges uit die Afrikaners, selfs al gaan die Afrikaners hier op aarde tot niet.'**

"En dan moet jy Christus se woorde in gedagte hou. Gaan maak dissipels van alle nasies, nie maak 'n nasie van al die dissipels nie."

Later op 'n vraag oor Sondagskool vir kinders, sê Adendorff dat hy self 'n handboek van die NGK vir jong kinders oorgeskryf het. En ontdek toe "dat daar alreeds indoktrinasie in is ten opsigte van integrasie".

Selfs die prentjies in die boekie dra reeds die gedagtes in "dat almal God se volk is, een bont spul deurmekaar, eintlik om maar iets anders te dien".

Dis daar wat hy ontdek het dat die New Age-beweging wat van almal een Suid-Afrika wil maak, reeds in die kategeseboeke van die NGK lê.

"Die New Age het lank gelede begin. Toe die Illuminatie begin het - 1876. Jy moet daardie goed lees. En weet jy waarom word 1 Mei herdenk? Dit was die geboortedag van die Illuminatie".

Hulle het 'n besluit dat partypolitiek nie van die kansels verkondig mag word nie, sê Adendorff. Maar omdat die APK glo dat God volkereverskeidenheid wil bewaar, sou hulle polities kies vir 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Dit beteken tuislande en grensnywerhede. As die beleid verder sou kon ontwikkel, sou daar vandag 'n beter beeld van apartheid gewees het as die karikatuur wat die politieke vyande daarvan maak, meen hy.

"Nou het ons tuislande en in plaas van dat ons kerke bou, bou ons afgodstempels. Kamtig om die ekonomieë te stimuleer. En ons eie mense word verlei, hoe skaam ek ookal daaroor is. Ons eie Afrikaners stroom oor die grense om voor die afgode te gaan buig."

Die blanke is in 'n bestaanskrisis, sê Adendorff. Veral omdat die sogenaamde vrede uiteindelik net een ding kan beteken: 'n Rooi bewind in Suid-Afrika. Dis die uiteindelike gevolg van FW de Klerk se beleid. Volke sal tot niet gaan, en die kerk sal uitgelewer word aan die Kommuniste.

"As ek dink aan wat met Wurmbrand gebeur het in Roemenië, krimp my hart ineen oor wat op die kerk wag."

Hy het in 1986 verkondig dat KS beïnvloed is deur die Freedom Charter. Die kernboodskap hierin is die verwydering van grense tussen volke, en die vernietiging van die Afrikaner.

Hy gee my 'n dun boekie oor die ooreenkomste tussen die Freedom Charter en KS. Op die voorblad is 'n dominee in 'n priesterkleed en 'n gesiglose figuur met stralekrans, wit klere en lang hare. Hulle staan op die dak van 'n gebou met gotiese pilare. Die priester se mond neig afwaarts. Hy beduie oor die aardse koninkryk. "Die waarheid struikel" is die boek se naam.

Binne word met vers en kapittel bewys dat KS uit die Freedom Charter kom. Soos een dominee destyds gesê het: "Hy oortuig my byna om by die ANC aan te sluit."

**Studiemetodes Internasionaal**

Raak studentewerk te veel vir u?

Studiemetodes Internasionaal sal u help om:

* Studietyd te verminder met 66%
* Leesspoed te verhoog tot 1000 woorde per minuut
* Verhoog retensievermoë
* Help om eksamen reg te hanteer en te benader
* Maak opsommings makliker

Vir skoliere, universiteitstudente, deeltydse studente, tegniese studente, besigheids- en professionele mense

Resultate onmiddellik sigbaar!

Skakel Madelyn en Maarten
(011) 7882174 (Gedurende kantoor ure)
(01491) 75268 (Na ure)

# Stof Hertzog se 'Suid-Afrika eerste!' a

**In dié verkorte weergawe van 'n referaat wat hy dié week by 'n byeenkoms van Idasa in Kaapstad gelewer het, sê DR NICO SMITH eie belang is nie deur die Afrikaners uitgevind nie, maar lê die Westerse kapitalistiese stelsel ten grondslag. Hy doen 'n paar voorstelle aan die hand hoe om die toekoms tegemoet te gaan**



Dr Nico Smith

DIE konsep van 'n nuwe Suid-Afrika het so afgesaag geraak dat ons dit nie meer behoort te gebruik nie. Dit is so 'n misterieuse begrip. Almal praat van 'n nuwe Suid-Afrika, maar niemand kan eintlik sê wat of hoe dié nuwe Suid-Afrika daar moet uitsien nie.

Wat ons wél vasstaan, is dat ons 'n nuwe toekoms in Suid-Afrika tegemoet gaan - onafwendbaar. En toekoms beteken letterlik: dit wat op ons toe-kom. En wat op ons toekom is wat ons self in ons eie toekoms ingebou het gedurende die afgelope veertig jaar. Wat ons as witmense onsself veroorloof het om met swartmense te doen, is nou besig om met verskrikking op ons af te kom.

Van die grootste belang is dat ons nóú - in die plek van die verskrikkende inhoud wat ons in die verlede ingebou het - in die toekoms van Suid-Afrika moet begin inbou. Wat kan ons doen om 'n meer menslike en hoopvolle toekoms vir al die inwoners van Suid-Afrika te help skep?

Maar eers wil ek die term "Wit Afrikane" verduidelik. Dié term het ek die eerste keer in 1962 in Nairobi, Kenia gehoor. Dit was by die Wêreldfederasie van Christen Studenteverenigings, waarheen die CSV 'n groot afvaardiging gestuur het.

Vir my was die eerste kennismaking met Afrika buite die grense van Suid-Afrika 'n traumatiese ervaring. Teologiese studente van Stellenbosch het my gevra of ek nie 'n afspraak kon reël met die president van die konferensie nie. Dr Karefa-Smart, 'n medikus en geordende predikant van die Metodistekerk asook minister van buitelandse sake van Sierra Leonne, het daartoe ingestem.

Aan die einde van 'n lang onderhoud in sy hotelkamer, het hy ons in sy vertroue geneem en gesê: "Julle het rede om bekommerd te wees oor julle toekoms in Suid-Afrika. Ek wéét wat agter die gordyne in Afrika oor Suid-Afrika gesê en beplan word. En dis nie gunstig vir julle nie. Julle gaan swaar tye tegemoet."

Ons was neergeslaan! "Watter toekoms is daar dan vir ons in Afrika? Moet ons die kontinent verlaat?" wou ons weet. Karefa-Smart het 'n paar oomblike gepeins en gesê: "Julle het 'n keuse. As julle Europiërs wil bly, moet julle Suid-Afrika verlaat. Daar sal in die toekoms van Afrika geen plek wees vir mense wat Europeërs wil bly nie. As julle egter bereid is om Wit Afrikane te word, bly dan asseblief in Afrika. Ons het julle nodig."

Wit Afrikane, het hy verduidelik, beteken "dat julle vir julself geen spesiale regte of voorregte opeis omdat julle wit is nie. Julle sal ten volle deel moet word van die mense van Afrika."

Die vraag is nou hoe ons ons toekoms as Wit Afrikane in Suid-Afrika moet sien - mense wat vir hulself geen spesiale regte of voorregte opeis omdat hulle wit is nie.

Om ons toekoms te bepaal, moet ons eers na ons verlede kyk. Ons verlede as witmense is tot op hede bepaal deur wat ek 'n eie-belang-model ("self-interest") wil noem. Die eie-belang-model is natuurlik nie die uitvindsel van die Afrikaner nie. Dit lê die hele Westerse kapitalistiese stelsel ten grondslag. Adam Smith het reeds in 1776 in sy "Wealth of Nations" gesê die bakker verskaf nie aan my brood uit goedhartigheid nie, hy doen dit uit self-belang.

Vanuit dié eie-belang-model het uiteindelik die skrikwekkende Westerse individualisme ontwikkel. Allen Bloom beskryf die kern van die Amerikaanse lewensgevoel in sy "Closing of the American Mind" as: "feeling good about myself."

Dié Westerse self-gesentreerdheid lei uiteindelik tot 'n noodwendige afsluiting, 'n uitsluiting, van ander. In Suid-Afrika het die eie-

**'Aan almal kan die geleentheid gebied word om op grond van hulle mens-wees by te dra tot en mee te werk aan 'n menswaardige lewensbestaan. Dit beteken nie 'n gelyke lewensbestaan nie. So 'n gelykheid sal ons uiteindelik wel bereik - maar in die kerkhof!'**

belang-model meer in 'n groepsbelang-model ontwikkel. Die wit groep moes hulle eie-belang afskerm. Wat nie wit was nie, moes uitgesluit word.

Hierdie uitsluiting van ander het, soos ons almal weet, met enorme verdrukking, onderdrukking, uitbuiting, verontmensliking, van diegene wat nie wit was nie, gepaard gegaan. In Suid-Afrika het die diepste probleem in verband met die eie-belang-model waarskynlik die duidelikste na vore getree in die probleem van moraliteit. 'n Lewensinstelling wat daarop uit is om eie-belang te bevorder, moet noodwendig die moraliteitsbelange verdof.

En wanneer die moraliteit verdof, verdof ook die verantwoordelikheidsgevoel teenoor diegene wat nie tot die groep behoort nie. Daarkom kon swartmense sedert 1948 in die "gaskamers" van die swart woonbuurte ingestuur word. Dáár, in die townships, is hulle gees "vergas" en van hul menswaardigheid en uiteindelik menslikheid ontneem. Niemand het gaan kyk wat met die swartmense wat verskuif is, gebeur nie. Die townships het arbeidskampe geword waartoe 'n witte net toegang kan kry as hy 'n permit het. Omdat die swartes nie as deel van die wit samelewing beskou is nie, is hulle tot implemente (funksies) omskep. Hulle behoort net tot die samelewing in soverre hulle 'n bepaalde funksie vervul.

Miskien is die funksionele mens-beskouing wat witmense omtrent swartmense het, die pynlikste van die apartheidsisteem.

Ek sê dié dinge nie om onsself nog misliker oor onsself te laat voel nie. Ek weet dat daar baie verligte mense is wat verontrus is oor wat in Suid-Afrika gebeur het.

En om verontrus te wees oor wat gebeur het en wat nog kan gebeur, is 'n voorvereiste om 'n ander weg in te slaan. Wat is so 'n nuwe weg na 'n nuwe toekoms?

As alternatief op die eie-belang-model sal ek graag aan u die "commitment-model" wil voorhou. Miskien kan ons van 'n gemeenskaplike belange-model praat. 'n Model van gesamentlikheid, bereidheid om met mekaar saam op weg te gaan. Swart, wit bruin, geel en what have you.

Daarmee bedoel ek nie 'n soort nasiebou-model nie. Ek beskou nasiebou nie as 'n onmiddellike ideaal vir die Suid-Afrikaanse situasie nie. As langtermyn-ideaal miskien wel, maar ons het nie nou die tyd om dit as prioriteit te stel nie. Wat ons nou nodig het, is 'n model wat as inspirasie kan dien en wat ons kan aktiveer.

Die "commitment-model" behels dat 'n kultuur gekweek word van uitreiking na en insluiting by almal wat in Suid-Afrika leef. Ek is bewus van die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing, en realisties genoeg om nie te dink dat ons hier 'n soort "melting pot" van volkere kan skep nie. Maar ek is nog idealisties genoeg om te glo dat ons 'n almal-insluitende Suid-Afrikanisme kan begin bou - in die nabye toekoms sal dit waarskynlik Azanianisme wees!

Om dié almal-insluitende Suid-Afrikanisme te begin bou, sou in praktyk kon beteken dat ons weer ou genl Hertzog se "Suid-Afrika eerste!" uit die doeke moet haal en op-polish. Natuurlik het Hertzog dit net op die witmense in die land van toepassing gemaak. Nou sal ons dit op alle inwoners van die land van toepassing moet maak.

Daarvoor is nodig dat ons as landgenote met mekaar 'n kontrak sluit. Noem dit 'n sosiale kontrak as u wil, waarmee ons wil sê: "Ons verbind onsself tot die opbou van 'n nuwe samelewing waarin niemand spesiale regte of voorregte vir hulself opeis nie."

Aan almal kan die geleentheid gebied word om op grond van hulle mens-wees by te dra tot en mee te werk aan 'n menswaardige lewensbestaan. Dit beteken nie 'n gelyke lewensbestaan nie. So 'n gelykheid sal ons uiteindelik wel bereik - maar in die kerkhof! Maar 'n menswaardige lewensbestaan sluit 'n onwaardige lewensbestaan deur oordaad van rykdom, sowel as 'n oordaad van armoede uit.

Ons sal moet prysgee en moet deel. Ons oordaad sal getemper moet word deur milddadigheid.

Maar "offers bring" het ook 'n religieuse konnotasie. Naamlik dat ons 'n nuwe moraliteitsgrondslag vir ons bestaan sal moet vind. En dié moraliteit sou kon bestaan in: "'n Ander se belang is ewe belangrik as my eie belang."

Breyten Breytenbach het reeds in 1964 oor die rol van die Afrikaanse skrywer gesê: "Hy moet die gewete van sy gemeenskap beliggaam. Hy moet vooruit kan kyk en waarsku as hy dink ons raak die weg kwyt. Hy is 'n seismograaf en 'n weervoorspeller. Hy moet daagliks probeer bewys dat ... ons eie vrede en geluk afhang van die vrede en geluk van almal."


**Die Universiteit van Namibië in Windhoek bied tersiêre opleiding oor 'n breë spektrum aan en voorsien so in die behoeftes van al die inwoners van hierdie jong onafhanklike staat.**

**Fakulteit Lettere en Wysbegeerte:**
**Departement Afrikaans**

## Senior Lektor/ Lektor/Junior Lektor

**Afrikaans (Letterkunde)**
**2 kontrakaanstelling**

**Kwalifikasievereistes:** Vir die senior lektoraat is 'n Magistergraad 'n vereiste, vir die lektoraat en junior lektoraat 'n Honneursgraad. Onderwysondervinding sal 'n aanbeveling wees.

**Posbeskrywing:** Daar sal van kandidate verwag word om Letterkundekursusse te hanteer.

**Datum van diensaanvaarding:** 1 Januarie 1991 of so gou as moontlik daarna.

**Sluitingsdatum:** 5 Desember 1990.

**Kontakpersone:** Mej A van Rhyn by (061) 307-2002 of

mev J Lombard by (061) 307-2122.

**Byvoordele:** Universiteit Namibië bied mededingende salarisse en die volgende byvoordele: ★ pensioenskema ★ mediese hulpskema ★ jaarlikse bonus ★ huiseienaarskema ★ ruim verlofvoordele ★ verhuisingskoste.

**Aansoekprosedure:** Skriftelike aansoeke moet vergesel wees van 'n curriculum vitae met volledige besonderhede van huidige salariskerf en -skaal, verhogingsdatum, vroegste datum van diensaanvaarding asook die name van drie vakreferente, en moet gerig word aan: Die Personeeldepartement, Universiteit Namibië, Privaatsak 13301, Windhoek 9000. Voorlopige telegrafiese aansoeke kan per teleks by 56-727 of per faks by (061) 307-2444 gemaak word.

Universiteit van Namibië
BOU DIE NASIE DEUR OPLEIDING

ARK DIE BESTE MENSE VIR DIE TAAK S2858/P251

# Die jagter as draer van die groen vaandel

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

AIE mense het reeds opgemerk t dit vandag moelik is om igiemand op te spoor wat ruiterlik l erken dat hy of sy in die verlede ondersteuner van apartheid was. andag is almal daarteen gekant - ook nie sommer van gister nie, e, ons het al laaaankal geweet artheid sal nie werk nie.

Baie mense wat omgee vir die ngewing, soos my oom (so ietwat ialend) sal sê: "Daardie langhare t alles weet van groen blare," het k 'n stryd om iemand te kry wat l toegee dat die holistiese wêreld-skouing hom eers onlangs opgeval t. Die hele Pick 'n Pay is dan nou l "groen-produkte".

Die jagters onder ons was natuurlik el eerste met die nuwe deuntjie. r hulle was dit maklik. Onthou lle was die manne wat "donker-rika" ingetrek het en met die geweer tem het. Hier het hulle "die roep-m van die wildernis" leer ken. En mmer lekker gehelp het aan die wissing van wat hulle nou "ons enis" noem.

Voorbeelde uit die verlede is lop. Lees die joernale van Selous, rnwallis-Harris, Cambell en ander. aar miskien is dié darem te ver in verskiet. Wat van JA Hunter, t in die veertiger- en vyftigerjare "game control officer" hoër-op in rika werksaam was? Hy het in ee jaar 996 renosters namens die loniale regering van Kenia gedun. En dit was nie al nie, fante, kameelperde, sebra's, buffels sommer alles moes plek maak vir vleiskuddes van die wit boer mite van die tsetse-vlieg en -en-klouseer was ook tydens dié gting ter sprake).

Maar Hunter ('n ironiese naam, ister iemand) het vir 'n baas gewerk, sal gesê word. Kom ons praat dan liewer van die manne wat vandag vir die sport skiet (hier kom die nuwe "bondeldraers" - the reborn hunter!)

"Ons is kenners van die veld en die diere. Ons maak nie dood ter wille van doodmaak nie - die basis is die "jag" en nie die vernietiging van lewe nie. Ons beoefen 'n edele en eeue-oue sport. Om die waarheid te sê, ons het met uitwissing niks te make nie.

"Ons dade en professionele optrede strek die bewonderingswaardige pogings van natuurbewaarders en soortgelyke organisasies slegs tot eer. En ons ekonomiese insette is iets waarsonder dié instansies nie kan bestaan nie.

"Luister ons betaal goeie bucks vir julle bucks. Gee my 'n breek!"

Dit laat my dink aan George Bush se toer deur Europa om steun te kry vir 'n oorlog teen Irak. "Listen," he drawls, "we gotta do it."

'n Enorme krygoefening word teenaan die grens van Irak van stapel gestuur met die kodenaam "Operation Iminent Thunder" en 'n woordvoerder van die Pentagon sê dat dit nie beskou moet word as sou Amerika enige druk op Hoessein wil uitoefen nie!

In dié rubriek is dit reeds gestel dat die jagter bewaar om dood te maak. Die storie van "skiet vir die pot" word gelukkig nie meer geopper nie. Diegene is nou almal aan die voorpunt van bewaring. Die beste ding wat nog met die jagters kon gebeur het, was die sogenaamde "Clem Sunter-opsie" - in dié geval draai alles om die beskikbaarheid van geld. Die "high-road" is die een wat met die groen blare besaai is (nie die blare waarna my oom verwys het nie).

"Ons sal gee en gee, meer as wat ander kan, solank julle ons nie die skiet van diere en die opwinding van die jag ontneem nie."

Ek is ten gunste van die benutting van natuurlike bronne en ter wille van 'n wye "bestuurstegniek" sou 'n mens geen deure wou toemaak nie. Maar om bewaringsaksies slegs te grond op 'n enkele energiepunt, naamlik geld, sou nie 'n gesonde en holistiese persektief in die hand werk nie. Trouens, dit kan weer eens tot "elitistiese" omgewingsentimente lei. Het ons nie al genoeg hiervan nie?

'n Tikkie sinisme sal niemand kwaad doen nie. En pas op vir die man met die geweer, ons weet mos wat hy kan doen. Om te bewaar om dood te maak.

Klink vir my of die probleem van "ekologie" vanuit die verkeerde windrigting benader word. En waak ook teen die hunkering vir "the big buck". Luister hierna:

"Here you step into a world where the lifestyle is in pace with the rythm of nature. Everything slows down - and one becomes aware of the sounds of the bush... silence... bird calls... animal calls. One sees the surrounding fauna and flora with new eyes. Man now becomes aware of his own primitive needs. The hunting instinct comes alive and can follow its natural course - tracking - shooting - and celebrating.

"Nothing can replace tradition and passion.

"The only country still offering THE BIG FIVE."

('n Aanhaling uit 'n reklamestuk vir 'n jagparadys in die Suid-Afrikaanse Waterberg, kort duskant Warmbad; en gerig op die moderne Amerikaanse jagter/sakeman.)

'n Storie (en dit kan moontlik net 'n storie wees) wat tans in die Noord-Transvaal die rondte doen, gaan oor twee wit renosters wat teen 'n aansienlike bedrag deur die eienaar van 'n jagplaas op 'n vendusie van die Natalse Parkraad aangekoop is.

Na 'n vermoeiende reis van twee dae het die reuse-vragmotors op die plaas aangekom. Die swaar diere het lomp uit die vanghokke na hul (vermeende) nuwe tuiste gestrompel, in die geweerlope vas van 'n aantal Japanse jagters wat die volgende oggend nog 'n vliegtuig huis toe moes haal.


Die renosters het slegs 'n paar tree op Transvaalse bodem gegee voor hulle in die naam van natuurbewaring, landbou-ekonomie en geld-in-die-sak afgemaai is. Die Japanners het hulle vliegtuig (en trofeë) betyds gehaal.

(NS. Voordat dié "storie" 'n "berig" kan word, moet ons eers meer inligting hê. Is daar iemand in die Noorde wat kan help?)

*(Tienie du Plessis is mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

# ie verdeling of "herverdeling"?

Geloofspraatjies



DIRKIE SMIT

KELE jare gelede is ek gevra om êrens te aat oor die taak van die wit kerke in Suid-rika. Onder andere het ek gesê die wit kerke 'n nuwe droom van Bybelse geregtigheid et begin droom waarin mense nie langer definieer en behandel word op grond van l velkleur nie, maar doodgewoon as mense. het gesê dit sou kon meehelp dat baie dinge lle vanselfsprekendheid verloor, totdat hul houdbaarheid sou blyk.

Ek het ook gesê dit sou beteken dat wit-nse en Christene op 'n nuwe manier te ke sou kry met die Derde Wêreldse kant n ons samelewing, met die feit dat ons van rika is en moet wees, met die armoede, ak onderwys, gebrekkige huisvesting, swak sondheidsdienste, geweldige werkloosheid, em maar op, van die swart kant van ons d.

By wyse van spreke sal ons veel meer van behoeftes en die pyn van ons samelewing et herverdeel as die sogenaamde rykdomme; ons beteuel sal word in baie van ons drange ons so vanselfsprekende leefgewoontes; ons veel sal moet prysgee van wat ons deur jare ongemerk vir onsself toegeëien het as l van ons identiteit en ons lewenstyl. Gesê ons dit alles sou moes doen, nie omdat ons rtoe gedwing word en nie langer anders n nie, dog eenvoudig omdat dit reg is.

'n Baie goeie vriend van my, een van Suid-rika se knap teoloë - van die groot korres-ndensie-universiteit teen die bult - het, as ige verdediger van die vye mark, skerp rvan verskil.

In 'n publikasie van "jong Afrikaners oor d-Afrika na apartheid", het hy die uitspraak herverdeling teologie genoem "wat rus op ngeboude pessimisme waardeur swaarkry 'n morele deug verklaar word".

Ek moes my liewer besig hou met die uitleg n die Bybel as met etiek, was sy vriendelike rsoonlike advies, want van laasgenoemde et ek te min. Nou is hy nie al een wat so voel herverdeling nie.

In 'n suidelike dagblad - aan wit burgers goed bekend - was hier onlangs twee merkwaardige berigte op dieselfde dag: Op die ekonomiese blaaie onder die opskrif "SA rykdom die skeefste", is na aanleiding van die AHI se kongres duidelik gemaak dat Suid-Afrikaners in die toekoms nog baie van die herverdeling van rykdom gaan hoor.

"Herverdeling," sê die koerant, "is nie iets wat sommer afgemaak kan word as ydele praatjies deur linkse swart politieke bewegings nie. Ook in die meeste ander kringe is daar eenstemmigheid oor die feit dat die inkomste- en rykdomverdeling in Suid-Afrika heeltemal skeefgetrek is en dat die saak in die reine gebring moet word."

Hoekom? "Die basiese probleem," sê die koerant, "is dat daar oor die jare heen 'n al hoe groter wordende gaping ontstaan het tussen dié wat het (hoofsaaklik witmense) en dié wat nie het nie (hoofsaaklik swartmense).

"Dit het nou reeds sulke afmetinge aangeneem dat die ongelykheid in Suid-Afrika deur navorsers bestempel word as die ergste ter wêreld". En dan word die bekende Gini-koëffisiënt aangehaal.

Die gevolgtrekking? "Mense mag dus onderling verskil oor hoe die inkomste en rykdom van die land herverdeel moet word, maar oor die beginsel daarvan kan kwalik geargumenteer word."

Merkwaardig. Want op dieselfde dag skryf dieselfde blad nog in sy redaksionele kolomme oor die ANC en hul maniere om die "rykdom te herverdeel" - in aanhalingstekens.

Miskien is dit net 'n skryffout en moet net "rykdom" tussen aanhalingstekens wees. Miskien is dit egter berekend, en word "herverdeling" doelbewus, om politieke en ideologiese redes, ook in aanhalingstekens geplaas. In 'n siniese soort wegstaan van die gedrog af.

En hulle sou nie al wees wat so voel oor hervedeling nie. Om begryplike redes.

Tog bly dit tragies. Daar is eenvoudig geen ander Christelike weg in dié land nie. Te lank is alles hier op grond van ras verdeel. Te skeefgetrek, te onbillik, te onregverdig, te onchistelik het dit alles geword.

Ons sal eenvoudig van voor af moet begin deel, ver-deel, her-ver-deel. Saam op 'n ander manier, op 'n ander grondslag, en omdat dit rég is.

Oor hóé dit moet gebeur, daaroor sal ons inderdaad nog moet praat, saam-praat, onderhandel. Maar dat dit móét gebeur, daaroor behoort Christene en kerke, wat droom van geregtigheid, nie te huiwer nie.

Trouens, op baie maniere gebeur dit al. As openbare geriewe gedeel word, as onderwysdeure op skrefies begin oopgaan, as sportliggame begin verenig, noem maar op, is dit maniere om die vreugdes en geleenthede, maar oor die swaarkry en leed van ons land nuut te verdeel, her te verdeel. Soveel moet natuurlik nog gedeel word: behuising, grond, mag, geleenthede, dienste, die toekoms.

Die punt is egter: ons behoort dit nie te deel omdat ons, teensinnig, gedruk en gedwing word, meegesleur word, deur historiese kragte wat uiteindelik vir ons te sterk geword het nie.

Ons behoort her te verdeel omdat ons moreel oortuig geraak het. As Christene en kerke begin besef het hoe onregverdig, hoe verskriklik onregverdig die ou verdelinge was, omdat ons in navolging van Christus aan andere begin gun wat ons aan onsself gun.

En dit behoort die wit kerke vir hulle lidmate te sê. Keer op keer. In die prediking, in sinodebesluite, in verklarings, op huisbesoek.

Waar en hoe die kerke ook al die evangelie aan hulle eie lidmate verkondig, behoort hulle dit te sê.

In die proses hoef niemand swaarkry en armoede te verheerlik asof dit beter is as voorspoed en geleenthede nie.

Armoede is nie verdienstelik nie. En swaarkry is nie 'n deug nie. Indien die kundiges, verkose verteenwoordigers en invloedrykes dus so kan verdeel dat almal so veel voorspoed en geleenthede as moontlik geniet: wonderlik.

Realisties gesproke bied die land tans net beperkte moontlikhede. Sodat regverdiger verdeling noodwendig sal beteken dat wit bevoorregtes swaarder sal moet kry as waaraan ons gewoond geraak het, sodat ander mense ook iets kan kry.

Soos my kollega tereg gesê het. Van etiek weet ek bloedweinig. Oor die praktiese vrae hoe die herverdeling moet verloop, sal ek my nie uitlaat nie.

Miskien moet selfs die kerke maar saggies daaroor praat.

Maar oor die feit dat dit móét gebeur, daaroor durf die kerk nie swyg nie.

Miskien het dit nie soveel met etiek te make nie, as juis met die uitleg van die Bybel. Met die hart van die evangelie. En om vandag in Suid-Afrika herverdeling in siniese aanhalingstekens te skryf, lyk vir my doodgewoon onchristelik.

*(Prof Dirkie Smit is hoof van die departement dogmatologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland)*

*Vrye* **Weekblad**

## Aids en tiener-seks

Die toename in Aids-gevalle en die voorkoms van die HIV-virus is nie net onrusbarend nie, dit het nou 'n nasionale krisis geword.

Daar is geen behandeling vir dié verskriklike siekte nie. Dit kan bloot gestuit word deur die verspreiding daarvan te stuit.

Sonder seks sal verhoudings tussen mense onmoontlik wees en sal die mensdom as 'n spesie uitsterf. Dus, daar is net een oplossing: gebruik kondome.

Die doeltreffendste manier om die gebruik van kondome aan te wakker, sê die kenners, is televisie.

Maar met sieklike geveinsdheid en 'n misplaaste Victorianisme wat aan die kriminele grens, weier die SAUK met sy monopolie dat kondoom-vervaardigers op televisie adverteer.

Byna net so misplaas is die Transvaalse Onderwysdepartement wat 'n video oor seksonderrig vir tienderjariges verbied wat volgens talle ouers en onderwysers baie suksesvol is. En dit terwyl daar jaarliks tienduisende Suid-Afrikaanse skoolmeisies is wat verwagtend word en òf die baba moet laat aanneem, òf 'n onwettige absorsie moet kry.

Die argument is klaarblyklik dat kondoom-advertensies en video's oor seksonderrig "promiskuïteit" sal bevorder. En 'n nasionale epidemie is verkieslik bo 'n paar jong Afrikaner-dogters wat voorhuwelikse seks gaan beoefen. (Ag, oom en tannie SAUK, hulle doen dit in elk geval.)

Die minister van Gesondheid, dr Rina Venter, het in haar kort tyd in dié amp nogal heelwat vertroue ingeboesem.

Ons sal graag wou sien sy moet nou sterk leiding neem en haar kollegas in die kabinet oortuig dat 'n meer volwasse, verantwoordelike aanslag op dié probleme nou gepas is.

## Transkei

Daar was al weer 'n gepoogde staatsgreep in een van ons tuislande. Dit raak nou 'n algemene verskynsel.

Die nuwe houding van die Bophuthatswana-regering om met die ANC te gesels en bereid is om oor 'n prysgawe van "onafhanklikheid" te onderhandel, is 'n baie welkome verwikkeling. Dit was die laaste tuisland wat nog aan dié droom geklou het.

Maar teen die pas wat die onderhandelinge tussen die regering en die ANC en ander bewegings nou vorder, sal dit nog baie lank neem voordat die tuislande heringelyf kan word.

Dit is net nog 'n rede waarom die leiers van die NP, die ANC, die PAC en Inkatha moet ophou om warm lug te produseer en eerder hul sake in orde moet kry sodat ons vroeg in die nuwe jaar om 'n tafel kan sit en 'n nuwe grondwetlike bedeling kan uitwerk.

## Thatcher

Margaret Thatcher se uittrede vroeër as wat sy beplan het, was onvermydelik. Met soveel arrogansie kan 'n nasionale leier nie lank op die troon bly nie.

Hier by ons was PW Botha 'n goeie voorbeeld daarvan.

Maar dit is tog jammer dat nóg 'n vroulike staatshoof nou weer deur 'n man vervang gaan word.

Die vroulike helfte van die wêreld se bevolking was nog altyd heeltemal onverteenwoordig in die regerings van lande.

## Optog

Die vasberadenheid van 'n groepie Kapenaars - heelwat van hulle nogal Afrikaners - om hul verwerping van moordbendes en van die Harms-kommissie se verslag uit te leef, moet bewonder word.

Ons hoop dat Saterdag se optog waartydens politieke toerekenbaarheid "begrawe" gaan word, goed ondersteun gaan word.

En ons hoop FW de Klerk, Magnus Malan, Adriaan Vlok en Louis Harms neem deeglik kennis.

## *So sê hulle...*

**"Die ANC** sal nou begin ontdek dat die deernisvolle en humanitêre hulp wat hy al die jare weens apartheid ontvang het, verdwyn het. Hy sal nou sy beleid moet verdedig op grond van die verdienste daarvan. Hy het sy status as die verdrukte totaal verloor." - Pik Botha, na sy terugkeer uit Sentraal- en Oos-Europa.

**"I listen** to the Top of the Pops and after three times I want to kill someone." - Oud-Beatle George Harrison oor rap-musiek.




**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Moordbendes - almal het geweet

**Kort Hendrik van Sunnyside skryf:**

Soos Max du Preez nou die aand gesê het: Almal in Suid-Afrika weet dat daar moordbendes was. Hoe weet almal dit?

Eenvoudig. Enigiemand wat in Suid-Afrika grootgeword het, ken die soort mense wat die meerderheid van die SAP uitmaak. In 'n land soos SA is dié soort polisie broodnodig. Jy kan tog nie byna die hele bevolking in verdrukking hou sonder 'n polisiemag met sulke houdings nie.

Een van die groot doelstellings van 'n moordbende is om mense wat teen verdrukking wil opstaan, af te skrik. Dus moet jou moordbende nie heeltemal verborge bly nie. Die burgers moet altyd sterk vermoed daar bestaan wel so iets. Hulle moet net nie die vinger kan lê op bepaalde name nie. Baie slim. Toe Lang Hendrik destyds gesê het hy kan enigiemand laat doodmaak, het hy nie sy bek verby gepraat nie. Hy het geweet presies waar om stil te bly.

Nadat Nofomela sy ding gedoen het, het FW lelike dinge gesien kom. Hy het dus besluit om sy opposisie te ontban en vry te laat. Mooi so. Kom ons probeer nou 'n regverdiger Suid-Afrika tot stand bring.

## Laat Carl vry!

**Anna Lourens van Quellerina skryf:**

As pres FW de Klerk in 1983 gedoen en verkondig het wat hy vandag doen en sê (met my heelhartige steun) sou hy dalk ook in die tronk beland het soos Jansie Lourens (vier jaar) en Carl Niehaus (vyftien jaar!). En "toevallig" sou daar dalk ook 'n spioen van Craig Williamson handig byderhand gewees het om te sorg vir die nodige "getuienis".

Hoe jonk was ons kinders nie toe nie! Hoe vol moed, vreugde, ideale en patriotisme. Hoe diep is twee gewone Afrikanergesinne nie in rou gedompel nie! Hulle (ons dierbare karaktervolle kinders) moes nooit tronk toe gegaan het nie.

Kan iemand my 'n goeie rede gee waarom Carl Niehaus nog (ondanks vele vertoë) in die tronk sit (sewe lange jare al?) Hy het nie moord gepleeg nie; hy wil net gelyke regte vir almal hê.

U sal in my en u Hemelse Vader se oë nog 'n pluspunt verwerf, mnr De Klerk, en 'n groot onreg regstel as u vir Carl Niehaus vrylaat.

Mag God u lei om u volk die regte leiding te gee.

## Apartheid en die wynbedryf

**Krotosoa se agteragterkleinkind van Goodwood skryf:**

Die ANC se grootste probleem is hulle weet nie hoe om die teen-revolusionêre aanslag (van divide and rule) te counter nie. Die ex-exiles, mede-patriote moet begin besef - die glorie van weer 'n huisduif met 'n halwe boodskap, om 'n legal non-voter te wees, het nou vervaag. Hef aan lê nou voor soos nog nooit tevore nie, die pad is lank en swaar, vryheid is nie 'n dag ver nie.

Apartheid het op 'n boer se plaas begin, nie toe DF aan bewind gekom het nie. Die sielkunde van apartheid is gewortel in die wynbedryf. Meerlust, Nederburg en Zonneblom, Delheim, Oude Libertas - die hele Kaap se apartheidsbrouers - het die knapste slawe gehad. Slaaf se kind het die beste wyn gemaak, om van antieke meubels, gegewelde huise, nasionale monumente nie eens te praat nie. Sakkie-sakkie is slaafmusiek, deur slawekennis voortgebring en in dronkenskap gesing. Apartheid het op die boer se plaas begin.

Die baas van die plaas is nie almal se pêl nie. Net groot gatkruipers kon hanggat gooi; as jy toyi-toyi, is dit jou laaste dans, dan's jy alles kwyt - suiwer boerebeleid.

"Dankie, my baas, vir die koringdop, ek vergeet maar dat jy my kinders skop."

"Landbou se beeld moet verbeter." (Die Burger 31/8/89), landgenote, genieters van die landgoedwyn, skud nou af die ex-exile-sindroom. Vra vir Albie Sachs wat weet hy van die dopstelsel. Vra vir Chris Hani hoe smaak die plaasboer se karwats. Vra vir Barbara Masekela waar kry plaaskinders kultuur. Vra vir Pallo Jordan wat is die gemiddelde salaris van die plaasslawe. Vra vir Govan Mbeki hoeveel kry die boere van die staat. Vra vir Nelson Mandela of die boere kibboetse ken. Vra jouself hoekom is plaashuise altyd wit. Vra die Here om die slawe krag te gee.

Volgens Die Burger se landbouredakteur vorder die boere se arbeidskode (Die Burger 17/2/90). Hulle is reeds amper twéé jaar besig met stappe om werkvoorwaardes vir hul werkers in kodes vas te lê (WHAM) en is onwrikbaar in hul voorneme om plaaswerkers se omstandighede te verbeter.

Die boere is glad nie onwillig dat wetlike diensvoorwaardes ook op plaasarbeiders van toepassing gemaak word nie (sic).

Die manne van Mannekrag wil selfs die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nou ook op die landbou van toepassing maak - retro-revolusionêr.

"Dit hoef nie in die hele land van toepassing gemaak te word nie," so sê baas Frans. Die wet sal nie vir die baas probleme veroorsaak nie. Die Broeders het lank om die braaivleisvure gekook en gekonfereer, want hulle dra hul volk se belange op die hart, van toentertyd af al. Meesters van paternalisme, kwekers van rassisme.

Regte egte onderdrukking, dié wynkultuur, kultuur van kapitaal en klasvorming. My oumagrootjiegrootjiegrootjie het ook vir dié grap geval, die Khoisan het die witman se warmwater sterk gesmaak.

Die Broederbond wil nou in die nuwe Azania die baas/kneg-verhouding verander in 'n baas/klaas-verhouding en die ANC is te dom om dit te besef. Klein Unita's en Renamo's word nou SAKK-georiënteerd (nog 'n geskiedkundige voorbeeld van Khoisan-koöptering deur vals beloftes). Die plaasmeide is mos mal oor 'n man in browns en boots.

Weet Slovo wat is werkersklas, weet hy of 'n slaaf ooit homself kan was? Die ex-returnees moet wakker skrik, dis dag. Wat het dan geword van die bobbejane wat so hastig en so lastig was? Of moet ons die stryd oorlaat aan die soetwyn van die pyn?

Suip voort, broeders en susters, ek is te babelaas. Lig 'n glasie op die vryburgers van die Broederstront. Die Kaap is nog Hollands, joeghaidie. Wynland, my land, izwe lethu!

## Verras

**Mike Kantey van Kaapstad skryf:**

Having got used to a high standard of journalism in Vrye Weekblad (exceeding lately the quality of the ill-fated Weekly Mail) I was somewhat surprised to see the poor treatment of environmental issues in your latest supplement.

I trust that this is a temporary glitch, and that standards will improve to normal.

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sing I ain't gonna work on Maggie's farm no more...

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die Ystervrou moet sweet!

ME YUPPIE FLU
Support group, Lombardi East, Jhb. Tel: 882-4299

## WOONPLEK

VAKANSIEVERBLYF
R55 - Bed en ontbyt. Lemoenkloof-gastehuis, Paarl (veelrassig)
Bel en bespreek nou (02211) 23782

Accommodation offered. Person wanted for post-apartheid, pre-liberation household. Any gender, any proclivity.
Phone Shurley (w) (011) 23-1210 or (h) 648-8337

Verblyf benodig: Vrou en progressiewe hond benodig verblyf in huis met tuin - Yeoville-, Bellevue- en Bez Valley-gebied. Skakel Laetitia by (011) 836-2151 (Kantoorure)

## DIENSTE

MASSAGE COURSE
Beginners. Only sincere people need apply. Tel: 882-4299

Op soek na klank vir jou partytjie of onthaal? Ek het luidsprekers en 'n klankversterker wat alles duidelik hoorbaar sal maak, vir almal wat teenwoordig is. My dienste is beskikbaar teen 'n baie redelike tarief. Vir meer inligting skakel 725-2364 (kantoorure)

LOODGIETER
PLUMMER
Alle gebiede in Pretoria, Verwoerdburg
Gratis kwotasie. Sewe dae van die week, 24 uur diens. Bel (012) 344-2690 X 5203

CITY COLLEGE
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.)
Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given
ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

DRESSMAKING & DESIGN
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

BEDREWE VERWER
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur: Konflik kan op 'n skeppende wyse beheer word. Ons is hier om Suid-Afrika te wys hóé. Rig navrae oor lidmaatskap of oor ons gereelde praatjies en seminare aan die Instituut in Johannesburg by (011) 482-2128 of faks (011) 482-2450. SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur, Posbus 890601, Lyndhurst 2106

## GEBEURE

Feestelike Kersinkope.
Winkels en stalletjies by die BIZARRE-sentrum (Rockystraat - Bellevue) sal van Dinsdag 27 November tot Saterdag 1 Desember tot 10 nm oop bly.
Daar is 'n donasie vir die Twilight Children, asook musikale vermaak (wat gumboot dancing deur die Twilight Children insluit). Navrae: Crackers Deli by 648-7010

THE ROAD LESS TRAVELLED
Discussion evenings. Sincere, friendly, relaxed study group. Work based on Dr Peck's book "The Road Less Travelled". Personal growth, understanding and creativity. Tel: 882-429

Juweliers-uitstalling.
3 Desember, van 4nm tot 9nm. Deur Teresa Naudé, Kittie Schnider, Alexandra Prinkle en Tessa Fleischer. Skyfies van die komtemporêre skool in Barcelona sal ook vertoon word.
Navrae: Teresa. 648-9931

AA LIFE VITA DANCE UMBRELLA 1991
The third annual Dance Umbrella will run at Wits Theatre from Monday, 25 February to Saturday, 9 March 1991
The Dance Umbrella, sponsored by AA Life Vita and organised in association with the Wits Performing Arts Administration, aims to provide a platform for all the talented contemporary choreographers and dancers in our country.
Entry forms are now available from Nicola Danby at (011) 492-1420, or write to PO Box 11159, Johannesburg 2000. Closing date for entries is 15 November 1990

## MARK

**PHAMBILI BOOKS:**
**Just arrived: New selection of Academic Titles**
**22 Plein Street**
**Tel: (011) 29-4944**
**WANTED:**
**Second-hand, Left Wing Books, in good condition, Phambili is buying**
**Open**
**Mon-Fri 9h00-17h30**
**Saturday 9h00-13h00**
**Sundays 13h00-17h00**

**Kashgar**

*Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566*

**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


# Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

## Redaksie

**Redakteur: Max du Preez**
**Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredakteur: Hans Pienaar**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Fotoredakteur: Lise Joubert**
**Ontwerp: Esma Anderson, Tinus Horn en Andrea Vinassa**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople**

## Bestuur

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar en Louwrins Potgieter.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

## Buitekantore

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 47-8960 en 47-8819**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.




JACOB REGOP

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGSVITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ...........................
Adres: ...........................
........................... Poskode: ...........
Telefoon: ...........................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

## Alleen om die wêreld

# Seiljagvaart se strafste toets

**Die BOC (British Oxygen Company) se alleenvaart om die wêreld is die grootste uitdaging wat seiljagvaart sy deelnemers bied, en dalk die strafste toets waaraan 'n sportman hom kan onderwerp. ALBERT MARITZ het op die vooraand van die tweede skof tussen Kaapstad en Sydney by 'n paar deelnemers gaan inloer**



John Martin, Suid-Afrika se voorste mededinger in die BOC se alleenwedvaart om die wêreld. Hy begin die tweede skof van Kaapstad na Sydney môre in die tweede plek. Nog 'n Suid-Afrikaner, Bertie Reed, is agtste. *Foto: Allied Book of SA Sport*

DIE onvoorspelbaarheid van die see maak seiljagvaart gevaarlik. In alleenwedvaarte, waar die deelnemers ten volle op hulself aangewese is, is dié gevaar heelwat groter.

Die organiseerders van die BOC-alleenvaart om die wêreld doen alles moontlik om die deelnemers se veiligheid te probeer verseker, maar In 1986 het Jacques de Roux, een van duie voorste deelnemers, tydens die tweede skof tussen Kaapstad en Sydney onverklaarbaar verdwyn.

De Roux, 'n voormalige Franse duikboot-bevelvoerder, het as voorloper in klas II in Kaapstad weggespring. Hy is nooit weer gesien nie. Sy seiljag is later ongeskonde opgespoor, kompleet met 'n bord kos op die tafel in sy kajuit.

En dis nie asof 'n gebrek aan ervaring tot tragedies soos dié lei nie; deelnemers kwalifiseer vir dié wedloop deur 2 000 myl alleen op die oop see af te lê.

Die strafste en gevaarlikste deel van die BOC wedvaart is die strook tussen Kaap Hoorn en Antarktika naby die eindpunt van die derde skof.

Benewens vlak water en 'n stormsee, word die deelnemers hier ook aan bittere koue onderwerp. (Die Suid-Afrikaner John Martin trek glo vyf stelle klere oor mekaar aan - en dan bibber hy nog steeds).

Van slaap is daar bitter min sprake wanneer die seiljagte op die oop see is.

As hulle gelukkig is, kan hulle af en toe hoogstens twee uur vir 'n slapie afknip, met die seiljag se stuurmeganisme op outomaties.

Teen die einde van vanjaar se eerste skof moes die Fransman Philippe Jeantot byvoorbeeld drie dae sonder slaap klaarkom; toestande was gunstig, en hy wou dit behoorlik benut.

Waarom stel seiljagvaarders hulle agt maande lank aan dié soort ontbering bloot, met toestande wat wissel van ondraaglike storms tot windstiltes waarin die jagte roerloos op die oseaan gaan lê?

Geld is beslis nie 'n beweegrede nie. Die wenner kry wel $100 000 (wat in die sportwêreld nie waffers vir agt maande se werk is nie) maar die meeste van hulle weet vooraf hul wenkans is byna nul.

Van die deelnemers besit niks anders as hul seiljag nie; hulle het alles verkoop om hier te kan deelneem.

As dit nie vir borgskappe was nie, sou baie min deelnemers dié wedvaart kon bekostig. 'n Mededingende seiljag in Klas I (maksimumlengte 60 voet) kos 1,5 miljoen dollar!

(Nando Fa van Hongarye, wat in 'n verdienstelike tiende plek lê, het wel sy eie jag teen 'n breukdeel van dié prys gebou, maar hy is 'n uitsondering).

"Dis die see wat ons lok," verduidelik die Australiër David Adams, en voeg met 'n glimlag by: "En waar kry jy 'n beter manier om jou bankbestuurder te ontduik? En op die oop see lui daar geen telefone nie..."

Isabelle Autissier, die enigste vrou onder die twintig deelnemers wat môre uit Kaapstad na Sydney vertrek, sê sy seil al vandat sy 10 jaar oud is, en dié wedvaart was iets wat sy bitter graag wou meemaak, omdat dit verreweg dié sportsoort se strafste toets is. Net om klaar te maak, is 'n voldoende beloning.

Uiteindelik kom dit op twee dinge neer: Deelnemers swig voor die bekoring van die see, en sedert Joshua Slocum in 1895 'n alleenvaart om die wêreld voltooi het, is dit 'n moet vir die see se grootste avonturiers. Daar is geen beter manier om jou vaardigheid ten toon te stel nie.

(Dit het Slocum destyds drie jaar en twee maande gekos om sy vaart om die wêreld - begin- en eindpunt Boston - te voltooi).

Van 'n normale gesinslewe is daar vir 'n alleenvaarder geen sprake nie, maar hulle probeer maar om tussen skofte tyd vir hul gesinne in te ruim.

Adams se vrou het haar in Kaapstad by hom aangesluit en gehelp om sy jag, Innkeeper, vir die res van die wedvaart voor te berei.

Wanneer die deelnemers aan die einde van die tweede skof in Sydney aankom, sal sy hom weer inwag, maar van 'n rustige tydjie saam met sy gesin sal daar geen sprake wees nie; daarvoor sal sy borge sorg.

Soos al die geborgde deelnemers, moet Adams reklamewerk doen en sy borge, Jarkan Yacht Builders, wil in Sydney soveel publisiteit as moontlik probeer kry.

Die Fransman Philippe Jeantot, wat die eerste twee BOC-alleenwedvaarte gewen het en vanjaar weer die gunsteling is, het nie eers in Kaapstad gebly terwyl sy boot opgeknap is nie; hy moes inderhaas huis toe gaan om sy verpligtinge teenoor sy borg na te kom.

Deelnemers aan die ongeborgde Korinthiese klas kry nouliks kans om behoorlik herstelwerk te doen; hulle voltooi net 'n skof, dan begin die volgende een al weer.

(Dit het die wenner van die eerste skof, Christophe Auguin, net 37 dae gekos om die afstand tussen Newport en Kaapstad af te lê; die Japanner Minoru Saito het 63 dae ter see deurgebring).

Seiljagvaarders is 'n interressante klomp mense.

Die publiek se groot gunsteling is Yukoh Tada, 'n Japanse taxibestuurder wat sy saksofoon oral saam neem en nooit 'n versoek om te speel, weier nie.

Dan is daar Hal Roth, op 63 die oudste deelnemer aan vanjaar se wedvaart. Hy het reeds vyf boeke gepubliseer, en in Kaapstad groot aanhang verwerf met sy vriendelikheid teenoor die honderde skoolkinders wat die seiljagte die afgelope paar weke op skooluitstappies besoek het.

(Dié uitstappies word gereël omdat die BOC-wedvaart geld vir die Wêreldwye Natuurfonds insamel.

Dit is deel van 'n veldtog om mense meer van hul omgewing en die aarde bewus te maak. Ongelukkig pas die morsige Kaapstadse hawe nie baie mooi by dié gedagte nie).

Dis moeilik om hierdie mense se byna bomenslike stamina en uithouvermoë te vereenselwig met hul vriendelikheid en nederigheid. Hoewel dié wedvaart wêreldwyd hope publisiteit ontvang, is hier vir vertoon geen plek nie.

En van môre af is dit weer net die seiljagvaarders en die see...





*Foto: Nicole Segers. Uit 'Casa: Culture in Another SA'*

# 'Hef die kultuurboikot op - nou'

**Baie kultuurwerkers is dit eens dat die kultuurboikot sy doel gedien het, maar niemand wou dit hardop sê nie. Nou het Junaid Ahmed, Cosaw se algemene sekretaris, en Mike van Graan, die direkteur van Kaapstad se Community Arts Project, in hul persoonlike hoedanighede met 'n nuwe kultuurstrategie vorendag gekom**

"ONS erken die (kultuur)boikot is ingestel as 'n integrale deel van die oproep tot verpligte en alomvattende sanksies teen die apartheid-regering, om die regering sodoende na die onderhandelingstafel te dwing. Die geldigheid daarvan was te danke aan die omstandighede waaronder die struggle destyds gevoer is. Die regering het deur middel van dwangmaatreëls regeer.

"Maar sedert 2 Februarie het die struggle verskuif van die gebied van dwang na die gebied van hegemonie. Die regering het aanvaar dat veranderinge in staatsinstellings teweeg gebring moet word. Of mens glo dat die proses van verandering onomkeerbaar is of nie, die punt is dat die regering met dié en ander stappe die "moral high ground" toegeëien het. Die Pretoria-regering begin nou tuis en in die buiteland meer en meer simpatie in te win. Die aard van die struggle het heelwat verander. Die progressiewe beweging kan nie langer op die status van slagoffer steun nie.

"Dit is die progressiewe beweging se verantwoordelikheid om die meerderheid tuis en die internasionale gemeenskap te oorreed dat progressiewe magte beter is as die new-look new-speak De Klerk-regering."

Wat het dit met die kultuurboikot uit te waai?

"Die boikot het onder ander omstandighede ontstaan en daaruit het vorms van kulturele organisasie en praktyke ontstaan, wat as hulle noodsaaklik was in die konteks van streng onderdrukking, teenproduktief is binne dié oorgangstydperk.

"Baie kulturele organisasies is gebore uit die behoefte om die kultuurboikot te monitor en te implementeer. As gevolg daarvan is baie kultuurorganisasies beskou as sensuurliggame, as ondemokraties, as magsbasisse vir individue, dat hulle 'n spesifieke politieke ideologie bevoordeel het en dat hulle bestaan het om politieke speletjies te speel en nie om die belange van kulturele werkers te verteenwoordig nie.

"Baie kunstenaars en kulturele werkers is vervreem van progressiewe kulturele organisasies en die erfenis van apartheid-verwaarlosing en die anti-apartheid kulturele struggle moet oorkom word. 'n Paar groot take lê vir die organisasies voor: Die organisasies kom nou te staan voor 'n paar groot take. Hulle sluit in 'n lees-en-skryf-veldtog; die ontwikkeling van 'n gesofistikeerde leierskap wat 'n teen-hegemoniese kunsbeweging kan beplan; die skepping van 'n materiële grondslag en organisasie-infrastruktuur om grassroots kulturele werk te ondersteun; die ontwikkeling van nuwe gehore; om met nuwe estetiese vorms te eksperimenteer; die teenwerking van die toevloei van "sub-letterkunde" en die laagste gemene deler van kommersiële kultuur wat populêre begrippe van kultuur domineer omdat die verspreiders die kultuurboikot geïgnoreer het, ens.

"Om dié take uit te voer moet ons saamwerk met voorheen verbode instellings en individue (en om hulle terselftertyd te transformeer), en om gebruik te maak van internasionale vaardighede en ervaring.

"Om die invloed en heerskappy van dominante Westerse kunstradisies in ons land teen te werk moet ons nou skakel met kulturele werkers in ander Afrika-lande.

"Teen hierdie agtergrond bepleit ons die onmiddellike en onvoorwaardelike opheffing van die kultuurboikot."

Ahmed en Van Graan voel veral sterk daaroor dat dit verkieslik is om die boikot nou op te hef en nie later as deel van 'n package deal nie. Om later gedwing te word om die boikot oorboord te gooi omdat daar in elk geval soveel oortredings is, sal net nadelig wees. Die progressiewe beweging kan hulle op die "moral high ground" bevind as hulle die boikot ophef.

"Die uitdaging is om leierskap te verskaf en om gehoor te word, nie omdat mense ons vrees vir wat ons aan hulle kan doen nie, maar omdat ons idees geldig is, omdat ons estetiese werk van gehalte lewer en omdat ons polities volwasse is."

*(Hierdie is 'n verkorte en verwerkte weergawe van Ahmed en Van Graan se argument.)*

## Staffrider-foto's en kuns

BARBARA MASEKELA, die ANC se kultuurhoof, open 6-uur Sondagaand die 1990 "Staffrider"-tentoonstelling van fotografie en kuns. Dit sal in die Mark-Galerye te sien wees.

Lesley Lawson, Santu Mofokeng en David Goldblatt het die fotografie-afdeling beoordeel, terwyl David Koloane, Joyce Ozynksi en Margie Makhoane die kuns-afdeling beoordeel het.

Volgens die fotografie-kritikus John van Zyl was verlede jaar se tentoonstelling 'n aanduiding van veranderende benaderings: die sosiale protes van die 70's is vervang deur dieperliggende ondersoeke in die sosiale lewe van Suid-Afrika. Steve Hilton-Barber het verlede jaar 'n meriete-prys gewen vir sy essay oor die Voëlvry-toer.

Nuwe kunstenaars soos Barney Nkosi, Sophia Ainslie, Israel Mashigo, Flora More en Anthony Paton is ook bekend gestel en volgens Koloane is nuwe kunsneigings in hul werk te bespeur. Van hierdie kunstenaars, asook 'n boel nuwes, se werk is vanjaar te sien.

# Kies 'n korma as dit kerrietyd is

Fynproe
NETTIE PIKEUR

NIEMAND het ooit sou dink dat die prys van enigiets, veral voedsel, ooit weer sal daal nie.

Maar dit het. Rooivleis is goedkoper as wat dit 'n jaar gelede was. En skielik is ons gunsteling-bredies en kerriekos weer bekostigbaar, want ons hoef nie alewige hoenderstukke te gebruik nie.

Maak tog 'n egte Indiese kerriepot, neul 'n vrind. Nie een wat brand nie hoor, ons wil nie brand nie, ons wil geur hê, en die gereg moet al die trimmings ook hê, nes ons oorle pa dit altyd gemaak het. (Ons pa was nie 'n grootse kok nie, maar hy het in sy middeljare 'n bevlieging gekry oor egte Indiese kos, wat hy nooit platweg kerrie genoem het nie. Hy het ure lank in die kombuis kon staan en vars speserye maal en ditjies en datjies byvoeg. Madhur Jaffrey was sy heldin, en "An Invitation to Indian Cooking" sy bybel).

Toe draf ek na my vriendelike slagter in Somersetweg, en lo en behold het hy kalfsvleis, gewoonlik peperduur, maar dié keer heelwat minder as R10 per kg, met 'n paar bene in, vra ek. Want 'n goeie Indiese vleisgereg is soos ons bredies: Hy vra vir 'n paar bene vir geur. Die vleis is natuurlik heerlik sag ('n Ingelse vriend stry alewig dis nie kalfsvleis wat ons hier kry nie, dis baby beef, maar basta.)

Hier is jou lys van verdere bestanddele: eetlepels koljander, 1 eetlepel komynsaad, 4 uie, 5 huisies knoffel, 1 stukkie vars gemmer so groot soos jou duim, 1 groot tamatie, 1 eetlepel borrie, 6 lepels olie en botter, 10 heel kardamomsade, 6 naeltjies, 10 heel peperkorrels, 4 lourierblare, 3 stokkies kaneel, 2 of meer droë rooirissies.

En so maak jy dan.

### *Kalfsvleis korma*

Verhit eerstens 'n klein swaar pannetjie. Maal die koljander en komynsaad effens fyn in 'n vysel en rooster net so droog in die pan vir drie minute. Hou eenkant.

Gooi nou uie, knoffel en gemmer in jou Magimix met die tamatie en borrie. Of jy kan dit fyntjies alles opsny en meng. Nou neem jy jou groot swaarboompot en verhit drie lepels botter en 'n lepel olie daarin. Wanneer dit mooi warm is, voeg die gekneusde kardomom, pypkaneel, lourieblare, naeltjies, peperkorrels en heel droë rooirissie by. Braai nou jou blokkies vleis in klein hoeveelhede tot mooi bruin, en skep op 'n bord uit.

Dis 'n rustige takie, en jy kan tussendeur met die voorbereiding van die groente of slaai begin. Of was solank die rys en plaas in 'n pot met water.

Wanneer jou vleis klaar en bruin is, skep alles uit die pot, en sit die speserye saam met die kalfsvleis.

Nou vir die sous: Voeg twee lepels olie by die oorblyfsels in die pot, verhit en gooi die uiemengsel wat jy eers gemaak het, in die pot. Roer so 'n bietjie tot die waterigheid afgekook het en die mengsel onder in die pot begin vasklou. Sprinkel water by as dit neig om vas te brand.

Nou voeg jy jou klein pannetjie gebraaide speserye by. Kook nog 5 minute, en roer die jogurt bietjie-bietjie by. Die geur raak fantasties.

Plaas die vleis en 'n bietjie sout in die pot, en bedek met genoeg water om die kalfsvleis net-net te bedek. Laat kook, draai die hitte af en prut vir sowat 'n uur tot gaar.

Reg aan die einde sprinkel jy een eetlepel garam masala oor jou korma en kook vir nog 5 minute.

Ek is besonder lief vir dhania - vars koljanderblare - en ek sprinkel 'n lepel vol of wat fyngekap oor die kos net voor dit tafel toe gaan. As jy kan kry, is 'n handjievol gekapte kari-blare ook lekker wanneer die vleis begin gaar prut.

Wat nog hierby? Rys natuurlik, verkieslik basmati-rys, en papadums. Dis groot pret om laasgenoemde te maak, een vir een in vuurwarm olie, maar onthou hulle moet kraakbros tafel toe gaan - jy kan hulle nie voor die tyd maak nie.

As jou gaste hou van warm atjar, bedien die suurlemoen-een, maar bied ook 'n vrugteblatjang aan. Verder gekapte vars tamatie en fyn ulieringe, 'n piesang of drie met 'n skeppie jogurt bo-oor, en dalk 'n fyngekapte komkommer met 'n paar lepels asyn.

Soos ek sê, die kerrie-gereg is nie 'n warm een nie, en die wat dit so natuurlik verkies, kan natuurlik nog drie of vier rissies byvoeg, of rissiepoeier. Maar dit maak eintlik die fyn smaak van al daardie speserye dood.

Soos alle Indiese kos is die korma eintlik beter as dit 'n dag lank gestaan het.

En probeer gerus lams- of skaapvleis, of selfs 'n bietjie vark. Wat ookal die dag op special by jou vleisman uitgestal word. Onthou net dat jou gereg langer sal moet kook om gaar te word.

## Legends, legends, legends ...



*Die legendariese musiekspel 'Legends' kom Jo'ies toe. Met Lisa Melman, Steve Walsh en Barbara Tellinger. Met Jim Morrison, Greta Garbo, Charlie Chaplin, Marilyn Monroe. Blues, jazz, reggae, rock. Didi Kriel, Kai, Rueben Samuels. In Ziggie's se Teater-restaurant, Hotel Ascot, Grantlaan, Norwood. Tel: (011) 483-1211. Van 2 Desember af*

*BJ Lankwarden se wynrubriek verskyn weer volgende week*


VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN

OESJAAR 1980 VINTAGE

## Vrygestel op aandrang van die publiek.

Douglas Green se St. Augustine is in 1980 met blydskap ontvang deur die mense met onderskeidingsvermoë. Hulle het besef dat dié wyn wonderlik gaan verouder.

Gevolglik is daar (na nogal moeilike beraadslaging) besluit om 'n sekere hoeveelheid te reserveer.


Nou het dit tyd geword om die vreugde hiervan te smaak.

Hierdie heerlik volronde wyn is gebore in 'n jaar wat legendaries is vir die rooi kultivars wat St. Augustine bevat.

Die Pinotage is gekenmerk deur hoë suikergehalte en robuustheid. Die Cabernet het puik suiker-suur verhoudings gebied. Die Tinta Barocca 'n wonderlike dieprooi kleur. En die Shiraz 'n subtiele geur.

Maar die groot prestasie van hierdie wyn is dat nie 'n enkele kultivar oorheers nie. Die eindresultaat vorm 'n werklik harmonieuse geheel – met 'n alkoholvlak van 12,62, 'n pH van 3,68 en 'n suurgehalte van 5,15 g/ℓ.

Dit is nou werklik 'n wyn waarvoor mens maar kon gewag het. Nóg tien jaar as dit nodig was.



ST. AUGUSTINE

MATURED FOR YEARS IN WOOD

Douglas Green

750ml WINE OF ORIGIN - COASTAL REGION A62

Ons wyne sê dit al's.

VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN



dié week by die
## MARK-TEATER

*MARK-TEATER*

*SAKHILE - 10e verjaardagkonsert -*
*Tot 24 November*

*Ma tot Vr 8.30nm Sa 2 en 6nm en 9.30nm*

upstairs by die MARK-TEATER

Ma - Vr: 8:15nm. Sa: 6.15nm & 9:15nm

ANDREW BUCKLAND
in
sy 'Between the Teeth'
Regie: Janet Buckland
Tot 8 Desember

**DIE LAAGER**

**Barry Berk se HANNA HANNA EK SÊ - Regie deur CLARE STOPFORD**

**'N LIGTE, EIETYDSE KOMEDIE' Met Zane Meas, Li Newman en Megan Wilson**

**Ma tot Vr 8.15nm; Sa 6nm & 9nm**

**MARK-GALERYE**

Staffrider-tentoonstelling van fotografie en kuns

Telefoon 832-1641


**Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040**

**Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm. Kersfees-mark: Laatnaginkope elke Saterdagaand in Des en So 23 Des**

***Warehouse by die Mark-Teater***

**Patrick Mynhardt in *'Just Jerepigo'*-**

**'Bosman en Mynhardt - 'n genotvolle resep' -**
Tot 8 Des
Di tot Sa 8nm, aandete 7nm



## Aaklige Alda

"I never thought I would hate Alan Alda," sê een van die Golden Girls nou die aand. Dis waar. Alan Alda, die man wat ons almal ken en liefhet as Hawkeye Pierce in "MASH", raak by die dag meer ondraaglik. Hy is die skrywer, regisseur en ster van "Betsy's Wedding", nog 'n komedie oor die lief en leed van die middelklas.

Die suksesvolle televisie-regisseur wat Woody Allen in sy "Crimes and Misdemeanours" aan die kaak gestel het, het waarskynlik meer as een biografiese feit bevat. Alda se onstuitbare optimisme en onoorwinlike vreugdevolheid is hopelik nie aansteeklik nie.

Sien die gatkruiperige glimlag op sy gesig hierbo. Bly maar veiligheidsonthalwe weg.

*- AV*

# In aapstreke bevange

***REPORT TO AN ACADEMY***
***Deur Franz Kafka***
***Met Sam Williams***
***Verwerking en regie: Mario Schiess***
***In die Baxter-Ateljee***

*ARNOLD BLUMER*

1962 Berlyn: Die geniale akteur Klaus Kammer speel onder die regie van Willie Schmidt Kafka se aap wat 'n uitweg soek uit sy dierlike bestaan en dus noodgedwonge mens word. Die Duitse publiek is gaande. Twee dekades en baie ander Duitse aapvertonings later doen Marius Weyers dit ook en oes groot lof in. En nou is dit Sam Williams se beurt. Die dekor is dieselfde soos destyds in Berlyn: dieselfde hoë lessenaar met glasblad en hoë stoeltjie daaragter, albei vasgebout aan die vloer, dieselfde grimering, dieselfde kuggende aaplaggie op presies dieselfde plekke waar Kammer ook gelag het (daar bestaan plaatopnames van Kammer se vertoning).

As daar iets is soos plagiaat in die toneelwêreld, dan kom hierdie vertoning baie naby daaraan. En hoekom word Willie en Edwin Muir se Amerikaanse vertaling, waarop Schiess se teksweergawe hewig steun, nie in die program genoem nie? Net omdat hy die inleidende "Honored Members of the Academy!" verander het na "Honoured Comrades of the Academy"?


Sam Williams praat en speel te vinnig. Kafka se teks oor hoe aapagtig die mensdom geword het en hoe menslik ape kan wees, moet woord vir woord geproe kan word. Die teks is so dig dat weggooilyne onverstaanbaarheid tot gevolg het. Dit lyk asof dit in hierdie opvoering daarom gaan hoe goed 'n akteur 'n sjimpansee kan na-aap, in plaas van andersom: hoe geloofwaardig kan 'n sjimpansee sy menslikheid voorstel. Dit verg van die akteur 'n verdere dimensie: hy moet eers dier word, om dan te kan wys wat menslikheid beteken. Hier skiet Williams en sy regie tekort. Hulle bly in aapstreke bevange.

Nogtans is dit die moeite werd om Kafka se teks siende te beluister.



*Kevin Bacon en Julia Roberts in 'Flatliners'*

# Ejaculating bigoted banter Clay-style



*Vuilbek Andrew Dice Clay*


WHEN the use of foul language in public was still subversive, stand-up comic Lenny Bruce demonstrated the therapeutic value of profanity. His incisive comedy acted as a litmus test for sexism, racism, anti-semitism and homophobia, showing up the hypocrisy of American society. For his pains he was persecuted and harrassed by the police.

Enter Andrew Dice Clay and suddenly the rules have changed. In the America governed by the spirit of the Wasp moral majority, white boy Clay ejaculates his bigoted banter with impunity. A comic-strip incarnation of Clay can be seen bulldozing his way through the crudest film on circuit. If you like crude, this is your dude.

"Ford Fairlane" concerns the inept investigations of a music industry detective from Brooklyn. Blatant, old-style sexism, macho-heroics and rabid racism stand in for humour here.

"So many arseholes, so few bullets," - one of Fairlane's more effective one-liners could well be used on him. On second thoughts, if I had a choice between Alan Alda and Andrew Dice Clay, I'd have Clay any day.

*- AV*



***Die Theatre Voltaire bied Sondagaand die hoogtepunte van hul teaterjaar aan. Die stukke sluit in Gideon de Wet en Sue Marshall se 'Inmates', Melinda Ferguson se '91/2 Minutes' en Robert Colman (bo) se 'Standup'. Ian Fraser tree as genooide gas op. William Kentridge se nuwe prent word vertoon, asook Lance Gewer se 'Brave New World'. Hierdie is die Theatre Voltaire (Junction Nagklub, h/v Claim- en Breestrate, Johannesburg) se laaste opvoering vir die jaar en sal weer in Januarie begin funksioneer. Deure maak 7.30nm oop***

# Spookstories

DIE Amerikaners het die buitenste ruim rolprentgesproke gekoloniseer. Nou vaar hulle op tipiese Imperialistiese en xenofobiese manier die nadoodse wêreld ook binne met "Ghost" en "Flatliners". Dit is deesdae mode om die onomkeerbaarheid van die dood te bevraagteken. Trouens, die filmmakers is die self-aangestelde ouderlinge van die kerk van die 90's - die rolprentsaal.

Dié kêrels kry die geleentheid om diepsinnige kwessies oor goed en kwaad te bespreek en moralisties uit te vaar teen wat hulle as kwaadwillig sien. Hulle beskouing van religieuse, filosofiese en metafisiese beginsels is hoogs arbitrêr en wispelturig. Dit is duidelik uit "Ghost" en "Flatliners" dat dit nie die filmmakers se doel is om suiwer filosofiese argumente te voer nie, maar bloot om gehore te paai.

"Ghost", waarin Patrick Swayze sy lyf spook hou, is Amerika se somer-lokettreffer en gewilde, kommersiële vermaak op sy heel walglikste. In die eerste plek buit dit stadsmense se paranoia oor geweld uit - Swayze se karakter word op straat vermoor. Hy verkeer in 'n soort limbus (voor hemel of voorhels) en van daar af los hy sy eie moord op. Dis 'n vermaaklike konsep en bied geleentheid vir grapperige tonele, maar die voorstelling van Swayze se hemelvaart en die villains se hellevaart is genoeg om enige dominee 'n hartaanval te gee.

## Flatliners

En om die gelowiges verder om te krap is "Flatliners". As gesofistikeerde horror movie is "Flatliners" nie sleg nie. Joel Schumacher, die regisseur van "St Elmo's Fire", stel meer in ambience belang as in geloofwaardigheid. Uitspattige beligting en pretensieuse dekor is die raam om wat uiteindelik net 'n preek is, 'n waarskuwing dat ons nie sonder om gestraf te word met die dood of met die allemagtige kan flankeer nie.

'n Groep aspirant yuppie mediese studente doen in die geheim navorsing oor "near death experiences". Met behulp van mediese toerusting maak hulle beurte om te ervaar wat anderkant die dood lê.

Daar anderkant kom hulle elkeen te staan voor ou sondes en wanneer hulle weer "lewe" ondergaan hulle 'n vreemde persoonlikheidsverandering omdat hulle skielik rondloop met 'n skrikwekkende skuldgevoel. Op 'n psigo-analitiese vlak handel die prent oor die verwoestende uitwerking van skuld op die psige en die "near death experience" is die simboliese uitbeelding van terapie.

Die prent misluk omdat Schumacher eerder 'n rabbi wil wees as 'n sielkundige. Hy moraliseer en onderwerp sy karakters aan byna Bybelse donder en bliksem. "In hulle soeke na kennis, ontdek die vyf karakters die diepsinnige gevolge van hul poging om met onsterflikheid te peuter." Klink nogal soos die Bybel se bangmaakstories, nè? Miskien is Schumacher 'n reïnkarnasie van die skrywer van Genesis.

## Haunted Summer

Die Tsjeggiese regisseur Ivan Passer se "Haunted Summer" handel nie oor nadoodse evaringe nie. Die spoke in dié sakkarine-soet prent bewoon die hoofkarakters se ooraktiewe verbeeldings en word opgeroep deur middel van opium. Gegrond op Anne Edwards se feministiese vertolking van die ontmoeting in Italië van die romantiese digters lord Byron en Percy Bysshe Shelley, die skrywer May Wollstonecraft Godwin (later Shelley en die skrywer van "Frankenstein"), haar half-suster Claire Clairemont en dr John Polidori, is "Haunted Summer" meer selfbewus en minder prettig as "Ghost" en "Flatliners".

Na verneem word was die ontmoeting van die groot skeppingsgeeste in 1816 in die Villa Deodati 'n intense emosionele ervaring ... en die geleentheid vir 'n hedonistiese en skynbaar gevoellose Byron om uiting te gee aan sy libido. Volgens die draaiboekskrywer sou die prent "fokus op die aard van kwaad." Byron het kwaad gesien as 'n mag buite die beheer van die mensdom, terwyl Shelley dit gesien het as 'n skepping van die mensdom en sy/haar instellings. Duidelik het die literêre en filosofiese uitgangspunt van die projek vir Passer ondergekry.

Buiten 'n paar skitterende vertolkings deur veral Laura Dern en Phillip Anglim (as Byron), is die prent meer spookasem as substance.

*- ANDREA VINASSA*

## Season of specials

CAPE TOWN producer Org Potgieter's music and dance series, "Musiek Mosaïek", which includes his potentially controversial special on "boeredans", will be screened on TV1 in December and January.

The series will go out in a month that sees a widely divergent array of music specials on TV1, TV4 an M-Net against which Potgieter's "Boeredans en liedjies" will be vying for attention.

M-Net, particularly, is pulling out all the stops in a three-month music festival running to the end of January.

The festival includes live concerts by talents as diverse as Tanita Tikaram, Bruce Springsteen, Belinda Carlisle, Tom Jones, guitar legend Les Paul and the late John Lennon. The former Beatle appears in a concert with the unfortunate title of "John Lennon - Live in New York."

Meanwhile, SABC-TV has a line-up equally diverse: Mango Groove and Des and Dawn Lindberg as well as a range of American and European acts. In December, Belinda Carlisle appears in a concert called "Belinda Live", recorded in 1988, and as a co-host of another show, "Legendary Ladies", in which she and Grace Slick introduce a host of women songsters from the 1960s and 1970s.

A highlight of the music festival is Les Paul: "He Changed the Music", in which the man whose name is stamped on some of the world's finest electronic guitars is paid tribute by B B King, Jeff Beck, Eddie van Halen, Carly Simon and others.

Also in the December leg of the M-Net Music Festival are a Tom Jones Concert, part one of the "De Ja View" (sic), in which soundtracks are set to weird videos, and cartoon cult heroes The California Raisins in a special called "Meet the Raisins."

Meanwhile John Lennon appears on the schedules twice in December in M-Net's live in New York City and in TV4's "Imagine."

"Rock UK", a documentary on British Rock, is lined up for M-Net in January, which will also see Fats Domino in a show called "Blueberry Hill" and the famous concert by the late Roy Orbinson, "Black and White Nights."

TV4's December music specials include Cliff Richard's "Live and Guaranteed", a Mango Groove Special and a Jacaranda Festival. The latter features an Abba impersonation by local singers Lorraine Southwick, Lita Roberts, Jenna Lessing, Tanya Koenderman and Val Lawrence.

The seasonal special on TV4 are "Des and Dawn's Christmas Special" with guests Mara Louw and Abigail Khubeka, a New Year's Eve special featuring local singers and a December 30 concert called "The Other Side of Nashville", which features superstars Bob Dylan, Kenny Rodgers, Jerry Reed, Donny Qualls, Johnny Cash, Willie Nelson, Kris Kristofferson and others.

Foreign stars appearing in their own specials on TV1 in December include Demis Russos, Udo Jurgens, Mareille Mathieu and the Vienna Boy's Choir, while on December 21 "Fast Forward" introduces the first of five special editions devoted to the best pop music of 1990.

The "Musiek Mosaïek" series will be on TV1 in December and January in a Saturday evening slot. It features Lukas Maree, Carike Keuzenkamp and others, while another seasonal TV1 special, "'n Aand van Goue Oomblikke", features the older generation of South African singers and actors.

*- TONY JACKMAN*

## Musiekwedstryd

DIE organiseerders van die tweejaarlikse Oude Meester Musiekprys wat in Oktober 1991 plaasvind, het die wenner van die Komposisie-afdeling aangekondig.

Hierdie vroeë aankondiging stel die wenner in staat om 'n opdragstuk te komponeer, wat dan met die finale konsert op 26 Oktober 1991 die eerste keer uitgevoer sal word.

Die wenner van hierdie kategorie is Etienne van Rensburg, tans besig met sy doktorsgraad in komposisie aan die Universiteit van Pretoria.

Die werk van drie jong komponiste tussen die ouderdom van 18 en 30 is deur prof. Henk Temmingh, dr. Jeanne Zaidel-Rudolph en prof. Charl van Wyk beoordeel.

Die sluitingsdatum vir die ander 5 katogorië (sang, hout/koperblasers, strykers, orrel en klavier) sluit 1 Augustus 1991.

Alle belangstellende musiekstudente tussen die ouderdomsgroepe van 18 en 24 ( sang tussen 18 en 26) mag inskryf.

Vir meer inligting skryf aan die Oude Meester Stigting, Posbus 184, Stellenbosch of skakel (02231) 73480.

# Speel Joan die man of die ba ?

### HANLI VILLIERS skryf oor TV

"JOAN is 'n supermark," sê die skryfster Jeanne Goosen. "Sy stal mos alles uit. En soos almal weet, is daar nie net goeie gehalte in 'n supermark nie." Waarop Joan Hambidge ewe ysig-vriendelik antwoord: "Om my met 'n supermark te vergelyk? Dit is die grootste kompliment wat iemand my nóg gegee het..."

Dit was nie net letterkundiges wat Dinsdagaand oopmond sit en kyk het hoe Joan swaarde kruis met Jeanne op "Antenne" nie. Bitsig, blitsig is geantwoord en terug-geantwoord. Hoewel die program eintlik daarop gemik was om meer te vertel van die vrou agter die gifpen het die vinnige "dialoog" tussen die twee "kollegas" loshande die meeste aandag getrek en bewys Joan is beslis nie die enigste "teef" agter 'n tikmasjien nie!

Wat dié insetsel op "Antenne 2" onderskei het van 'n doodgewone profiel-van-'n-bekende was juis die manier waarop Joan telkens die kans gegee is om te kon antwoord op die heftige op- en aanmerkings oor haar. Die redigeerder en regisseur van Filmmedia het sodoende 'n baie lewendige program gemaak van wat maklik saai kon wees. Maar of hulle daarmee 'n lansie gebreek het vir skrywers in die algemeen? Dit is te betwyfel.

### *Gekibbel*

Soos almal weet, is baie Afrikaanse skrywers hiper-gevoelig en 'n gekibbel ontaard telkens in 'n heftige polemiek wat in elke beskikbare tydskrif en koerant gevoer word - soms na aanleiding van iets heel beuselagtigs. Uitstekend dan dat Joan sê sy wil die skrywers leer om vir hulleself te lag. 'n Tikkie self-spot, 'n tikkie ironie kan wondere verrig vir die valse opgeblase ego. Maar sy bly nie altyd net daarby nie.

Ewe pretensieus is van haar gesê - en nogal as 'n kompliment: "Sy gooi nie net 'n klip in die bos nie. Sy gooi dit deur die bos en tref die man wat agter die bos sit." Overgezet synde: sy speel die man en nie die bal nie. Wat Joan sê sy nié doen nie...

Ook sê Joan sy glo die klein "voetnootjies", die klein ongerymdhede in die Afrikaanse letterkunde moet openbaar gemaak word. Maar wil die publiek régtig weet watter redakteur en skrywer is nie meer "lovers" nie - om haar woorde te gebruik.

Hoe dit ook al sy, Joan is 'n kleurryke figuur in die Afrikaanse letterkunde en een wat 'n mens altyd met 'n skerp tong en 'n ongelooflike werk-ywer sal vereenselwig. Net jammer Johan de Lange, 'n vriend van Joan, het gesê die beeld van "Joan, die teef" is een waaraan sy glo voortdurend bou en wat sy sorgvuldig "bemark". Joan se grootste "bête noir" is immers juis gekunsteldheid... (Vreemd hoe die paar mense wat positief oor haar wou wees haar eintlik meer kwaad as goed gedoen het.)

### *Verkragting*

Geweld op TV en die uitwerking wat dit het op veral kinders was nog altyd 'n onderwerp wat baie aandag trek. Daarom het M-Net dit van die begin duidelik gemaak dat sy dekodeerders spesiale "ouerbeheer"-kontroles het en dat hy gebruik maak van 'n simbolestelsel om kykers - en veral ouers - te waarsku as 'n program 'n oormaat aan geweld sou bevat. Maar beteken dit die kanaal kan nou enige program in enige tyd uitsaai? Al is M-Net 'n betaalkanaal bied hy immers nog steeds televisie vir die hele gesin.

Saterdag om elfuur die oggend, net ná K-TV, is die mini-reeks "A Death in California" her-uitgesaai. Dié reeks het begin met 'n grusame, bloederige en uiters ontstellende verkragtingstoneel. 'n Mens sou dink dié tyd van 'n naweeksoggend, met al die lede van die gesin tuis, is beslis nie die ideale tyd vir só 'n 2-16- program nie - veral nie as dit boonop 'n her-uitsending is. Daarvoor het M-Net mos laataand-kykgleuwe.

En môre word daar weer só 'n reeks om elfuur die oggend vertoon: "Blood and Orchids", wat - ondanks die wreedaardige aanranding van 'n vrou waarmee dit begin - géén ouderdomsperk het nie...

'n Pragprogram die afgelope week en een wat in skrille kontras was met 'n soortgelyke program twee weke gelede was "Two Women in Song", waarin Kate Normington en Tsidii Leloka 'n mens eenvoudig weggevoer het met die totale harmonie tussen hul onderskeie stemme én persoonlikhede.

Dit het egter weer eens die vraag laat ontstaan: wat is die standaarde waaraan musiekprogramme by die SAUK gemeet word? Twee weke gelede is 'n uurlange program met afgryslik oppervlakkige video's en 'n mindere sterretjie, "Marié du Toit: Hier is ek", vertoon. Die feit dat sy 'n Debuut-wenner is, regverdig beslis nie só 'n lang lewensverhaal nie.

Daarenteen is Normington 'n Vita-wenner en die program só ontwerp dat dit suiwer musikale vermaak is - boonop vermaak van die hoogste gehalte, uitgevoer teen die agtergrond van ongewone, verbeeldingryke, boweal smaakvolle stelle, met interessante choreografie en fyn regie. Dit is onmoontlik om te dink dié twee programme is afkomstig uit dieselfde departement.

### *Babette*

Wat die komende naweek se programme betref, is daar een verpligte rolprent, die Deense "Babette se feesmaal" Sondagaand om 9 nm. op TV1., en twee heerlike vermaakprente "The Witches of Eastwick" môreaand om 9 nm. op M-Net en die minder suksesvolle "Agatha" môreaand om 9.30 nm. op TV1.

"Babette se feesmaal" - of "Babette's Feast", soos dit op die algemene kringloop genoem is - is in 1987 vervaardig na 'n kortverhaal deur die Deense skrywer Isak Dinesen, beter bekend as Karen Blixen. Die verhaal speel hom in 1871 af op 'n klein, afgeleë dorpie aan die weskus van Denemarke.

Een stormagtige nag klop 'n Franse vrou aan by die huis van twee oujongnooiens. Sy is op vlug uit Parys en soek skuilplek. In ruil vir slaapplek en kos bied sy haar dienste aan as 'n diensmeisie. Ná baie jare maak 'n onverwagse geskenk dit vir haar moontlik om die dorpenaars vir hul hulp te vergoed: op haar eie, unieke manier. Die middelklas-dorpenaars verstaan nie wat haar gebaar in werklikheid beteken nie; trouens, hulle wantrou die vreemdheid daarvan.

Maar vir Babette, vroeër 'n fynproewer-kok, maak dit nie saak nie. Vir een keer in haar lewe kry sy weer die kans om haar talent ten volle uit te leef: die kunstenaar in diens van sy kuns...

Die vertaling uit Engels is deur Marietjie Longhurst behartig, die regie deur Riana Wilkens en Sandra Prinsloo is Babette se stem.

Die Amerikaanse skrywer John Updike se "The Witches of Eastwick" kan met reg beskryf word as 'n "duiwelse komedie". Jack Nicholson skitter hierin as die charismatiese aarts-minnaar, wat ná 'n séance-sessie deur drie beeldskone vroue onverwags op 'n klein dorpie opdaag. (Cher, Michelle Pfeiffer en Susan Sarandon het nog nooit mooier gelyk nie.)

Maar ná al die pret en plesierigheid van die drie vroue en Jack saam in baddens en tussen ballonne ontaard die fliek egter in 'n komiese riller wanneer die vroue besef dit is moeiliker om van die vreemdeling ontslae te raak as om hom nader te lok. 'n Vriendelike waarskuwing: eet 'n hele paar uur vóór die fliek. Daar is 'n kersie-toneel wat 'n mens se ingewande ruk!

"Agatha" is die fiktiewe weergawe van wat met die speurskryfster Agatha Christie gebeur het in die elf dae waarin sy verdwyn het in 1926. Volgens die fliek wou Christie se man 'n egskeiding hê en is sy na 'n spa in Yorkshire, waar sy geregistreer het onder die naam van haar man se minnares.

Die Amerikaanse resensent Pauline Kael sê dit is seker een van die min flieks waarvan die geheel-indruk té vloeibaar is: al die kamers lyk sag-rokerig en alles wat gebeur, gebeur asof in stadige aksie.


Die enigste uitsondering is Dustin Hoffman, wat Kael beskryf as: "furiously theatrical in the role of 'n preening star journalist of America who trails Agatha to the spa and falls in love with her". Van Vanessa Redgrave, wat Agatha speel, sê sy: "Redgrave has a luminously loony quality as the distraught heroine".

Dit is duidelik dat die romantiese samespel van die amper 7 voet-lange Redgrave en die kleine Hoffman Kael 'n paar keer laat giggel het: "There is a blissful romantic moment when the goddess-tall, swan-necked Agatha responds to the journalist's (previously denied) request for a kiss by coiling over and down to reach him."

Kyk ook uit vir Timothy Dalton wat 'n sterk, komiese vertolking gee "as the husband, exhausted by his wife's high-powered sensitivity".


Ná die eindeloos-vervelige "Men" sal enigiets verwelkom word. "Rescue 911", wat in die plek daarvan môreaand om 8:30 nm. op TV1 begin, is egter 'n verrassing en by tye hoogs opwindend. Wat dié reeks anders maak, is dat dit die werklike ervarings uitbeeld van 'n reddingseenheid in Amerika, soms met die hulp van filmmateriaal en bandopnames, soms met die hulp van die werklike slagoffers.


# *Between the teeth...*




*^&***&*&%$#@!!&^&$#@!~~!@!@%&*()_+&*&^*&)!(&&* - Andrew Buckland!*

***'In Bethuli het daar 'n man oorkant ons gewoon. Hy het 'n MG-sportmotor gery en 'n silwer lighter gehad en sulke pragtige dik meidebekruiper skoene gedra en soos 'n sanger gelyk. Hy was my god. Toe sê hy hy gaan 'n tandarts in Amerika word en ek wil toe ook 'n tandarts wees.'***







*Foto's: Lise Joubert*

# Oom Schalk vertel...

**PATRICK MYNHARDT speel reeds 38 jaar lank toneel en op 58 sê hy hy weet boggerôl van die lewe en moet toneel speel om die kak uit sy sisteem te kry. PEARLIE JOUBERT het met dié veteraan-akteur gaan praat wat nou in 'Just Jerepigo' by die Mark-Warehouse op die planke is**

**Hoekom speel jy toneel?**

Omdat ek niks anders kan doen nie. Ek het per ongeluk 'n akteur geword. Akteurs is verskeurde mense - ek is. As ek nie toneel gespeel het nie sou ek totaal waansinnig gewees het en seker in 'n malhuis.

Ek het die terapie van toneel speel nodig. Ek moet die kak uit my sisteem uitspeel. Dit is asof mens 'n siekte binne jouself het.

Ek wil mense entertain en happy maak. Vir hulle laat lag en huil en identifiseer met wat ek opvoer.

Die huil is ook belangrik: 'n mislukte love-affair is lieflik. Ek huil my gat af. Life can be so beautiful, so sad, so stupid. Mense is net so - beautiful, sad en stupid.

**Watse terapie bied toneelspel?**

Dit is om uit Patrick Myhardt uit te gaan en King Lear of Ampie of sy donkie te word. Om anders te wees as wat ek self is.

**Wanneer en hoekom het jy begin toneel speel?**

Ag, ek was nog altyd 'n vreeslike drama-queen. Ek het altyd vir almal stories vertel en stories aangedra.

Dalk het my Rooms-Katolieke, Ierse ma en Afrikaanse pa iets daarmee te doen.

Ek en my ouers was van kleins af betrokke by mense. In Bethuli, in die Vrystaat waar ek vandaan kom, het ek alles van elke blêrrie mens se lewe geweet en was ek emosioneel daarby betrokke. Ek het geweet wie's dood en hoekom - Santie se pa het in 'n gaffel beland en dan het ek dae lank gerou en in die begraafplaas rondgedwaal.

Dalk ook die Rooms-Katolieke misse met die wierook en magic.

Ek het 'n hasie gehad en toe is die ding dood. Ek het 'n manel aangetrek en, jirre, het vir fokkin dae lank gepreek oor die dooie hasie.

My wêreld was nog altyd net make-believe.

Die rondreisende Afrikaanse toneelgeselskappe was ook wonderlik. Ek het die gordyn vir hulle oop- en toegetrek. Dit was wonderlik. En daar was toordokters wat "Aggelaai-maggelaai, tarragie-tarragoe" gesê het en dan vlieg daar 'n duif uit sy dinges uit. Dit was magic. Die sirkusse was die wonderlikste.

**Waar het jou toneelloopbaan begin?**

In 1953 het ek by die Nasionale Teater Organisasie (NTO) aangesluit en vir 'n jaar en 'n half het ek in elke dorpie en elke gehuggie in Afrikaans opgevoer.

**En voor dit?**

Was ek vir drie mislukte jare op Rhodes Universiteit.

**Hoekom mislukte?**

Op skool was ek die loner en die drop-out. My pa was 'n briljante dokter, maar hy is dood toe ek jonk was. Daarna het ek altyd gewonder wat de hel ek gaan doen.

Ek het gedroom om wonderlike huise, fabrieke en wonderlike motors te bou. Alles drome.

In Bethuli het daar 'n man oorkant ons gewoon. Hy het 'n MG-sportmotor gery en 'n silwer lighter gehad en sulke pragtige dik meidebekruiper skoene gedra en soos 'n sanger gelyk. Hy was my god. Toe sê hy hy gaan 'n tandarts in Amerika word en ek wil toe ook 'n tandarts wees.

Die hoof van die Dental Faculty op Wits was 'n vriend van my pa en het gesê hy sal my help, maar dan moet ek matriek in die eersteklas slaag en matesis deurkom. Toe kry ek tweede klas en dop matesis.

**En toe eindig jy op in Rhodes?**

Ek is toe Rhodes toe en het Afrikaans en Nederlands, Engels, Ekonomie en Chemie geswot.

Wat weet ek van Chemie? Ek het gereeld die fokkin labaratorium laat ontplof. Dit was 'n chamber of horrors met buisies en pipette en burette...

Maar ek het 60 persent vir my eerste toets gekry, want ek kon al die kak memoriseer, maar het nooit geweet wat dit beteken nie.

Ek was die enigste Afrikaanse, Rooms-Katolieke Nasionalis in Grahamhouse Rhodes University en was 'n helse Nat gewees. Ek het die Afrikaners teen die Engelse verdedig en die Katolieke teen die Protestante en die Jode teen almal en ek het elke argument gewen. Hulle het toe vir my gesê: Mynhardt jy is briljant. You've got the gig of the gag. You must become a barrister.

En ek het groot idees gekry om in die politiek in te gaan of 'n lawyer of iets te word. Dit was die grootste fokop. Ek wou elke tweede dag selfmoord pleeg en daai Konstitusionele reg, Strafreg ENSOVOORTS het my net só depressief gemaak.

**Is jy nou nog 'n helse Nat?**

Ek is nou 'n Suid-Afrikaner.

**Maar, waar het jy begin speel?**

Op Rhodes het ek begin amateurtoneel speel en wou by 'n sirkus aansluit om 'n boek oor 'n lesbian en 'n python en 'n luislang en 'n dwergie met bakbene en groot boude en 'n Italiaanse sweefartiste en 'n selfmoord te skryf. Dit was die soort van kak waarmee ek in my kop rondgeloop het.

Ek het nooit die boek geskryf nie, maar wil toe eerder by 'n sirkus gaan werk. Boswell-sirkus het my 'n job aangebied, maar gelukkig het hulle my ook 'n job as akteur aangebied. Ek word toe maar eerder 'n akteur as 'n drol-opteller van sirkus-kamele...

**Jy was vir ses jaar in Engeland waar jy toneel gespeel het. Hoekom het jy teruggekom?**

Ek het gelees dat Verwoerd deur Pratt geskiet is. Toe was dit Langa en Sharpeville en Soweto. Een oggend was daar in London se strate bannier-opskrifte: State of Emergency. Toe pak ek my tassies om self te kom kyk wat gebeur het.

Ek was bang en wou self kom sien wat met die land gebeur.

**As jy weer van voor af kon kies, sou jy weer só kies?**

Daar is niks anders wat ek sou doen nie. Ek kan nie tuinmaak nie, ek kan nie deurknoppe regmaak nie. Ek kan net toneel speel.

Ek het dit geniet, maar as jy my vra of ek dit weer sal doen, sê ek nie maklik ja nie.

Tot vandag toe word ek soms in die nag in 'n koue sweet wakker en dink, jirre, wat het ek met my lewe gedoen: Baarde geplak, make-up opgesit, vermom...

Maar, wat anders kan ek doen? Ek is nie mal vir gholfspeel nie, ek kan nie pansies laat groei nie, ek gooi nie darts nie.

**Hoekom nie?**

Ek hoop daar is na die dood 'n ander avontuur. Nuwe dinge.

**Het jou ouers ooit besware gehad teen jou akteur-word?**

Ja, hulle was baie teleurgesteld. Ek was die groot mislukking in die familie. Akteurs was mos drug addicts en homosexuals.

In Bethuli was ek 'n Roomse-gevaar. In Oos-Londen, waarheen ons later verhuis het, was ek dirty Dutch. My ouers moes dit seker verwag het.

**Hoekom speel jy so baie in van Herman Charles Bosman se werk? Het jy 'n spesiale verstaan gehad van die mense en omstandighede waarvan hy geskryf het?**

Ek dink so. Dié understanding het ek gekry in Bethuli. Bosman het geskryf oor Suid-Afrikaners - hoewel Swartruggens, Mariko, Zeerust en Mafeking die omgewing was waaruit hy geskryf het, kon die mense net sowel in Namakwaland gewoon het. Dit het ek verstaan en my reise deur die land het dié dinge vir my duidelik gemaak.

Bosman se goed was nie Kaaps nie. Dit is nie piss-elegance English Capetonian Constantia-kak nie. Dit is ook nie Durban nie. Dit is Vrystaat of Transvaal, Kalahari of Namakwaland en ek ken dit.

**Jy het nog nooit "protesteater" gedoen nie, maar die veilige stukke opgevoer...**

Ja, protesteater maak my nogal gatvol. Verlede jaar het ek die pa in Houd-den-Bek gespeel. Dit was oor die onregte van dié land, maar dit was nie protesteater nie. Dit was net oor die wrongs we have done.

**Kritici sê jy is te teatraal?**

Ja, dit kom van my Roomse-gevaar-ma af. Sy't vreeslik party gehou en gerook en gedrink en baie gelag en mense laat lag en almal was mal oor haar. Sy het gholf gespeel en was die burgemeester op Bethuli.

Ja, dit was ook die blootstelling aan die rondreisende geselskappe - ek het na hulle op die dorp was, myself vir weke ingeleef in hul rolle en ek en my vriende het dan vir weke daarna nog geact.

Ja, ek is een met 'n sense of occasion.

Ek was nou nie 'n closet queen-pansy wat gesit en dollies hekel het in die kakhuis nie. Ek het ook berggeklim en kleilat gegooi.

**Wat was jou beste stuk?**

Ek weet nie. Almal vra, maar daar was so baie.

**Word jy die karakters wat jy speel vir daardie tydperk?**

Ek dink mens probeer die karakters word, maar jy weet later nie meer wanneer jy die karakters is en wanneer jy hulle nie is nie.

Karakters gaan nie in my brains in nie. Dalk is ek net onbekwaam, maar ek dink mens los jou karakters in die kleedkamers.

**Het jy ooit 'n spesifieke karakter vertolk wat jou meer as al die ander aangegryp het?**

In 1961 was een my eerste rolle Cecil John Rhodes. Ek het die vreeslikste pyne in my regterlong ontwikkel terwyl ek dié rol vertolk het.

Ek is nege maal ondersoek, maar hulle kon niks fout vind nie. Toe lees ek dat Rhodes 'n regterlongkwaal gehad het. Dalk het dit 'n psigosomatiese indruk op my gemaak.

**Watter stukke het jy nie gedoen nie waaroor jy spyt is?**

Hamlet, Othello en Macbeth.

**Jy is getroud en geskei, jy't baie gerook en gedrink en opgehou. En nou glo jy nog in God ook. Was daardie tye mislukkings?**

Dit klink dalk verwaand, maar ek weet nie of dit foute was nie.

Ja, ek't getrou met iemand twintig jaar jonger as ek en ons het 'n seun gehad en toe verlaat sy my. Ek is nie spyt daaroor nie, maar dit was seker 'n mislukking.

En ja, ek het gesuip. Toe hou ek op. Ek is nie spyt daaroor nie.

Ek is te dom. My lewe is my toneel, my twee honde, my kind en my Norwood-huis.

# DIE WEEK SE TV

## VRYDAG 23

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Health Week
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Opvoedkundig
3.00 The Best Is Yet To Come
3.30 The Raccoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Another Life
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.05 Star Trek
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Vendetta
10.30 Die nuwe lid vir Illinois
11.30 Patsy Gallant
11.55 Oordenking

### TV2
4.13 The Electric Grandmother
5.57 Festival Mondial du Cirque
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Shoppers Surprise
8.01 Video Juke Box
8.45 Nuus

### TV3
4.13 The Electric Grandmother
5.57 Festival Mondial du Cirque
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Shoppers Surprise
8.01 Video Juke Box
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Topsport
9.04 Cocoon
11.08 MASH
11.35 Muzik a la Carte

### M-NET
10.30 The Offence
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Starcom
4.15 The Super Mario Bros
4.40 Eko-boffins
5.00 Hot Hits
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.27 Hyperama Price-Busters
6.30 The World of National Panasonic
Intekenare
7.00 Fatso
8.40 In-Shape eindrondes
9.00 Heartbreak Ridge
11.10 Until September
12.30 Thunderball

## SATERDAG 24

### TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Daar's hoop
6.30 Landbou
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundig
11.00 Oskapades
11.10 Die Waaghals
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Wiesewysie
7.05 Hardcastle en McCormick
8.00 News
8.35 Rescue 911
9.30 Agatha
11.15 TopSport
1.00 Epilogue

### TV2/3
11.00 Opvoedkundige programme
3.00 TopSport
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.01 Speletjieprogram
8.00 Top 20

### TV4
6.00 Mr Belvedere
9.03 Skattejag
10.05 Murphy Brown
10.32 Hunter
11.20 After Hours

12.04 TopSport

### M-NET
7.00 K-TV
11.00 Blood and Orchids I
12.30 Blood and Orchids II
2.00 Bon Voyage
2.30 When a River Hurts
3.00 The World of National Panasonic
4.00 Motorsport News
4.30 Rugby
5.00 Sokker
Ooptyd
6.00 Nog sokker
6.45 Boks
Intekenare
7.00 The Rich and Famous 1990 World's Best
8.35 Cover Story: Robin Leach
9.00 The Witches of Eastwick
11.05 Hot Hits Special
12.05 Tender Mercies
1.55 9 1/2 Weeks

## SONDAG 25

### TV1
12.30 Music and the Spoken Word
1.00 Tao Tao
1.25 Zet
1.30 Chip 'n Dale
2.00 It's Your Twentieth Anniversary, Charlie Brown
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.40 Beyond 2000
5.30 Impetus
5.45 Streetwise
6.05 Life Style
6.35 Thy Kingdom Come
7.00 50/50
8.00 Nuus
9.00 Babette se feesmaal
10.35 Lig vir die wêreld

### TV2
12.01 TopSport
5.57 National Geographic Explorer
6.30 Nuus
6.45 Ondersoekprogram
7.01 Imibono
7.21 Koormusiek
7.50 Masakhane
8.10 Masimdumise

### TV3
12.01 TopSport
5.57 Ocean Dreams
6.30 Nuus
6.45 Ondersoekprogram
7.01 Mahlasedi a Tumelo
7.50 Koormusiek
8.40 Le Reng?

### TV4
10.00 Impressions
12.00 TopSport
9.04 I'll Cry Tomorrow
11.06 Roy Orbison and Friends
12.10 TopSport

### M-NET
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Garfield
2.00 Mac and Mutley
2.30 The Adventurer
3.00 The Adventurer
4.45 Women of the World
5.30 Cover Story: Angela Lansbury
Ooptyd
6.00 China Beach

Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Supersense
8.30 A Stoning In Fulham County
10 10 Tennis

## MAANDAG 26

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Showbiz
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Educational
3.30 Hattytown Tales
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Webster
5.00 Innovations
5.15 Lassie
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 The Ann Jillian Show
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 Beste Professor
10.50 Die Vlieënde Hollander
11.40 Oordenking

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Care Bears
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Police File
7.45 S'Gudi S'Naysi
8.15 Nuwe video's
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Care Bears
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Police File
7.45 After 8
8.15 Gospelmusiek
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Head of the Class
9.31 Wiseguy
10.26 Unsolved Mysteries
11.19 Dirty Dancing

### M-NET
10.30 Until September
12.00 60 Minutes: After The Flood
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Sport-Billy
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Bush Beat
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Duet
Intekenare
7.00 Commandos of Conservation

8.00 Natural World: Splashdown
9.00 The French Lieutenant's Woman
11.10 The Offence

## DINSDAG 27

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Science and Technology
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig
3.30 Professor Fossie
3.45 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Die ander ek
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 Huis Nightingale
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 University of the Air
11.50 Evening Prayer

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.36 Cross Over
4.52 Towser
5.57 Cadichon
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Tydskrifprogram
8.15 Gospelmusiek
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.36 Cross Over
4.52 Towser
5.57 Ke Bophelo
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Tradisionele musiek
7.40 Lesilo Rula
8.20 Nuwe video's
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 The Comedians
11.33 Doogie Howser MD

### M-NET
10.30 Tender Mercies
12.00 60 Minutes: License to Rape
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 The Happy Prince
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The Sunday Times/OK/K-TV Miss Ladybird Special
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 Firewalker

9.00 Twilight Zone
9.30 Hitchhiker
10.00 Sokker
11.00 Like Father Like Son

## WOENSDAG 28

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Style
9.45 Krieket
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Opvoedkundige programme
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 Zapmag
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 The Ropers
8.00 Nuus
9.00 Baasspeurder Faber
10.00 Die Parlementslid se vrou
11.35 Oordenking

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and development
5.57 Izihlabathi Ziyagqibana
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 Tradisionele musiek
7.45 Akukho Nkwal' Iphandel 'Enye
8.15 Pick a Box
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and Development
5.57 Cadichon
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Gold Disc
7.45 Ntome Tsebe
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Captain James Cook
10.06 Night Court
10.37 Deur die Wind

### M-NET
10.30 Outrageous Fortune
12.05 Women of the World
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 The Selfish Giant
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The New Generation
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 The Mission
9.10 The Boss' Wife
11.00 9 1/2 Weeks

## DONDERDAG 29

### TV1
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Future Watch
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig: Mina Moe; Honderd meesterwerke; Cedric the Crow
3.30 Die Kabooters
4.00 Rustelose jare
5.00 Tegnologie vir voorspoed
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 Plekpot
8.00 News
9.00 Hill Street Blues
10.00 Three's a Crowd
10.30 Diagonal Street
11.00 Smithsonian World
11.55 Face to Face

### TV2
4.13 Cedric the Crow
4.25 Countries of the World
4.47 Road to Health
5.57 Kontanga
6.27 Oordenking
6.30 Ondersoekprogram
6.45 Nuus
7.16 526
7.45 Doors
8.15 Jazz
8.45 Nuus

### TV3
4.13 Cedric the Crow
4.25 Countries of the World
4.47 Road to Health
5.57 Dumela
6.27 Oordenking
6.30 Nuus
7.00 Ondersoekprogram
7.16 Reka Mpo
7.45 Di Sa Kopaneng
8.15 Jazz
8.45 Nuus

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.08 Captain James Cook
10.06 Movie Focus
10.40 227
11.07 TJ Hooker
11.54 Rock 'n Roll Palace

### M-NET
10.30 Heartbreak Ridge
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 It's The Great Pumpkin, Charlie Brown
3.50 The Kids of Degrassi Street
4.15 Garfield
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 A Pup Named Scooby
5.55 Jake's Fitness Minute
Ooptyd
6.00 Loving
6.30 Full House
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 48 Hours: Drunk Driving
9.00 Viper
10.40 Mud and Glory
11.00 Dance With A Stranger



*Stéphane Audran in "Babette se feesmaal" Sondagaand op TV1*

# Hoogtepunte:

**Vandag:**
"Heartbreak Ridge" om 9 nm. op M-Net, waarin Clint Eastwood 'n mariniersersant is wat 'n peleton mislukkings moet oplei, is een van Eastwood se beter, snaakser prente.
"Vendetta" om 9 nm. op TV1, die oorgeklankte weergawe van die uitstekende Michael Mann-speurreeks "Crime Story".

**Môre:**
"The Rich and Famous 1990 World's Best" om 7 nm. op M-Net. As jy nie geïrriteerd raak met Robin Leach se oor-ywerige aanslag nie is dit 'n heel opwindende leunstoel-wêreldreis.

**Sondag:**
"Roy Orbison and Friends; A Black and White Night" om 11:06 nm., met musiek van onder andere Orbison, Jackson Browne, Elvis Costello en Tom Waits.

**Maandag:**
"The French Lieutenant's Woman" om 9 nm. op M-Net, met Meryl Streep as sowel die John Fowles-karakter as die aktrise wat haar speel.

**Dinsdag:**
"The Comedians" om 9:04 nm. op TV4, met Richard Burton en Elizabeth Taylor.
"Huis Nightingale" om 7:05 nm. op TV1, as jy hou van verpleegstertjies in kant-nagklere en leotards.

**Woensdag:**
"Night Court" om 10:06 nm. op TV4, altyd 'n komedie-wenner.

**Donderdag:**
Hoogtepunt van die week: die terugkeer van Steve Bochco se "Hill Street Blues" om 9 nm. op TV1.